# Afrikaanse Protestantse Kerk

LIG IN DUISTERNIS

# DIE DRIE FORMULIERE VAN EENHEID

## of

## Die Drie Gereformeerde Belydenisskrifte

# Afrikaanse Protestantse Kerk

# DIE DRIE FORMULIERE VAN EENHEID

of

# Die Drie Gereformeerde Belydenisskrifte

© Kopiereg 2008

*Lig in Duisternis Uitgewers*
Posbus 11488
HATFIELD
0028
www.apkerk.co.za

Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder die skriftelike verlof van die Uitgewer gereproduseer of in enige vorm of langs enige elektroniese of meganiese weg weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, plaat- of bandopname, mikroverfilming of enige ander stelsel van inligtingsbewaring.

Aanhalings uit die Bybel in Afrikaans (1953-vertaling) met toestemming van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika

**Samesteller:** Tissa van Lille
**Setwerk:** Jeanette J van Rensburg
**Gedruk en gebind deur:** Jet Set 2
**Voorbladontwerp:** JJ van Rensburg

Eerste druk: 2008

ISBN 978 186855151-4

# Voorwoord


Toe *Die Drie Formuliere van Eenheid* oorspronklik in 1993 as ’n uittreksel uit die *Kerkboek van die Afrikaanse Protestantse Kerk* verskyn het, het dit in ’n besondere groot behoefte voorsien. Dit was in ’n handige, hanteerbare formaat wat maklik rondgedra kon word. Dit is tydens Verbondsonderrig, by bidure, eredienste en ander samekomste byderhand gehou sodat die leer van ons Kerk maklik nageslaan kon word.

Vir die afgelope paar jaar was dié handige boekie uit druk om verskeie redes. Toe ons oorweeg om dit weer te laat verskyn, het ons ook besef dat die AP Kerk se weergawe van die Besondere Belydenisskrifte uitgebrei gaan word met meer Bybeltekste en was dit dus wys om te wag totdat dié weergawe in die nuwe *Erediensboek vir die Afrikaanse Protestantse Kerk* verskyn.

Die *Erediensboek* het intussen verskyn. Die behoefte aan ’n uitgawe van slegs die *Drie Formuliere van Eenheid* is steeds daar, die aanvraag is groot en die gebruikswaarde is in die verlede reeds bewys.

Hiermee word dié handige gebruiksartikel in ons kerkverband dan weereens tot ons lidmate en ander gebruikers se beskikking gestel. Let daarop dat dit ’n *uittreksel* uit die weergawe van die Formuliere in die *Erediensboek* is. In die *Erediensboek* kry u dus méér inligting – soos die eietydse en klassieke liturgiese formuliere, die Algemene Geloofsbelydenisse, belangrike Geloftes in ons volksgeskiedenis en ’n kort afdeling oor die gereformeerde erediens.

Mag hierdie boekie werklik *gebruik* word – en mag dit lei tot groter kennis van ons gereformeerde kerkleer, tot ’n lewende geloof, en tot die meerdere verheerliking van ons Here se Naam!



HJ Smith
Hoof: Afdeling Publikasies

# INHOUDSOPGAWE

Die Nederlandse Geloofsbelydenis ...................... 113

Die Heidelbergse Kategismus .............................. 147

Die Dordtse Leerreëls ............................................ 195

LW: Die bladsynommers stem ooreen met dié van die
*Erediensboek vir die Afrikaanse Protestantse Kerk*

# AFKORTINGS VAN BYBELBOEKE

**Ou Testament**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Gén. | Génesis | Pred. | Prediker |
| Ex. | Exodus | Hoogl. | Hooglied |
| Lev. | Levítikus | Jes. | Jesaja |
| Núm. | Númeri | Jer. | Jeremia |
| Deut. | Deuteronómium | Klaagl. | Klaagliedere |
| Jos. | Josua | Eség. | Eségiël |
| Rigt. | Rigters | Dan. | Daniël |
| Rut | Rut | Hos. | Hoséa |
| 1 Sam. | I Samuel | Joël | Joël |
| 2 Sam. | II Samuel | Amos | Amos |
| 1 Kon. | I Konings | Obad. | Obadja |
| 2 Kon. | II Konings | Jona | Jona |
| 1 Kron. | I Kronieke | Mig. | Miga |
| 2 Kron. | II Kronieke | Nah. | Nahum |
| Esra | Esra | Hab. | Hábakuk |
| Neh. | Nehemía | Sef. | Sefánja |
| Est. | Ester | Hag. | Haggai |
| Job | Job | Sag. | Sagaría |
| Ps. | Psalms | Mal. | Maleági |
| Spr. | Spreuke | | |


**Nuwe Testament**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Mt. | Matthéüs | 1 Tim. | I Timótheüs |
| Mk. | Markus | 2 Tim. | II Timótheüs |
| Lk. | Lukas | Tit. | Titus |
| Joh. | Johannes | Filém. | Filémon |
| Hand. | Handelinge | Hebr. | Hebreërs |
| Rom. | Romeine | Jak. | Jakobus |
| 1 Kor. | I Korinthiërs | 1 Petr. | I Petrus |
| 2 Kor. | II Korinthiërs | 2 Petr. | II Petrus |
| Gal. | Galásiërs | 1 Joh. | I Johannes |
| Efés. | Efésiërs | 2 Joh. | II Johannes |
| Filip. | Filippense | 3 Joh. | III Johannes |
| Kol. | Kolossense | Jud. | Judas |
| 1 Thes. | I Thessalonicense | Openb. | Openbaring |
| 2 Thes. | II Thessalonicense | | |

Belydenisskrifte
DL: Dordtse Leerreëls
HK: Heidelbergse Kategismus
NGb.: Nederlandse Geloofsbelydenis

# Besondere Belydenisskrifte

## (Die Drie Formuliere van Eenheid)



# Die Nederlandse Geloofsbelydenis

# DIE NEDERLANDSE GELOOFSBELYDENIS

***In 1561 opgestel deur Guido de Brès in samewerking met ander Godgeleerdes, en op die Sinode van Dordrecht [1618 - 1619] eenparig goedgekeur.***

## ARTIKEL 1

### DAT DAAR 'N ENIGE GOD IS

Ons glo almal met die hart en bely met die mond[1] dat daar 'n enige[2] en enkelvoudige geestelike Wese[3] is wat ons God noem: ewig[4], onbegryplik[5], onsienlik[6], onveranderlik[7], oneindig[8], almagtig[9]; volkome wys[10], regverdig[11], goed[12] en 'n alleroorvloedigste fontein van alles wat goed is[13].

[1]Rom. 10:10. [2]Deut. 6:4; Mal. 2:10; 1 Kor. 8:4,6; Efés. 4:6; 1 Tim. 2:5.
[3]Joh. 4:24; 2 Kor. 13:17. [4]Ps. 90:2; Jes. 40:28. [5]Jes. 55:8-9; Rom. 11:33.
[6]Joh. 1:18; Kol. 1:15; 1 Tim. 6:16. [7]Jak. 1:17. [8]Ps. 145:3; 1 Kon. 8:27; Jer. 23:24.
[9]Gén. 17:1; Mt. 19:26; Openb. 1:8. [10]Ps. 139:3-4; Rom. 16:27.
[11]Rom. 3:25-26; Rom. 9:14; Openb. 16:5,7. [12]Mt. 19:17. [13]Jak. 1:17.

Kyk ook Jes. 40, 44 en 46.

## ARTIKEL 2

### DIE MIDDELE WAARDEUR GOD GEKEN WORD

Ons ken Hom deur twee middele. Ten eerste deur die skepping, onderhouding en regering van die hele wêreld, aangesien dit voor ons oë is soos 'n mooi boek[1] waarin alle skepsele, groot en klein, die letters is wat ons die onsigbare dinge van God duidelik laat sien, naamlik sy ewige krag en Goddelikheid, soos die apostel Paulus sê (Rom. 1:20); dinge wat almal genoegsaam is om die mense te oortuig en hulle alle verontskuldiging ontneem. Ten tweede maak Hy Homself aan ons nog duide-

liker en meer volkome bekend deur sy heilige en Goddelike Woord[2], soveel naamlik as wat ons nodig het in hierdie lewe, tot sy eer en die saligheid van wie aan Hom behoort.

[1]Ps. 19:2-5. [2]Ps. 19:8-9; 1 Kor. 1:18-21.

# ARTIKEL 3

## OOR DIE GESKREWE WOORD VAN GOD

Ons bely dat hierdie Woord van God nie gestuur of voortgebring is deur die wil van 'n mens nie, maar die heilige mense van God, deur die Heilige Gees gedrywe, het dit gespreek, soos die heilige Petrus sê (2 Petr. 1:21). Daarna het God deur sy besondere sorg vir ons en ons saligheid, sy knegte, die profete en die apostels, beveel om sy geopenbaarde Woord op skrif te stel[1]; en Hy het self met sy vinger op die twee tafels van die Wet geskrywe[2]. Om dié rede noem ons sulke geskrifte: Heilige en Goddelike Geskrifte[3].

[1]Ex. 34:27; Ps. 102:19; Openb. 1:11,19. [2]Ex. 31:18. [3]2 Tim. 3:16.

# ARTIKEL 4

## DIE KANONIEKE BOEKE VAN DIE HEILIGE SKRIF

Ons vat die Heilige Skrif saam in twee boeke: dié van die Ou en dié van die Nuwe Testament. Dit is die kanonieke boeke waarteen niks gesê kan word nie. Hul getal in die kerk van God, is soos volg: Die boeke van die Ou Testament, naamlik die vyf boeke van Moses, te wete Génesis, Exodus, Levítikus, Númeri, Deuteronómium; die boek Josua, die Rigters, Rut, twee boeke van Samuel en twee boeke van die Konings, twee boeke van die Kronieke, genoem Paralipomenon, Esra, Nehemía, Ester, Job, die Psalms van Dawid, drie boeke van Salomo, naamlik die Spreuke, die Prediker en die Hooglied; die vier groot profete: Jesaja, Jeremia (met ook Klaagliedere van dieselfde profeet), Eségiël en Daniël; en verder die ander twaalf klein profete, naamlik Hoséa, Joël, Amos, Obadja, Jona, Miga, Nahum, Hábakuk, Sefánja, Haggai, Sagaría, Maleági;

die Nuwe Testament: die vier evangeliste, naamlik Matthéüs, Markus, Lukas, Johannes; die Handelinge van die Apostels; die veertien briewe van die apostel Paulus, naamlik aan die Romeine, twee aan die Korinthiërs, aan die Galásiërs, aan die Efésiërs, aan die Filippense, aan die Kolossense, twee aan die Thessalonicense, twee aan Timótheüs, aan Titus, aan Filémon, aan die Hebreërs; die sewe briewe van die ander apostels, naamlik die brief van Jakobus, twee briewe van Petrus, drie van Johannes, die brief van Judas; en die Openbaring van die apostel Johannes.

## ARTIKEL 5

### WAARAAN DIE HEILIGE SKRIF SY AANSIEN EN GESAG ONTLEEN

Al hierdie boeke alleen neem ons aan[1] as heilig en kanoniek om ons geloof daarna te reël, daarop te grond en daarmee te bevestig[2]. En ons glo sonder enige twyfel alles wat daarin vervat is; en dit nie juis omdat die kerk hulle aanneem en as sodanig beskou nie, maar insonderheid omdat die Heilige Gees in ons harte getuig dat hulle van God is[3]; en omdat hulle ook die bewys daarvan in hulself het, aangesien die blindes self kan tas dat die dinge plaasvind[4] wat daarin voorspel is.

[1]1 Thes. 2:13. [2]2 Tim. 3:16-17. [3]1 Kor. 12:3; 1 Joh. 4:6; 1 Joh. 5:6b.
[4]Deut. 18:21-22; 1 Kon. 22:28; Jer. 28:9; Eség. 33:33.

## ARTIKEL 6

### ONDERSKEID TUSSEN DIE KANONIEKE EN APOKRIEWE BOEKE

Ons maak onderskeid tussen hierdie heilige boeke en die apokriewe, naamlik die derde en vierde boek van Esra, die boek van Tobías, Judit, die boek van die Wysheid, Jesus Sirag, Barug, die byvoegsel by die geskiedenis van Ester, die gebed van die drie manne in die vuur, die geskiedenis van Susanna, van die beeld Bel en van die Draak, die gebed van Manasse en die twee boeke van die Makkabéérs. Hierdie boeke

kan die kerk wel lees en ook daaraan onderrig ontleen vir sover hulle ooreenkom met die kanonieke boeke; maar hulle besit nie so 'n krag en gesag dat deur hul getuienis enige stuk van die geloof of van die Christelike godsdiens bevestig kan word nie; nog minder kan hulle die gesag van die ander heilige boeke verminder.

## ARTIKEL 7

### DIE VOLKOMENHEID VAN DIE HEILIGE SKRIF OM ALLEEN DIE REËL VAN DIE GELOOF TE WEES

Ons glo dat hierdie Heilige Skrif die wil van God volkomelik bevat en dat alles wat die mens moet glo tot saligheid, daarin genoegsaam geleer word[1]. Want aangesien die hele wyse van die diens wat God van ons eis, daarin uitvoerig beskrywe is, is dit aan geen mens, al was dit ook die apostels, geoorloof om anders te leer nie as wat ons alreeds geleer word deur die Heilige Skrifte[2]; **ja, al was dit ook 'n engel uit die hemel,** soos die apostel Paulus sê (Gal. 1:8). Want omdat dit verbode is **om iets by die Woord van God by te voeg of daarvan weg te laat**[3] (Deut. 12:32), is daardeur duidelik genoeg dat die leer daarvan geheel volmaak en in alle opsigte volkome is[4]. En geen geskrifte van mense, hoe heilig hulle ook al gewees het, mag met die Goddelike Skrifte gelykgestel word nie, of ook die gewoonte met die waarheid van God nie – want die waarheid is bo alles – of ook die groot menigte of die oudheid of die opvolging van tye of persone of die konsilies, verordeninge of besluite nie[5]; want **alle mense is** uit hulself **leuenaars** (Ps. 116:11) en nietiger as die nietigheid self. Daarom verwerp ons van ganser harte alles wat met hierdie onfeilbare reël nie ooreenkom nie[6], soos die apostels ons geleer het as hulle sê: **Stel die geeste op die proef of hulle uit God is** (1 Joh. 4:1). En ook: **As iemand na julle kom en hierdie leer nie bring nie, ontvang hom nie in die huis nie** (2 Joh. vers 10).

[1]2 Tim. 3:16-17; 1 Petr. 1:10-12. [2]1 Kor. 15:2; 1 Tim. 1:3. [3]Deut. 4:2; Spr. 30:6; Hand. 26:22; 1 Kor. 4:6; Openb. 22:18-19. [4]Ps. 19:8; Joh. 15:15; Hand. 18:28; Hand. 20:27; Rom. 15:4. [5]Mk. 7:7-9; Hand. 4:19; Kol. 2:8; 1 Joh. 2:19. [6]Deut. 4:5-6; Jes. 8:20; 1 Kor. 3:11; Efés. 4:4-6; 2 Thes. 2:2; 2 Tim. 3:14-15.

# ARTIKEL 8

## DAT GOD ENIG IS IN WESE EN TOG ONDERSKEIE IN DRIE PERSONE

Volgens hierdie waarheid en hierdie Woord van God, glo ons in 'n enige God[1], 'n enige Wese waarin drie Persone is, inderdaad en in waarheid en van ewigheid onderskeie volgens hul onmededeelbare eienskappe, naamlik die Vader en die Seun en die Heilige Gees[2]. Die Vader is die oorsaak, oorsprong en begin van alle dinge, sigbare sowel as onsigbare[3]; die Seun is die Woord, die Wysheid en die Beeld van die Vader[4]; die Heilige Gees, die ewige Krag en Moondheid, wat uitgaan van die Vader en die Seun[5]. So nogtans dat hierdie onderskeiding nie teweegbring dat God in drie gedeel is nie, aangesien die Heilige Skrif ons leer dat die Vader en die Seun en die Heilige Gees elkeen sy selfstandigheid het wat onderskeie is deur sy eienskappe; dog so dat hierdie drie Persone maar een enige God is. So is dit dan duidelik dat die Vader nie die Seun is nie, en dat die Seun nie die Vader is nie, dat ook net so die Heilige Gees nie die Vader is nie en ook nie die Seun nie. Intussen is hierdie Persone, so onderskeie, nie gedeel nie en ook nie onderling gemeng nie. Want die Vader het die vlees nie aangeneem nie, ook nie die Heilige Gees nie, maar die Seun alleen. Die Vader was nooit sonder sy Seun[6] of sonder sy Heilige Gees nie; want Hulle is al drie gelykelik ewig in een en dieselfde wese. Daar is nie 'n eerste of 'n laaste nie; want Hulle is al drie een in waarheid, in moondheid, in goedheid en barmhartigheid.

[1]1 Kor. 8:4-6. [2]Mt. 3:16-17; Mt. 28:19. [3]Efés. 3:14-15. [4]Spr. 8:22-31; Joh. 1:14; Joh. 5:17-26; 1 Kor. 1:24; Kol. 1:15-20; Hebr. 1:3; Openb. 19:13. [5]Joh. 15:26. [6]Miga 5:1; Joh. 1:1-2.

(Kyk verder die Geloofsbelydenis van Athanasius.)

# ARTIKEL 9

## DIE BEWYS VAN DIE VOORAFGAANDE ARTIKEL OOR DIE DRIEHEID VAN DIE PERSONE IN EEN GOD

Dit alles weet ons uit die getuienis van die Heilige Skrif[1] sowel as uit hul

werkinge, en veral uit dié wat ons in ons gevoel. Die getuienisse van die Heilige Skrifte wat ons leer om aan hierdie Heilige Drievuldigheid te glo, is op baie plekke van die Ou Testament beskrywe, wat nie hoef getel te word nie, maar alleen met onderskeiding of oordeel uitgekies moet word.

In Génesis 1:26-27 sê God: **Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis ... En God het die mens geskape na sy beeld; man en vrou het Hy hulle geskape.** Ook in Génesis 3 vers 22: **Nou het die mens geword soos een van Ons.** Dit blyk daaruit dat daar meer as een Persoon in die Godheid is as Hy sê: **Laat Ons mense maak na ons beeld;** en daarna wys Hy die eenheid aan as Hy sê: **God het geskape.** Weliswaar sê Hy nie hoeveel persone daar is nie, maar wat vir ons enigsins duister is in die Ou Testament, is baie duidelik in die Nuwe Testament. Want toe onse Here gedoop is in die Jordaan, is die stem van die Vader gehoor wat sê: **Dit is my geliefde Seun** (Mt. 3:17). Die Seun is gesien in die water; en die Heilige Gees het Homself geopenbaar in die gedaante van 'n duif[2]. Verder is ook in die doop van gelowiges hierdie formule deur Christus vasgestel: **Doop hulle** (al die nasies), **in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees** (Mt. 28:19). In die Evangelie volgens Lukas spreek die engel Gabriël tot Maria, die moeder van die Here, aldus: **Die Heilige Gees sal oor jou kom en die krag van die Allerhoogste sal jou oorskadu. Daarom ook sal die Heilige wat gebore word, Seun van God genoem word** (Lk. 1:35). Net so ook: **Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees sy met julle almal** (2 Kor. 13:13). **Want daar is drie wat getuig in die hemel: Die Vader, die Woord en die Heilige Gees, en hierdie drie is een** (1 Joh. 5:7). In al hierdie plekke word ons ten volle geleer dat daar drie Persone is (Efés. 3:14-16) in 'n enige Goddelike Wese. En alhoewel hierdie leer die menslike verstand ver te bowe gaan, nogtans glo ons dit nou deur die Woord, in die verwagting dat ons die volkome kennis en vrug daarvan in die hemel sal geniet. Verder moet ook gelet word op die besondere ampte en werkinge van hierdie drie Persone met betrekking tot ons: Die Vader word genoem ons Skepper deur sy krag; die Seun is ons Saligmaker en Verlosser deur sy bloed; die Heilige Gees is ons Heiligmaker deur sy inwoning in ons harte. Hierdie leer van die heilige Drievuldigheid is altyd gehandhaaf en onderhou in die ware kerk van die tye van die apostels af tot nou toe, teenoor die Jode, Mohammedane en som-

mige valse Christene en ketters soos Marcion, Mani, Praxeas, Sabellius, Samosatenus, Arius en ander dergelike persone wat tereg deur die heilige vaders veroordeel is. Om dié rede neem ons in hierdie saak geredelik die drie geloofsbelydenisse aan, naamlik dié van die apostels, van Nicéa en van Athanásius; en verder wat daaroor deur die ou vaders in ooreenstemming hiermee besluit is.

[1] Joh. 14:16; Joh. 15:26; Hand. 2:32-33; Rom. 8:9; Gal. 4:6; Tit. 3:4-6; 1 Petr. 1:2; 1 Joh. 4:13-14; 1 Joh. 5:1-12; Jud. vers 20-21; Openb. 1:4-5.
[2] Mt. 3:16.

# ARTIKEL 10

## DAT JESUS CHRISTUS WAARAGTIG EN EWIG GOD IS

Ons glo dat Jesus Christus na sy Goddelike natuur die eniggebore Seun van God is[1], van ewigheid af gebore; nie gemaak nie en nie geskape nie[2] – want dan sou Hy 'n skepsel wees – maar eenswesens met die Vader, ewig, soos die Vader, die afdruksel van die Wese van die Vader en die **afskynsel van sy heerlikheid** (Hebr. 1:13), aan Hom in alles gelyk[3]. Hy is die Seun van God, nie alleen van dié tyd af dat Hy ons natuur aangeneem het nie, maar van alle ewigheid af[4], soos hierdie getuienisse ons leer as hulle met mekaar vergelyk word: Moses sê dat God die wêreld geskape het[5], en die heilige Johannes sê dat alle dinge ontstaan het deur die Woord wat hy God noem[6]; die apostel sê dat God die wêreld deur sy Seun gemaak het; en ook dat God alle dinge deur Jesus Christus geskape het[7]. So moet Hy dan wat genoem word God, die Woord, die Seun en Jesus Christus, alreeds bestaan het toe alle dinge deur Hom geskape is[8]. En daarom sê die profeet Miga: **... en sy uitgange is uit die voortyd, uit die dae van die ewigheid** (Mig. 5:1). En die apostel: **Hy is sonder begin van dae of lewenseinde** (Hebr. 7:3). So is Hy dan die ware, ewige God, die Almagtige, wat ons aanroep, aanbid en dien.

[1] Jes. 7:14; Mt. 3:17; Mt. 17:5; Joh. 1:14,18; Joh. 3:16; Joh. 14:1-14; Joh. 20:17,31; Rom. 1:4. [2] Ps. 2:7; Gal. 4:4; Hebr. 1:1; 1 Joh. 5:5,9-12. [3] Joh. 5:18,23; Joh. 10:30; Joh. 14:9; Joh. 17:5; Joh. 20:28; Rom. 9:5; Filip. 2:6,11; Joh. 17:5; Kol. 1:15; Tit. 2:13; Hebr. 1:3; Openb. 5:13. [4] Joh. 8:58; Hebr. 13:8. [5] Gén. 1:1. [6] Joh. 1:1-3. [7] Hebr. 1:2. [8] 1 Kor. 8:6; Efés. 3:9; Kol. 1:16.

# ARTIKEL 11

## DAT DIE HEILIGE GEES WAARAGTIG EN EWIG GOD IS

Ons glo en bely ook dat die Heilige Gees van ewigheid af van die Vader en die Seun uitgaan; dat Hy nie gemaak of geskape of gebore is nie, maar alleen van albei uitgaan[1]; dat Hy in orde die derde Persoon is van die Drievuldigheid, van een en dieselfde Wese, majesteit en heerlikheid as die Vader en die Seun; ja, Hy is waaragtig en ewig God, soos die Heilige Skrifte ons leer[2].

[1]Ps. 33:6; Ps. 104:30; Joh. 14:15-26; Joh. 15:26; Rom. 8:9. [2]Gén. 1:2; Mt. 28:19; Hand. 5:3-4; 1 Kor. 2:10; 1 Kor. 3:16; 1 Kor. 6:11; 1 Joh. 5:6.

# ARTIKEL 12

## OOR DIE SKEPPING VAN ALLE DINGE, MEER BESONDER VAN DIE ENGELE

Ons glo dat die Vader deur sy Woord, dit wil sê deur sy Seun, die hemel, die aarde en alle skepsele uit niks geskape het toe dit Hom behaag het[1]; en Hy het aan elke skepsel sy wese, gestalte en gedaante en verskillende funksies gegee om sy Skepper te dien. Dat Hy hulle ook nou nog almal onderhou en regeer na sy ewige voorsienigheid en deur sy oneindige krag, om die mens te dien, sodat die mens sy God kan dien. Hy het ook die engele goed geskape om sy boodskappers te wees en sy uitverkorenes te dien[2]. Van die engele het sommige uit daardie uitnemendheid waarin God hulle geskape het, in die ewige verderf verval[3], en die ander het deur die genade van God in hul eerste staat volhard en staande gebly. Die duiwels en die bose geeste het só verdorwe geraak dat hulle vyande van God is en van alle goeie dinge[4]. Met al hul mag loer hulle soos moordenaars op die kerk en op elke lidmaat daarvan om alles te verderwe en te verwoes[5] deur hul bedrieërye. Daarom is hulle deur hul eie boosheid veroordeel tot die ewige verdoemenis, en verwag hulle daagliks hul verskriklike pynigine[6]. Derhalwe verwerp en verfoei ons die dwaling van die Sadduseërs wat loën dat daar geeste en engele is[7], en ook die dwaling van die Manicheërs, wat sê dat die duiwels hul

oorsprong uit hulself het en uit hul eie natuur boos is sonder dat hulle verdorwe geraak het.

[1]Gén 1:1; Gén. 2:3; Ps. 34:8; Jes. 40:26; Jer. 32:17; Kol. 1:15-16; 1 Tim. 4:3; Hebr. 11:3; Openb. 4:11. [2]Ps. 103:20-21; Hebr. 1:14. [3]Joh. 8:44; 2 Petr. 2:4; Jud. vers 6. [4]Gén. 3:1-5; Mt. 4:1-11; 1 Petr. 5:8. [5]Lk. 8:26-33; Hand. 5:3; Efés. 6:12; Openb. 12:4,13-17; Openb. 20:7-9. [6]Mt. 8:29; Mt. 25:41; Openb. 20:10. [7]Hand. 23:8.

# ARTIKEL 13

## OOR DIE VOORSIENIGHEID VAN GOD EN DIE REGERING VAN ALLE DINGE

Ons glo dat die goeie God, nadat Hy alle dinge geskape het, hulle nie laat vaar het of aan die toeval of geluk oorgegee het nie[1], maar hulle na sy heilige wil so bestuur en regeer het dat in hierdie wêreld niks sonder sy beskikking[2] gebeur nie, alhoewel God geensins die bewerker is en ook nie die skuld dra[3] van die sonde wat gedoen word nie. Want sy mag en goedheid is so groot en onbegryplik dat Hy sy werk baie goed en regverdig beskik en doen, selfs wanneer die duiwels en die goddelose onregverdig handel[4]. En met betrekking tot die dinge wat Hy doen bo die begrip van die menslike verstand, wil ons nie 'n nuuskierige ondersoek instel na wat ons begrip nie kan bevat nie; maar ons aanbid met alle ootmoedigheid en eerbied die regverdige oordele van God, wat vir ons verborge is[5], en ons stel ons daarmee tevrede dat ons leerlinge van Christus is om alleen te leer ken wat Hy ons aanwys in sy Woord sonder om hierdie perke te oortree[6]. Hierdie leer bied ons 'n onuitspreeklike troos as ons daardeur onderrig word dat niks by toeval oor ons kan kom nie, maar deur die beskikking van ons goeie hemelse Vader, wat oor ons waak met 'n vaderlike sorg en alle skepsele só onder sy heerskappy hou dat nie een haar van ons hoof – **want hulle is almal getel – ook nie een mossie op die aarde kan val nie sonder die wil van onse Vader** (Mt. 10:29-30). Daarop verlaat ons ons, omdat ons weet dat Hy die duiwels in toom hou én al ons vyande, wat ons sonder sy toelating en wil geen skade kan doen nie[7]. En derhalwe verwerp ons die gruwelike dwaling van die Epikureërs, wat sê dat God Hom met niks bemoei nie en alle dinge aan die toeval oorlaat.

[1]Joh. 5:17; Hebr. 1:3. [2]Ps. 115:3; Spr. 16:1,9,33; Spr. 21:1; Efés. 1:11; Jak. 4:13-15. [3]Jak. 1:13; 1 Joh. 2:16. [4]Job 1:21; Jes. 10:5; Jes. 45:7; Amos 3:6; Hand. 2:23; Hand. 4:27-28. [5]Rom. 1:28; 2 Thes. 2:11. [6]Deut. 29:29; 1 Kor. 4:6. [7]Gén. 45:8; Gén. 50:20; 2 Sam. 16:10; Rom. 8:28,38-39.

## ARTIKEL 14

### OOR DIE SKEPPING EN VAL VAN DIE MENS EN SY ONMAG TOT DIE WARE GOEIE

Ons glo dat God die mens geskape het uit die stof van die aarde en hom gemaak[1] en geformeer het na sy beeld en gelykenis, goed, regverdig en heilig[2], in staat om met sy wil in alles ooreen te stem met die wil van God. Maar toe hy in aansien was, het hy dit nie verstaan of ook nie sy uitnemendheid besef nie, maar hy het homself uit eie wil aan die sonde onderwerp en sodoende aan die dood en die vervloeking[3], deur te luister na die woord van die duiwel. Want die gebod van die lewe wat hy ontvang het, het hy oortree, en homself van God, wat sy ware lewe was, deur die sonde afgeskei en sy ganse natuur verderwe. Daardeur het hy hom skuldig gemaak aan die liggaamlike en geestelike dood[4]. En in al sy weë goddeloos, verkeerd en verdorwe, het hy al sy uitnemende gawes verloor[5] wat hy van God ontvang het en niks anders daarvan oorgehou nie as net klein oorblyfsels wat genoegsaam is om die mens alle verontskuldiging te ontneem[6], aangesien al die lig wat in ons is, in duisternis verander[7] het soos die Skrif ons leer as dit sê: **En die lig skyn in die duisternis, en die duisternis het dit nie oorweldig nie** (Joh. 1:5), waar die heilige Johannes die mense duisternis noem. Daarom verwerp ons alles wat hierteen geleer word met betrekking tot die vrye wil van die mens, aangesien die mens niks anders is as 'n slaaf van die sonde nie, en **niks kan aanneem as dit hom nie uit die hemel gegee is nie** (Joh. 3:27). Want wie is daar wat hom sal beroem dat hy uit homself iets goeds kan doen, terwyl Christus tog sê: **Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie trek nie** (Joh. 6:44)? Wie sal hom op sy eie wil beroem, as hy verstaan dat wat die **vlees bedink, vyandskap teen God is** (Rom. 8:7)? Wie sal van sy kennis spreek, aangesien die **natuurlike mens die dinge van die Gees van God nie aanneem nie** (1 Kor. 2:14)? In een woord, wie sal enige bedenking voorbring as hy verstaan **dat ons**

**uit onsself nie bekwaam is om iets as uit onsself te bedink nie, maar dat ons bekwaamheid uit God is** (2 Kor. 3:5)? En daarom moet wat die apostel sê, met reg vir vas en seker gehou word: **dat God in ons werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae** (Filip. 2:13). Want daar is geen verstand en geen wil in ooreenstemming met die verstand en die wil van God nie of Christus het dit in die mens gewerk. Dit leer Hy ons as Hy sê: **Sonder My kan julle niks doen nie** (Joh. 15:5).

[1]Gén. 2:7; Gén. 3:19; Pred. 12:7. [2]Gén. 1:26-27; Efés. 4:24; Kol. 3:10; 1 Petr. 2:9. [3]Gén. 3:16-19; Joh. 8:7; Rom. 5:12. [4]Gén. 2:17; Efés. 2:1; Efés. 4:18. [5]Ps. 94:11; Jes. 59:2; Hand. 14:17; Rom. 3:10; Rom. 8:6-7. [6]Hand. 17:27; Rom. 1: 20-21. [7]Efés. 5:8.

# ARTIKEL 15

## OOR DIE ERFSONDE

Ons glo dat deur die ongehoorsaamheid van Adam die erfsonde uitgebrei het oor die ganse menslike geslag[1]. Dit is 'n verdorwenheid van die hele natuur[2] en 'n erflike gebrek waarmee die klein kinders selfs in die moederskoot besmet is[3] en wat in die mens allerhande sondes voortbring, omdat dit in hom soos 'n wortel daarvan is; dit is derhalwe so lelik en gruwelik voor God dat dit genoegsaam is om die menslike geslag te verdoem[4]. Ook word dit selfs deur die doop nie totaal tot niet gemaak of geheel en al uitgeroei nie, aangesien die sonde gedurig daaruit soos opborrelende water uit 'n onsalige fontein opspring[5]; alhoewel dit die kinders van God nie tot verdoemenis toegereken word nie, maar deur sy genade en barmhartigheid vergewe word[6]; nie om in die sonde gerus te slaap nie, maar dat die gevoel van hierdie verdorwenheid die gelowiges dikwels sou laat sug, sodat hulle kan verlang om van hierdie liggaam van die dood verlos te word[7]. En daarom verwerp ons die dwaling van die Pelagiane, wat sê dat hierdie sonde uit niks anders as uit navolging ontstaan nie.

[1]Rom. 5:12-14,19. [2]Rom. 3:10. [3]Job 14:4; Ps. 51:7; Joh. 3:6. [4]Gén. 6:5; Efés. 2:3. [5]Rom. 7:18-19. [6]Efés. 2:4-5. [7]Rom. 7:24; Rom. 8:23; 2 Kor. 5:2,4,8.

# ARTIKEL 16

## OOR DIE EWIGE VERKIESING VAN GOD

Ons glo dat nadat die ganse geslag van Adam deur die sonde van die eerste mens in verderf en ondergang gestort is[1], God Homself sodanig betoon het as wat Hy is, naamlik barmhartig en regverdig. Barmhartig, deurdat Hy uit hierdie verderf trek en verlos diegene wat Hy in sy ewige onveranderlike raad[2] uit louter goedertierenheid uitverkies het[3] in Jesus Christus, onse Here[4], sonder om enigsins hul werke in aanmerking te neem[5]. Regverdig, deurdat Hy die ander in hul val en verderf laat bly waarin hulle hulself gewerp het[6].

[1]Rom. 3:12. [2]Mt. 20:23; Joh. 6:37,44; Joh. 10:29; Joh. 17:2,9,12; Joh. 18:9. [3]2 Sam. 12:22; Ps. 65:5; Hand. 13:48; Rom. 9:16; Rom. 11:5; Tit. 1:1. [4]Joh. 15:16,19; Rom. 8:29; Efés. 1:4-5. [5]Mal. 1:2-3; Rom. 9:11-13; 2 Tim. 1:9; Tit. 3:4-5. [6]Rom. 9:18-22; 1 Petr. 2:7-8.

# ARTIKEL 17

## OOR DIE HERSTEL VAN DIE GEVALLE MENS

Ons glo dat ons goeie God, nadat Hy gesien het dat die mens homself in die liggaamlike en geestelike dood gewerp en geheel en al ellendig gemaak het, deur sy wonderlike wysheid en goedheid die mens, toe hy al bewende van Hom weggevlug[1] het, opgesoek en getroos het met die belofte om hom sy Seun te gee wat **uit 'n vrou gebore sou word om die kop van die slang te vermorsel** (Gén. 3:15) en hom geluksalig te maak[2].

[1]Gén. 3:9. [2]Gén. 22:18; Jes. 7:14; Joh. 1:14; Joh. 5:46; Joh. 7:42; Hand. 13:32; Rom. 1:2-3; Gal. 3:16; Gal. 4:4; 2 Tim. 2:8; Hebr. 7:14.

# ARTIKEL 18

## OOR DIE MENSWORDING VAN JESUS CHRISTUS

Ons bely dan dat God die belofte vervul het wat Hy aan die voorvaders

gedoen het deur die mond van sy heilige profete[1], deur sy eie, eniggebore en ewige Seun in die wêreld te stuur op die tyd[2] deur Hom bepaal. **Hy het die gestalte van 'n dienskneg aangeneem** (Filip. 2:7) en soos die mense geword deur 'n ware menslike natuur met die swakhede[3] daarvan – uitgesonderd die sonde[4], waarlik aan te neem – en is ontvang in die liggaam van die geluksalige maagd Maria deur die krag van die Heilige Gees, sonder toedoen van 'n man[5]. En Hy het nie alleen die menslike natuur aangeneem vir sover dit die liggaam betref nie, maar ook 'n ware menslike siel, sodat Hy 'n ware mens kon wees. Want aangesien die siel sowel as die liggaam verlore was, moes Hy altwee aanneem om altwee salig te maak. Daarom bely ons – teenoor die kettery van die Wederdopers wat loën dat Christus die menslike vlees uit sy moeder aangeneem het – **dat Christus die vlees en bloed van die kinders deelagtig geword het** (Hebr. 2:14); **dat Hy wat die vlees betref 'n vrug van die lendene van Dawid is** (Hand. 2:30), **gebore na die vlees uit die geslag van Dawid** (Rom. 1:3); **'n vrug van die moederskoot van Maria** (Lk. 1:42); **gebore uit 'n vrou** (Gal. 4:4), **'n spruit van Dawid** (Jer. 33:15); **'n loot uit die wortels van Ísai** (Jes. 11:1), **uitgespruit uit die geslag van Juda** (Hebr. 7:14); **afkomstig van die Jode wat die vlees betref** (Rom. 9:5); **uit die geslag van Abraham[6], aangesien Hy die geslag van Abraham aangeneem het en sy broeders in alle opsigte gelyk geword het, uitgesonderd die sonde** (Hebr. 2:16-17; Hebr. 4:15); en wel só dat Hy waarlik ons **Immanuel is, dit is, God met ons** (Mt. 1:23).

[1]Gén. 3:15; Ps. 132:11; Jes. 7:14; Jes. 9:5; Jes. 11:1-2; Mig. 5:1; Lk. 1:55; Hand. 13:23. [2]Gal. 4:4. [3]1 Tim. 2:5; 1 Tim. 3:16; Hebr. 2:14. [4]2 Kor. 5:21; Hebr. 7:26; 1 Petr. 2:22. [5]Mt. 1:18; Lk. 1:35. [6]Gal. 3:16.

## ARTIKEL 19

### OOR DIE VERENIGING EN DIE ONDERSKEID VAN DIE TWEE NATURE VAN CHRISTUS IN EEN PERSOON

Ons glo dat deur hierdie ontvangenis die Persoon van die Seun onafskeidelik verenig en saamgevoeg is met die menslike natuur[1], sodat daar nie twee Seuns van God of twee Persone is nie, maar twee nature in een Persoon verenig, terwyl elke natuur ewenwel sy onderskeie eienskappe behou. Net soos die Goddelike natuur dan altyd ongeskape

gebly het, **sonder begin van dae of lewenseinde** (Hebr. 7:3), en hemel en aarde[2] vervul, so het ook die menslike natuur sy eienskappe nie verloor nie, maar het 'n skepsel gebly met 'n begin van dae en 'n eindige natuur en met behoud van alles wat aan 'n ware liggaam behoort[3]. En alhoewel Hy daaraan deur sy opstanding onsterflikheid gegee het, het Hy tog die waarheid van sy menslike natuur nie verander nie[4], omdat ons saligheid en opstanding ook van die waarheid van sy liggaam afhanklik is[5]. Maar hierdie twee nature is só saam verenig in een Persoon dat hulle selfs ook deur sy dood nie geskeie was nie. So was dan wat Hy sterwende in die hande van sy Vader oorgegee het, 'n ware menslike gees wat uit sy liggaam uitgegaan het[6]; maar intussen het die Goddelike natuur altyd verenig gebly met die menslike, selfs ook toe Hy in die graf gelê het[7]. En die Godheid het nie opgehou om in Hom te wees nie, soos dit in Hom gewees het toe Hy 'n klein kindjie was, alhoewel dit vir 'n klein tydjie sigself nie so geopenbaar het nie. Om dié rede bely ons dat Hy ware God en ware mens is; ware God, enersyds, om deur sy krag die dood te oorwin, en ware mens, andersyds, sodat Hy vir ons kon sterwe volgens die swakheid van sy vlees.

[1]Joh. 1:14; Joh. 10:30; Rom. 9:5; Filip. 2:6-7. [2]Mt. 28:20. [3]1 Tim. 2:5.
[4]Mt. 26:11; Lk. 24:39; Joh. 20:25; Hand. 1:3,11; Hand. 3:21; Hebr. 2:9.
[5]1 Kor. 15:21; Filip. 3:21. [6]Mt. 27:50. [7]Rom. 1:4.

## ARTIKEL 20

### OOR DIE REGVERDIGHEID EN BARMHARTIGHEID VAN GOD IN CHRISTUS

Ons glo dat God, wat volkome barmhartig en regverdig is, sy Seun gestuur het om die natuur aan te neem waarin die ongehoorsaamheid begaan is, om daarin voldoening te bring[1], en die straf van die sondes deur sy baie bittere lyding en sterwe te dra[2]. So het God dan sy regverdigheid getoon teenoor sy Seun toe Hy ons sondes op Hom gelê het[3]; en Hy het sy goedheid en barmhartigheid uitgestort oor óns wat skuldig en doemwaardig was, aangesien Hy sy Seun vir ons in die dood gegee het deur 'n allervolmaakste liefde en Hom opgewek het tot ons regverdigmaking[4] sodat ons deur Hom die onsterflikheid en die ewige lewe sou verkry.

[1]Rom. 8:3. [2]Hebr. 2:14. [3]Rom. 3:25-26; Rom. 8:3,32. [4]Rom 4:25.

# ARTIKEL 21

## OOR DIE VOLDOENING VAN CHRISTUS, ONS ENIGE HOËPRIESTER, VIR ONS

Ons glo dat Jesus Christus 'n ewige Hoëpriester is, kragtens 'n eed en volgens die orde van Melgisédek[1], en dat Hy Homself in ons naam voor sy Vader gestel het om sy toorn te versoen[2] met volle genoegdoening deur Homself aan die kruishout op te offer en sy dierbare bloed te vergiet tot reiniging van ons sondes[3], soos die profete dit voorsê het[4]. Want daar staan geskrywe **... die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom** (op die Seun van God) **en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom[5]; ... dat Hy na die slagplek soos 'n lam gelei en by die misdadigers gereken is[6]** (Jes. 53:5,7,12); en Hy is as 'n kwaaddoener deur Pontius Pilatus veroordeel, alhoewel hy Hom onskuldig verklaar het.[7] **So het Hy dan teruggegee wat Hy nie geroof het nie,** (Ps. 69:5) **en Hy het gely[8] – Hy, die regverdige vir die onregverdiges** (1 Petr. 3:18) – en dit in sy liggaam sowel as in sy siel[9]; toe Hy die verskriklike straf wat ons sondes verdien, gevoel het, sodat sy sweet geword het soos bloeddruppels wat op die grond afloop; Hy het uitgeroep: **My God, my God, waarom het U My verlaat?** (Mk. 15:34) – en dit alles gely tot vergifnis van ons sondes. Daarom sê ons tereg met Paulus, **dat ons van niks anders as Jesus Christus en Hom as gekruisigde weet nie** (1 Kor. 2:2); **ons beskou alles as drek, om die uitnemendheid van die kennis van onse Here Jesus Christus** (Filip. 3:8); ons vind alle vertroosting in sy wonde en het nie nodig om enige ander middel te soek of uit te dink om ons met God te versoen nie as net **hierdie enigste offerande wat net een maal gebring is, waardeur die gelowiges vir altyd volmaak word[10]** (Hebr. 10:14). Dit is dan ook die oorsaak waarom Hy deur die engel van God Jesus, dit is Verlosser, genoem is, omdat **Hy sy volk sou verlos van hul sondes[11]** (Mt. 1:21).

[1]Ps. 110:4; Hebr. 5:8-10; Hebr. 7:15-17. [2]Joh. 15:13; Rom. 4:25; Rom. 5:8-9; Rom. 8:32; Gal. 3:13; Kol. 2:14; Hebr. 2 :9,17; Hebr. 9:11-15. [3]Jes. 53:5; Hand. 2:23; Filip. 2:8; 1 Tim. 1:15; Hebr. 9:22-28; 1 Petr. 1:18-19; 1 Petr. 2:24; 1 Joh. 1:7; Openb. 7:14. [4]Lk. 24:25-27,44; Rom. 3:21; 1 Kor. 15:3.
[5]1 Petr. 2:24. [6]Mk. 15:28. [7]Joh. 18:38. [8]Rom. 5:6. [9]Ps. 22:15.
[10]Hebr. 7:26-28; Hebr. 9:12,24-28. [11]Lk. 1:31; Hand. 4:12.

# ARTIKEL 22

## OOR ONS REGVERDIGMAKING DEUR DIE GELOOF IN JESUS CHRISTUS

Ons glo dat om ware kennis van hierdie groot verborgenheid te verkry, die Heilige Gees in ons harte 'n opregte geloof laat ontvlam[1] wat Jesus Christus met al sy verdienste omhels, Hom tot 'n eiendom maak en niks anders meer buite Hom soek nie[2]. Want dit moet noodsaaklik volg óf dat nie alles wat ons tot ons saligheid nodig het, in Jesus Christus is nie, óf as dit alles in Hom is, dat diegene wat Jesus Christus deur die geloof besit, sy hele saligheid deelagtig is[3]. Om nou te beweer dat Christus nie genoegsaam is nie, maar dat daar buite Hom nog iets meer nodig is, sou 'n alte growwe godslastering wees; want daaruit sou volg dat Christus maar 'n halwe Saligmaker is. Daarom sê ons tereg met Paulus, **dat ons deur die geloof alleen of deur die geloof sonder die werke geregverdig word**[4] (Rom. 3:28). Maar, om duidelik te spreek, ons verstaan dit nie so dat die geloof self ons regverdig maak nie[5], want dit is maar 'n middel waardeur ons Christus, ons Regverdigheid omhels. Maar Jesus Christus, wat ons al sy verdienste en al die heilige werke wat Hy vir ons in ons plek gedoen het, toereken, is ons Regverdigheid[6]; en die geloof is 'n middel wat ons met Hom in die gemeenskap aan al sy weldade hou, wat nou dat hulle ons eiendom geword het, vir ons meer as genoeg is om van ons sondes vrygespreek te word.

[1]Ps. 51:8; Joh. 16:14; 1 Kor. 2:12; Efés. 1:17-18. [2]Joh. 14:6; Hand. 4:12; Gal. 2:21. [3]Ps. 32:1; Jer. 23:6; Mt. 1:21; Lk. 1:77; Hand. 13:38-39; Rom. 8:1; 1 Kor. 15:3. [4]Rom. 3:19-4:8; Rom. 8:29,33; Rom. 10:4-11; 1 Kor. 4:7; Gal. 2:16; Filip. 3:9; 2 Tim. 1:9; Tit. 3:5; Hebr. 7:11. [5]Rom. 3:26. [6]Jer. 23:6; Mt. 20:28; 1 Kor. 1:30-31; 2 Kor. 5:21; 1 Joh. 4:10.

# ARTIKEL 23

## DAT ONS REGVERDIGMAKING BESTAAN IN DIE VERGIFNIS VAN DIE SONDES EN DIE TOEREKENING VAN DIE GEHOORSAAMHEID VAN CHRISTUS

Ons glo dat ons geluksaligheid geleë is in die vergifnis van ons sondes

om Jesus Christus wil en dat daarin ons regverdigheid voor God vervat is[1]; soos Dawid en Paulus ons leer wat verklaar dat die **mens se geluksaligheid daarin bestaan dat God hom die geregtigheid sonder werke toereken** (Ps. 32:2; Rom. 4:6). En dieselfde apostel sê dat **ons verniet of uit genade geregverdig word, deur die verlossing wat in Jesus Christus is**[2] (Rom. 3:24). En daarom hou ons hierdie fondament altyd vas, en gee aan God al die eer[3], en verneder ons ons voor Hom en erken dat ons is wat ons is sonder om ons ten opsigte van onsself of van ons verdienste iets te verbeel[4], maar ons steun en rus op die gehoorsaamheid van die gekruisigde Christus alleen[5], wat ons eie is as ons in Hom glo[6]. Dit is genoegsaam om al ons ongeregtighede te bedek[7] en ons vrymoedigheid te gee om tot God te gaan[8] deurdat dit die gewete van vrees, verbaasdheid en skrik bevry, sonder om te handel soos ons eerste vader Adam, wat hom al bewende met vyeblare wou bedek het[9]. En voorwaar, as ons voor God moes verskyn en steun op onsself of op enige ander skepsel, hoe min dit ook mag wees, dan sou ons, helaas, verslind moet word[10]. En daarom moet elkeen met Dawid sê: **Here, gaan nie na die gereg met u kneg nie, want niemand wat leef, is voor u aangesig regverdig nie** (Ps. 143:2).

[1]Joh. 2:1. [2]2 Kor. 5:18,19; Efés. 2:8; 1 Tim. 2:6. [3]Ps. 115:1; Openb. 7:10-12. [4]1 Kor. 4:4; Jak. 2:10. [5]Hand. 4:12; Filip. 2:8; Hebr. 10:20. [6]Rom. 4:23-25. [7]Hebr. 7:25; Hebr. 10:14. [8]Efés. 3:12; Hebr. 4:16; Hebr. 10:19; 1 Joh. 2:28. [9]Gén. 3:7; Sef. 3:11; Rom. 5:19; 1 Joh. 4:17-19. [10]Ps. 18:28; Lk. 16:15; Filip. 3:4-9; Hebr. 10:31.

## ARTIKEL 24

### OOR DIE HEILIGMAKING VAN DIE MENS EN DIE GOEIE WERKE

Ons glo dat hierdie ware geloof, in die mens gewerk deur die gehoor van die Woord van God en die werking van die Heilige Gees[1], hom wederbaar en tot 'n nuwe mens maak[2], hom 'n nuwe lewe laat lei en hom vrymaak van die slawerny van die sonde[3]. Daarom is dit so ver daarvandaan dat hierdie regverdigmakende geloof die mens koud sal laat word in 'n vrome en heilige lewe[4], dat hy inteendeel daarsonder nooit iets uit liefde tot God sal doen nie[5], maar alleen uit liefde tot homself en uit

vrees vir die verdoemenis. So is dit dan onmoontlik dat hierdie heilige geloof werkloos in die mens sal wees[6], aangesien ons nie van 'n ledige geloof spreek nie, maar van so een wat die Skrif noem 'n **geloof wat deur die liefde werk** (Gal. 5:6), wat die mens beweeg om hom te oefen in die werke wat God in sy Woord beveel het; werke wat, as hulle voortkom uit die goeie wortel van die geloof, goed en God welgevallig is, omdat dit alles deur sy genade geheilig is. Intussen kan hulle nie in rekening gebring word om ons te regverdig nie; want dit is deur die geloof in Christus dat ons geregverdig word nog voordat ons goeie werke doen[7], anders sou hulle nie meer goed kan wees nie, net so min as die vrug van 'n boom goed kan wees voordat die boom goed is[8]. So doen ons dan goeie werke, maar nie om iets te verdien nie – want wat sou ons kan verdien? – ja, ons staan by God in die skuld vir die goeie werke wat ons doen en nie Hy by ons nie[9], **aangesien dit Hy is wat in ons werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae** (Filip. 2:13). Laat ons dan let op wat daar geskrywe staan: **Wanneer julle alles gedoen het wat julle beveel is, sê dan: Ons is onverdienstelike diensknegte, want ons het gedoen wat ons verplig was om te doen** (Lk. 17:10). Intussen wil ons nie ontken dat God die goeie werke beloon nie[10], maar dit is deur sy genade dat Hy sy gawes bekroon. Verder, al doen ons ook goeie werke, ons grond tog nie ons saligheid daarop nie, want ons kan geen werk doen nie of dit is besmet deur ons vlees, en ook strafwaardig[11]; en al kon ons ook een goeie werk voortbring, dan is tog die gedagtenis aan een sonde genoeg by God om so 'n werk te verwerp[12]. So sou ons dan altyd in twyfel verkeer, heen en weer drywe sonder enige sekerheid, en ons arme gewete sou altyddeur gekwel word, as dit nie op die verdienste van die lyding en sterwe van ons Saligmaker steun nie[13].

[1]Hand. 16:14; Rom. 10:14-17; 1 Kor. 12:3. [2]Eség. 36:26-27; Joh. 1:12-13; Joh. 3:3,5; Rom. 8:11; 2 Kor. 5:17; Efés. 2:1-6; Tit. 3:5; 1 Petr. 1:23. [3]Joh. 5:24; Joh. 8:36; Rom. 6:4-6; 1 Joh. 3:9. [4]Amos 6:1; Mt. 7:18; Joh. 15:5; Rom. 6:2; Gal. 5:22; Tit. 2:11-13. [5]Joh. 15:5; 1 Tim. 1:5; Hebr. 11:4,6. [6]Lk. 6:43-45; Filip. 2:13; Tit. 3:8. [7]Rom. 4:5; Rom. 11:5-7; Gal. 3:5; Efés. 2:8-10. [8]Mt. 7:17; Lk. 6:43. [9]1 Kor. 1:30-31; 1 Kor. 4:7; Efés 2:9-10; Filip. 2:13. [10]Rom. 2:6-7; 1 Kor. 3:8,14; 2 Joh. vers 8; Openb. 2:23. [11]Rom. 7:21; Jes. 64:6. [12]Jak. 2:10. [13]Hab. 2:4; Mt. 11:28; Rom. 10:11.

# ARTIKEL 25

## OOR DIE AFSKAFFING VAN DIE SEREMONIËLE WET

Ons glo dat die seremonies en sinnebeelde van die Wet opgehou het met die koms van Christus en dat aan alle skaduwees 'n einde gekom het[1], sodat die gebruik daarvan onder die Christene afgeskaf moet word; nogtans bly die waarheid en wese daarvan vir ons in Jesus Christus in Wie hulle hul vervulling het[2]. Intussen gebruik ons nog die getuienisse – wat aan die Wet en die Profete ontleen is – om ons in die evangelie te bevestig, en ook om ons lewe te reël, in alle eerbaarheid, tot eer van God, volgens sy wil[3].

[1]Mt. 27:51; Rom. 10:4; Hebr. 9:9-10. [2]Mt. 5:17; Rom. 3:31; Gal. 3:24; Gal. 3 en 4; Kol. 2:17. [3]Rom. 13:8-10; Rom. 15:4; 2 Petr. 1:19; 2 Petr. 3:2,18.

# ARTIKEL 26

## OOR DIE ENIGE VOORBIDDING VAN CHRISTUS

Ons glo dat ons geen toegang tot God het nie as net deur die enigste Middelaar[1] en Voorspraak, Jesus Christus, die Regverdige[2]; wat hiervoor mens geword het, in wie die Goddelike en menslike natuur saam verenig is, sodat die mens toegang kan hê tot die Goddelike Majesteit[3], anders was die toegang vir ons gesluit. Maar hierdie Middelaar wat die Vader ons gegee het tussen Homself en ons, moet ons deur sy grootheid nie verskrik om ons 'n ander na ons goeddunke te laat soek nie. Want daar is niemand in die hemel of op die aarde onder die skepsele wat vir ons meer liefhet as Jesus Christus[4] nie, **wat alhoewel Hy in die gestalte van God was, nogtans Homself ontledig het deur die gestalte van 'n mens en van 'n dienskneg aan te neem** vir ons, **en sy broeders in alle opsigte gelyk geword het** (Filip. 2:6-7). As ons nou 'n ander middelaar moes soek wat ons goedgesind sou wees, wie sou ons kon vind wat ons meer liefgehad het as Hy wat sy lewe vir ons afgelê het, **selfs toe ons nog sy vyande was** (Rom. 5:8,10)? En as ons een soek wat mag en aansien het, wie is daar wat daarvan soveel besit as Hy **wat sit aan die regterhand van sy Vader**[5] **en alle mag het in hemel en op aarde** (Mt. 28:18)? En wie sal eerder verhoor word as die eie, welbeminde Seun

van God[6]? So is dan alleen deur gebrek aan vertroue hierdie misbruik ingevoer dat mense die heiliges onteer in plaas van hulle te eer, deur te doen wat hulle nooit gedoen of begeer het nie, maar wat hulle met volharding en volgens hul skuldige plig verwerp het[7], soos uit hul geskrifte blyk. En hier moet nie ingebring word dat ons dit nie werd is nie, want daar is geen sprake van dat ons ons gebede op grond van ons waardigheid voor God bring nie, maar alleen op grond van die uitnemendheid en waardigheid van onse Here Jesus Christus[8], wie se regverdigheid ons s'n is deur die geloof[9]. Daarom sê die apostel aan ons – waar hy hierdie dwase vrees of liewer gebrek aan vertroue van ons wil wegneem – **dat Jesus Christus sy broeders in alle opsigte gelyk geword het, sodat Hy 'n barmhartige en getroue hoëpriester kon wees om die sondes van die volk te versoen. Want deurdat Hy self onder versoeking gely het, kan Hy dié help wat versoek word**[10] (Hebr. 2:17-18). En daarna sê hy, om ons nog meer moed te gee om tot Hom te gaan: **Terwyl ons dan 'n groot Hoëpriester het wat deur die hemele deurgegaan het, naamlik Jesus, die Seun van God, laat ons die belydenis vashou. Want ons het nie 'n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde. Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word** (Hebr. 4:14-16). Dieselfde apostel sê dat **ons vrymoedigheid het om deur die bloed van Jesus in die heiligdom in te gaan; laat ons dan toetree,** sê hy, **in volle geloofsversekerheid** (Hebr. 10:19,22), ens. En ook: **Christus besit 'n priesterskap wat nie op ander oorgaan nie. Daarom kan Hy volkome red dié wat deur Hom tot God gaan, omdat Hy altyd leef om vir hulle in te tree**[11] (Hebr. 7:24-25). Wat ontbreek daar nog, want Christus self sê: **Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom tot die Vader behalwe deur My nie** (Joh. 14:6)? Waarom sal ons 'n ander voorspraak soek, aangesien dit God behaag het om ons sy Seun as voorspraak te gee?[12] Laat ons Hom nie verlaat om 'n ander te neem, of liewer om 'n ander te soek sonder om hom ooit te vind nie; want toe God Hom aan ons gegee het, het Hy goed geweet dat ons sondaars was. Volgens die bevel van Christus roep ons daarom die hemelse Vader aan deur Christus, ons enigste Middelaar[13], soos dit ons in die gebed van die Here geleer is[14]; en ons is daarvan seker dat **alles wat ons die Vader sal bid in sy Naam, aan ons gegee sal word**[15] (Joh. 16:23).

[1]1 Tim. 2:5. [2]1 Joh. 2:1. [3]Efés. 2:18; Efés. 3:12. [4]Mt. 11:27-30; Joh. 15:13; Rom. 5:8; Efés. 3:19; 1 Joh. 4:9-10. [5]Hebr. 1:3; Hebr. 8:1. [6]Mt. 3:17; Joh. 11:42; Efés. 1:6; Hebr. 9:14. [7]Hand. 10:26; Hand. 14:15. [8]Hand. 4:12. [9]1 Kor. 1:30. [10]Joh. 10:9; Efés. 2:18; Hebr. 9:24. [11]Rom. 8:34. [12]1 Joh. 2:1 [13]1 Tim. 2:5; Hebr. 13:15. [14]Mt. 6:9-13; Lk. 11:2-4. [15]Joh. 14:13.

## ARTIKEL 27

### OOR DIE ALGEMENE CHRISTELIKE KERK

Ons glo en bely 'n enige katolieke of algemene kerk[1] wat 'n heilige kudde of gemeente[2] van alle ware gelowige Christene is, wat hul hele saligheid in Jesus Christus verwag[3] en gewas is deur sy bloed, geheilig en verseël deur die Heilige Gees[4]. Hierdie kerk was daar van die begin van die wêreld af en sal daar wees tot aan die einde toe, soos daaruit blyk dat Christus 'n ewige Koning is wat nie sonder onderdane kan wees nie[5]. En hierdie heilige kerk word deur God bewaar of in stand gehou teen die woede van die hele wêreld[6]; alhoewel dit somtyds 'n tyd lank baie klein is en in die oë van die mense skynbaar tot niet geraak het[7] – soos die Here vir Hom gedurende die gevaarlike tyd onder Agab sewe-duisend mense bewaar het wat hul knieë voor Baäl nie gebuig het nie[8]. Bowendien is hierdie heilige kerk nie geleë in, gebonde aan of bepaal tot 'n bepaalde plek of sekere persone nie, maar dit is verspreid en verstrooid oor die hele wêreld[9]; nogtans is dit saamgevoeg en verenig met hart en wil in een en dieselfde Gees, deur die krag van die geloof[10].

[1]Gén. 22:18; Jes. 49:6; Efés. 2:17-19. [2]Ps. 111:1; Joh. 10:14,16; Efés. 4:3-6; Hebr. 12:22-23. [3]Joël 2:32; Hand. 2:21. [4]Efés. 1:13; Efés. 4:30. [5]2 Sam. 7:16; Ps. 89:37; Ps. 102:14; Ps. 110:4; Jer. 31:35; Mt. 28:18,20; Lk. 1:32; 2 Tim. 2:19. [6]Ps. 46:6; Mt. 16:18. [7]Jes. 1:9; 1 Petr. 3:20; Openb. 11:7. [8]1 Kon. 19:18; Rom. 11:4. [9]Mt. 23:8; Lk. 17:21; Joh. 4:21-23; Rom. 10:12-13. [10]Ps. 119: 63; Hand. 4:32; Efés. 4:4.

## ARTIKEL 28

### DAT IEDEREEN SKULDIG IS OM HOM BY DIE WARE KERK TE VOEG

Ons glo – aangesien hierdie heilige gemeente en kudde 'n gemeente

van gereddenes is en daarbuite geen saligheid is nie – dat niemand, van watter stand of waardigheid hy ook al mag wees, hom daaraan behoort te onttrek om selftevrede op sy eie te lewe nie[1], maar dat hulle almal verplig is om hulle daarby aan te sluit en daarmee te verenig[2]; om die eenheid van die kerk te bewaar; om hulself te onderwerp aan sy leer en tug[3]; hul nek te buig onder die juk van Jesus Christus[4] en, as lede van dieselfde liggaam[5], onderling diensbaar te wees deur die opbouing van die broeders soos God vir elkeen sy gawes verleen het[6]. En om dit des te beter te kan onderhou, is dit die plig van alle gelowiges, volgens die Woord van God, om hulle af te skei van diegene wat nie tot die kerk behoort nie[7], sodat hulle hulself kan voeg by hierdie kudde[8], op watter plek God dit ook al gevestig het, al sou ook die owerhede en verordeninge van vorste daarteen wees, ja, selfs al sou die dood of watter straf van die liggaam ook al ondergaan moet word. Daarom handel almal wat hulle van die ware kerk afskei of daarby nie aansluit nie, teen die verordening van God[9].

[1]Ps. 5:6; Mt. 16:18-19; Hand. 2:47; Gal. 4:26; Efés. 5:25-27; Hebr. 2:11-12; Hebr. 12:23. [2]2 Kron. 30:8; Ps. 22:23; Joh. 17:21; Kol. 3:15. [3]Hebr. 13:17. [4]Mt. 11:28-30. [5]Efés. 4:12. [6]1 Kor. 12:7,27; Efés. 4:16. [7]Núm. 16:23-26; Jes. 52:11-12; Hand. 2:40; Rom. 16:17; Openb. 18:4. [8]Ps. 122:1; Jes. 2:3; Hebr. 10:25. [9]Spr. 18:1; 1 Kor. 12:15-18,22,24-26.

## ARTIKEL 29

### OOR DIE ONDERSKEID EN DIE MERKTEKENS VAN DIE WARE EN VAN DIE VALSE KERK

Ons glo dat boweal met ywer en versigtigheid uit die Woord van God onderskei moet word wat die ware kerk is, aangesien al die sektes wat teenswoordig in die wêreld is, hulle met die naam van die kerk dek[1]. Ons spreek hier nie van die huigelaars wat in die kerk onder die goeies vermeng is nie, en tog nie tot die kerk behoort nie, alhoewel hulle na die liggaam daarin is[2]; maar ons sê dat die liggaam en die gemeenskap van die ware kerk onderskei moet word van alle sektes wat voorgee dat hulle die kerk is. Die merktekens waaraan die ware kerk geken word, is die volgende: As die kerk die suiwere prediking van die Evangelie beoefen[3], as dit die suiwere bediening van die Sakramente gebruik soos Christus

dit ingestel het[4], as die kerklike tug gehandhaaf word om van sondes te suiwer[5] – kortom, as alle dinge geëis word volgens die norm van Gods Woord[6]; alles verwerp word wat daarteen stry[7], en ten slotte Jesus Christus erken word as die enigste Hoof[8]. Hieruit kan met sekerheid die ware kerk geken word, en dis vir niemand geoorloof om hom daarvan af te skei nie. En aangaande diegene wat tot die kerk behoort, hulle kan geken word uit die merktekens van die Christene, naamlik uit die geloof[9] en as hulle – nadat hulle die enigste Saligmaker, Jesus Christus, aangeneem het – die sonde ontvlug en die geregtigheid najaag[10], die ware God en hul naaste liefhet[11], ook nie regs of links afwyk nie en hul vlees kruisig met sy werke[12]. Nogtans wil dit nie sê dat daar nie nog grote swakheid in hulle is nie, maar hulle stry daarteen deur die Gees ál die dae van hul lewe[13] deur altyd weer hul toevlug te neem tot die bloed, die dood, die lyding en die gehoorsaamheid van die Here Jesus, in wie hulle die vergewing van hul sondes het deur die geloof in Hom[14]. Wat die valse kerk betref, dit skryf aan homself en sy verordeninge meer gesag toe as aan die Woord van God en wil hom aan die juk van Christus nie onderwerp nie[15]; dit bedien die Sakramente nie soos Christus dit in sy Woord verorden het nie, maar neem daarvan af en voeg daaraan toe na sy goeddunke. Dit grond hom meer op mense as op Christus, vervolg diegene wat heilig lewe na die Woord van God en wat hom oor sy gebreke, gierigheid en afgodery bestraf[16]. Hieruit dus kan hierdie twee kerke maklik geken en van mekaar onderskei word.

[1]Openb. 2:9. [2]Rom. 9:6. [3]Mt. 3:2; Hand. 17:11; Gal. 1:8; 1 Tim. 3:15-16. [4]Hand. 19:3-5; 1 Kor. 11:20-29. [5]Mt. 18:15-17; 1 Kor. 5:4-5,13; 2 Thes. 3:6,14; Tit. 3:10. [6]Joh. 8:47; Joh. 17:20; Hand. 17:11; Efés. 2:20; Kol. 1:23; 1 Tim 6:3. [7]1 Thes. 5:21; 1 Tim. 6:20; Openb. 2:6. [8]Joh. 10:4,14; Efés. 5:23; Kol. 1:18,21. [9]Joh. 1:12; 1 Joh. 4:2. [10]Rom. 6:2; Filip. 3:11-12. [11]Mt. 22:34-39; Mk. 12:28-34; Lk. 10:25-27; 1 Joh. 4:19-21. [12]Gal. 5:24. [13]Rom. 6:2; Rom. 7:15-26; Gal. 5:17 . [14]Rom. 7:24-25; 1 Joh. 1:7-9. [15]Hand. 4:17-18; 2 Tim. 2:18; 2 Tim. 4:3-4; 2 Joh. vers 9. [16]Joh. 16:2.

## ARTIKEL 30

### OOR DIE REGERING VAN DIE KERK DEUR KERKLIKE AMPTE

Ons glo dat hierdie ware kerk geregeer moet word volgens die geeste-

like regeringswyse wat onse Here ons geleer het in sy Woord[1], naamlik dat daar dienaars of herders moet wees om die Woord van God te preek en die Sakramente te bedien[2]; ook opsieners[3] en diakens[4] om saam met die herders as 't ware 'n Raad van die kerk te vorm[5] sodat op hierdie wyse die ware godsdiens bewaar kan word en die ware leer oral versprei kan word; ja, ook die oortreders op geestelike wyse vermaan en in toom gehou kan word, dat ook die armes en bedruktes gehelp en getroos kan word na die maat van hul behoeftes[6]. Op hierdie wyse sal alles in die kerk behoorlik en ordelik toegaan, wanneer betroubare manne gekies word[7] volgens die reël wat die apostel Paulus daarvoor gee in sy brief aan Timótheüs[8].

[1]Hand. 20:28; Efés. 4:11-12; 1 Tim. 3; Hebr. 13:20-21. [2]Lk. 1:2; Lk. 10:16; Joh. 20:23; Rom. 10:14; 1 Kor. 4:1; 2 Kor. 5:19-20; 2 Tim. 4:2.
[3]Hand. 14:23; Tit. 1:5. [4]Hand. 6:1-7; 1 Tim. 3:8-10. [5]Filip. 1:1; 1 Tim. 4:14.
[6]Hand. 6:1-4; Rom. 12:8; Tit. 1:7-9. [7]Hand. 6:3-4; 1 Kor. 4:2. [8]1 Tim. 3.

## ARTIKEL 31

### OOR DIE BEDIENAARS, OUDERLINGE EN DIAKENS

Ons glo dat die bedienaars van die Goddelike Woord, die ouderlinge en diakens vir hul ampte gekies moet word deur wettige verkiesing van die kerk, met aanroeping van die Naam van God en met goeie orde soos die Woord van God leer[1]. So moet elkeen dan daarvoor oppas om nie deur onbehoorlike middele homself in te dring nie, maar hy moet die tyd afwag dat hy deur God geroep word, sodat hy getuienis kan hê van sy beroeping om daarvan seker en oortuig te wees dat dit van die Here kom[2]. En aangaande die bedienaars van die Woord – in watter plek hulle ook al mag wees – hulle het een en dieselfde mag en gesag, omdat hulle almal dienaars van Jesus Christus is[3], die enigste algemene Opsiener en die enigste Hoof van die kerk[4]. Dat bowendien die heilige ordinansie van God nie geskend word of in veragting kom nie, sê ons dat elkeen die bedienaars van die Woord en die ouderlinge van die kerk in besondere agting behoort te hou ter wille van die werk wat hulle doen[5], en soveel moontlik in vrede met hulle behoort te lewe, sonder murmurering, twis of tweedrag.

[1]Jes. 61:1; Hand. 1:22-24; Hand. 6:2-3; 1 Kor. 12:28. [2]Hand. 13:2; 1 Kor. 12:28; 1 Tim. 3:10; 1 Tim. 4:13-14; 1 Tim. 5:22; Hebr. 5:4; Jak. 3:1. [3]2 Kor. 5:19-20; 1 Petr. 5:1-4. [4]Mt. 23:8,10; Efés. 1:22; Efés. 5:23. [5]1 Thes. 5:12-13; 1 Tim. 5:17; Hebr. 13:17.

## ARTIKEL 32

### OOR DIE ORDE EN DISSIPLINE OF TUG VAN DIE KERK

Intussen glo ons, alhoewel dit nuttig en goed is dat die regeerders van die kerk onder mekaar 'n sekere orde instel en bevestig tot instandhouding van die liggaam van die kerk, dat hulle nogtans wel op hul hoede moet wees om nie af te wyk van wat Christus, ons enigste Meester, vir ons ingestel het nie[1]. En daarom verwerp ons alle menslike vindinge en alle wette wat mense sou wil invoer om God te dien om daardeur, hoe ook al, die gewetens te bind en te dwing[2]. So neem ons dan alleen aan wat kan dien om eendrag en eenheid te bevorder en te bewaar, en almal te hou in gehoorsaamheid aan God[3]. Daartoe word veral vereis die ekskommunikasie of die ban, wat toegepas word volgens die Woord van God, en alles wat daarmee saamhang[4].

[1]1 Tim. 3:15. [2]Jes. 29:13; Mt. 15:9; Gal. 5:1. [3]1 Kor. 14:33; Kol. 2:6-7. [4]Mt. 16:19; Mt. 18:15-18; Rom. 16:17-18; 1 Kor. 5; 1 Tim. 1:20.

## ARTIKEL 33

### OOR DIE SAKRAMENTE

Ons glo dat ons goeie God deur ag te gee op ons botheid en swakheid, vir ons die sakramente verorden het om aan ons sy beloftes te verseël en om pande te wees van die goedwilligheid en genade van God jeens ons en ook om ons geloof te voed en te onderhou[1]. Hy het dit by die woord van die Evangelie[2] gevoeg om des te beter aan ons uiterlike sinne voor te stel sowel wat Hy ons te kenne gee deur sy Woord, as wat Hy inwendig doen in ons harte, om des te meer in ons te bekragtig die saligheid wat Hy ons meedeel. Want hulle is sigbare waartekens en seëls van 'n inwendige en onsigbare saak deur middel waarvan God in ons werk deur die krag van die Heilige Gees[3]. So is dan die tekens aller-

mins tevergeefs en ledig of ingestel om ons te bedrieg en te frustreer, want hul waarheid is Jesus Christus, sonder wie hulle van geen betekenis sou wees nie. Verder is ons tevrede met die getal van die sakramente wat Christus, ons Meester, vir ons verorden het, wat slegs twee is, naamlik die Sakrament van die Doop[4] en van die Heilige Nagmaal van Jesus Christus[5].

[1]Gén. 17:9-14; Ex. 12; Rom. 4:11. [2]Mt. 28:19; Efés. 5:26. [3]Rom. 2:28-29; Kol. 2:11-12. [4]Mt. 28:19. [5]Mt. 26:26-28; 1 Kor. 11:23-26.

## ARTIKEL 34

### OOR DIE HEILIGE DOOP

Ons glo en bely dat **Jesus Christus wat die einde van die Wet is** (Rom. 10:4), deur sy vergote bloed 'n einde gemaak het aan al die ander bloedvergieting wat 'n mens sou kan of wil doen tot versoening en voldoening van die sondes, en dat Hy afgeskaf het die besnydenis wat met bloed plaasgevind het, en in die plek daarvan verorden het die Sakrament van die Doop[1] waardeur ons in die kerk van God ontvang word en van alle ander volke en vreemde godsdienste afgesonder word om geheel en al sy eiendom te wees[2] en sy merk en vaandel te dra; en dit is vir ons 'n getuienis dat Hy tot in ewigheid onse God en onse genadige Vader sal wees. So het Hy dan bevel gegee om almal wat sy eiendom is, **in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees** (Mt. 28:19) te doop, alleen met rein water; om daarmee te kenne te gee dat, net soos die water die vuilheid van die liggaam afwas wanneer ons daarmee begiet word – wat gesien word op die liggaam van hom wat die Doop ontvang en waarmee hy besprinkel word – so ook doen die bloed van Christus dieselfde inwendig in die siel deur die Heilige Gees[3]: dit besprinkel die siel en reinig dit van sy sondes[4] en wederbaar ons uit kinders van die toorn tot kinders van God[5]. Nie dat die uiterlike water dit bewerk nie[6], maar die besprinkeling met die kosbare bloed van die Seun van God[7], wat ons Rooi See is[8] waardeur ons moet gaan om te ontkom aan die dwingelandy van die farao, dit wil sê die duiwel, en in te gaan in die geestelike Kanaän. So gee dan die dienaars aan ons van hul kant die Sakrament, en wat sigbaar is; maar onse Here gee wat deur die Sakrament aangedui word, naamlik die gawes en onsigbare genade,

deurdat Hy ons siele was, suiwer en reinig van alle vuiligheid en ongeregtighede[9], ons harte vernuwe en vervul met alle vertroosting en ons 'n ware versekerdheid van sy vaderlike goedheid gee, ons met die nuwe mens beklee en die oue uittrek met al sy werke[10]. Daarom glo ons dat, as iemand dit najaag om in die ewige lewe te kom, hy maar een maal gedoop moet word met die enige Doop[11] sonder dat dit later herhaal word, want ons kan ook nie twee maal gebore word nie. Maar hierdie Doop is nie alleen nuttig solank as die water op ons is en ons dit ontvang nie, maar ook die ganse tyd van ons lewe. Daarom verwerp ons die dwaling van die Wederdopers wat nie tevrede is met 'n enkele doop wat hulle een maal ontvang het nie; daarby veroordeel hulle ook nog die doop van die kindertjies van die gelowiges; terwyl ons glo dat hulle gedoop en met die teken van die verbond verseël moet word, net soos die kindertjies van Israel besny is kragtens dieselfde beloftes wat aan ons kinders gedoen is[12]. En voorwaar, Christus het sy bloed nie minder vergiet om die kindertjies van die gelowiges te reinig, as wat Hy dit vir die volwassenes gedoen het nie[13]. En daarom behoort hulle die teken te ontvang en die Sakrament van wat Christus vir hulle gedoen het, soos die Here in die Wet beveel het om aan hulle die Sakrament van die lyding en sterwe van Christus mee te deel kort nadat hulle gebore is, deur vir hulle te offer 'n lam[14] wat 'n Sakrament was van Jesus Christus. Bowendien, wat die besnydenis gedoen het aan die Joodse volk, dieselfde doen die Doop aan ons kinders; dit is die rede waarom die heilige Paulus die Doop **die besnydenis van Christus** (Kol. 2:11) noem.

[1]Kol. 2:11. [2]Ex. 12:48; 1 Petr. 2:9. [3]Mt. 3:11; 1 Kor. 12:13. [4]Hand. 2:38; Hand. 22:16; Hebr. 9:14; 1 Joh. 1:7; Openb. 1:5b. [5]Tit. 3:5. [6]1 Petr. 3:21. [7]Rom. 6:3; 1 Petr. 1:2; 1 Petr. 2:24. [8]1 Kor. 10:1-4. [9]1 Kor. 6:11; Efés. 5:26. [10]Rom. 6:4; Gal. 3:27; Efés. 4:24. [11]Mt. 28:19; Efés. 4:5. [12]Gén. 17:10-12; Mt. 19:14; Hand. 2:39. [13]1 Kor. 7:14. [14]Lev. 12:6.

## ARTIKEL 35

### OOR DIE HEILIGE NAGMAAL VAN ONSE HERE JESUS CHRISTUS

Ons glo en bely dat ons Saligmaker, Jesus Christus, die Sakrament van die Heilige Nagmaal verorden en ingestel het[1] om te voed en te onder-

hou diegene wat Hy alreeds wederbaar het en in sy huisgesin, naamlik sy kerk, ingelyf het. Nou het dié wat wedergebore is, tweërlei lewe in hulle[2]: Die een liggaamlik en tydelik, wat hulle van hul eerste geboorte meegebring het en wat alle mense besit; die ander is geestelik en hemels, wat aan hulle gegee word in die tweede geboorte wat bewerk word deur die Woord van die evangelie[3], in die gemeenskap van die liggaam van Christus. En hierdie lewe is nie gemeengoed nie, behalwe vir die uitverkorenes van God. Op dieselfde wyse het God vir ons tot onderhouding van die liggaamlike en aardse lewe, geskikte aardse en stoflike brood toegedeel, wat almal s'n is, net soos die lewe self. Maar om die geestelike en hemelse lewe te onderhou, wat die gelowiges reeds besit, het God vir hulle gestuur 'n lewendmakende **brood wat uit die hemel neergedaal het** (Joh. 6:51), naamlik Jesus Christus[4], wat met sy Gees deur die geloof die geestelike lewe van die gelowiges voed en onderhou[5], wanneer Hy geëet, dit wil sê geestelik toegeëien en ontvang word[6]. Om vir ons hierdie geestelike en hemelse brood af te beeld, het Christus verorden aardse en sigbare brood, tot 'n Sakrament van sy liggaam, en wyn tot 'n Sakrament van sy bloed[7]. Daarmee gee Hy ons te kenne dat, so waaragtig as ons die Sakrament ontvang en in ons hande hou en dit eet en drink met ons mond, waarmee ons lewe daarna onderhou word, net so waaragtig ontvang ons ook deur die geloof[8] – wat die hand en die mond van ons siel is – die ware liggaam en die ware bloed van Christus, ons enigste Saligmaker, in ons siele tot ons geestelike lewe. Voorts is dit seker dat Jesus Christus sy Sakramente ons nie tevergeefs beveel het nie. So werk Hy dan in ons alles wat Hy deur sy heilige tekens ons voor oë stel, alhoewel dit ons verstand te bowe gaan en vir ons onbegryplik is hoe dit gebeur, soos ook die werking van die Heilige Gees verborge en onbegryplik is[9]. Intussen dwaal ons nie as ons sê dat wat deur ons geëet word, die eie en natuurlike liggaam en wat gedrink word, die eie bloed van Christus is nie; maar die wyse waarop ons dit gebruik, is nie met die mond van die liggaam nie, maar met die Gees deur die geloof. En so sit Jesus Christus altyd aan die regterhand van God, sy Vader in die hemele[10], en tog laat Hy nie ná om Homself aan ons mee te deel deur die geloof nie. Hierdie maaltyd is 'n geestelike tafel waaraan Christus Homself met al sy goedere aan ons meedeel, en Hy laat ons daaraan Homself sowel as die verdienste van sy lyding en sterwe geniet[11]: Hy voed, versterk en vertroos ons arme troostelose siel deur die eet van sy vlees en Hy verkwik en herstel dit deur die drink van

sy bloed. Verder, alhoewel die Sakramente saamgevoeg is met die sake daardeur aangedui, nogtans word hulle nie saam met hierdie twee sake deur almal ontvang nie[12]. Want die goddelose ontvang wel die Sakrament tot sy verdoemenis, maar hy ontvang nie die waarheid van die Sakrament nie; soos Judas en Simon die towenaar albei wel die Sakrament ontvang het, maar nie Christus nie wat daardeur aangedui word[13] en wat aan die gelowiges alleen meegedeel word[14]. Ten slotte, ons ontvang die heilige Sakrament in die vergadering van die volk van God[15] met ootmoedigheid en eerbied, en onderhou met danksegging onder ons 'n heilige gedagtenis aan die dood van Christus, ons Redder, en ons doen daar belydenis van ons geloof en van die Christelike godsdiens[16]. Daarom behoort niemand by hierdie tafel aan te sit voordat hy **hom eers goed beproef** het nie, **sodat hy**, deur te eet van hierdie brood en te drink uit hierdie drinkbeker **oor homself nie 'n oordeel eet en drink nie** (1 Kor. 11:28,29). Kortom, deur die gebruik van die heilige Sakrament word ons opgewek tot 'n vurige liefde jeens God en ons naaste. Daarom verwerp ons alle bymengsels en verwerplike vindinge wat mense by die Sakramente byvoeg en daarmee vermeng het, as ontheiliging daarvan. En ons verklaar dat ons tevrede moet wees met die verordening wat Christus en sy apostels ons geleer het, en ons spreek daaroor soos hulle daaroor gespreek het.

[1]Mt. 26:26-28; Mk. 14:22-24; Lk. 22:19-20; 1 Kor. 11:23-26. [2]Joh. 3:5-6. [3]Joh. 5:25. [4]Joh. 6:48-51. [5]Joh. 6:63; Joh. 10:10b. [6]Joh. 6:40,47. [7]Joh. 6:55; 1 Kor. 10:16. [8]Efés. 3:17. [9]Joh. 3:8. [10]Ps. 110:1; Mk. 16:19; Hand. 2:34. [11]Rom. 8:32; 1 Kor. 10:3-4. [12]1 Kor. 2:14. [13]Lk. 22:21-22; Hand. 8:13,21. [14]Joh. 3:36. [15]Hand. 2:42; Hand. 20:7 . [16]Hand. 2:46; 1 Kor. 11:26.

## ARTIKEL 36

### OOR DIE OPDRAG VAN DIE OWERHEID

Ons glo dat ons goeie God – vanweë die verdorwenheid van die menslike geslag – konings, vorste en owerhede verorden het[1], en dat dit sy wil is dat die wêreld regeer moet word deur wette en staatsinstellings[2], sodat die wanordelikheid van die mense bedwing kan word en alles met goeie orde onder die mense kan geskied[3]. Met dié doel het Hy **die owerheid die swaard in die hand gegee om die kwaaddoeners te straf**

(Rom. 13:4) **en dié wat goed doen te beskerm** (1 Petr. 2:14). En hul opdrag is om nie alleen ag te gee op en te waak oor die staatsinstelling nie, maar ook om die heilige bediening te handhaaf, om te weer en uit te roei alle afgodery en valse godsdiens, om die ryk van die Antichris te gronde te rig en die koninkryk van Jesus Christus te bevorder, die Woord van die evangelie orals te laat preek[4], sodat God deur elkeen geëer en gedien word, soos Hy in sy Woord beveel. Verder is elkeen, van watter hoedanigheid, rang of status hy ook al mag wees, verplig om hom aan die owerhede te onderwerp, belastings te betaal, aan hulle eer en eerbied te betoon en hulle gehoorsaam te wees[5] in alles wat nie stry met die Woord van God nie[6]; vir hulle voorbidding te doen, sodat dit die Here mag behaag om hulle te rig in al hul weë en **sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei in alle godsvrug en waardigheid** (1 Tim. 2:1-2). Om dié rede verwerp ons die Wederdopers en ander oproerige mense; en in die algemeen almal wat die heerskappye en owerhede verwerp en die regterlike mag omver wil stoot[7], wat die gemeenskap van goedere invoer en die eerbaarheid wat God onder die mense vasgestel het, in verwarring bring.

[1]Spr. 8:15; Dan. 2:21; Joh. 19:11; Rom. 13:1. [2]Ex. 18:19-20. [3]Deut. 1:16; Deut. 16:19; Rigt. 21:25; Ps. 82; Jes. 49:23; Jer. 21:12; Jer. 22:3; 1 Petr. 2:13-14. [4]Ps. 2; Rom. 13:4a; 1 Tim. 2:1-4. [5]Ps. 101; Mt. 17:27; Mt. 22:21; Rom. 13:7; Tit. 3:1; 1 Petr. 2:17. [6]Hand. 4:19; Hand. 5:29. [7]2 Petr. 2:10; Jud. vers 8.

# ARTIKEL 37

## OOR DIE LAASTE OORDEEL

Ten laaste glo ons, volgens die Woord van God, dat wanneer die tyd deur die Here bepaal, aan alle skepsels onbekend, gekom het[1] – en die getal van die uitverkorenes vol sal wees[2], onse **Here Jesus Christus uit die hemel sal kom**, liggaamlik en sigbaar[3], **soos Hy opgevaar het** (Hand. 1:11), met groot heerlikheid en majesteit[4], om Hom te verklaar as Regter oor lewende en dode[5]; en hierdie ou wêreld aan vuur en vlam oor te gee om dit te suiwer[6]. En dan sal persoonlik voor hierdie groot Regter verskyn alle mense, manne sowel as vroue en kinders, wat van die begin van die wêreld af tot die einde toe bestaan het[7], gedagvaar **deur die**

**stem van die aartsengel en deur die geklank van die basuin van God** (1 Thes. 4:16). Want almal wat gesterf het, sal uit die aarde opstaan[8], die siele saamgevoeg en verenig met hul eie liggaam waarin hulle geleef het. En met betrekking tot diegene wat dan nog sal lewe, hulle sal nie sterwe soos die ander nie, maar hulle sal in 'n oomblik verander en uit verganklikheid onverganklik word[9]. **Dan sal die boeke,** dit wil sê, die gewetens, **geopen en die dode geoordeel word** (Openb. 20:12) **volgens wat hulle in hierdie wêreld gedoen het, goed of kwaad**[10] (2 Kor. 5:10). Ja, **die mense sal rekenskap moet gee van elke ydele woord wat hulle gepraat het** (Mt. 12:36) – iets wat die wêreld vir niks anders as kinderspel en tydverdryf beskou nie; en dan sal die verborgenhede en elke geveinsdheid van die mense in die openbaar voor almal ontdek word. En daarom is die gedagte aan hierdie oordeel met reg verskriklik en ontsettend vir die oortreders en goddelose[11], en baie begeerlik en besonder troosvol vir die vromes en uitverkorenes; aangesien hul volle verlossing dan voltooi sal word en hulle daar sal ontvang die vrug van al hul arbeid en moeite wat hulle verduur het[12]. Hul onskuld sal openlik deur almal erken word, en hulle sal die verskriklike wraak sien wat God uitoefen teen die goddelose wat hulle getiranniseer, verdruk en gekwel het in hierdie wêreld[13]. En hulle sal veroordeel word deur die eie getuienis van hul gewetens, en onsterflik word, maar só dat hulle gepynig sal word in die **ewige vuur**[14] **wat vir die duiwel en sy engele berei is**[15] (Mt. 25:41). Daarenteen sal die gelowiges en uitverkorenes met heerlikheid en eer gekroon word, en **die Seun van God sal hul naam bely voor God, sy Vader** (Mt. 10:32), en sy heilige uitverkore engele[16]; **alle trane sal van hul oë afgevee word**[17] (Openb. 21:4); hul saak, wat teenswoordig deur baie regters en owerhede as ketters en goddeloos veroordeel word, sal dan erken word as die saak van die Seun van God. En as 'n genadige vergelding sal die Here hulle in besit stel van so 'n heerlikheid as wat die hart van 'n mens nooit sou kan bedink nie[18]. Daarom verwag ons dié groot dag met verlange om ten volle te geniet die beloftes van God in Jesus Christus, onse Here[19].

[1]Mt. 24:36; Mt. 25:13; 1 Thes. 5:1-2. [2]Hebr. 11:39-40; Openb. 6:11.
[3]Openb. 1:7 . [4]Mt. 24:30; Mt. 25:31. [5]Mt. 25:31-46; 1 Tim. 4:1; 1 Petr. 4:5.
[6]2 Petr. 3:10-13. [7]Deut. 7:9-11; Openb. 20:12-13. [8]Dan. 12:2; Joh. 5:28-29.
[9]1 Kor. 15:51; 2 Kor. 5:2,4; Filip. 3:20-21. [10]Hebr. 9:27; Openb. 22:12.
[11]Mt. 11:22; Mt. 23:33; Rom. 2:5-6; Hebr. 10:27; 2 Petr. 2:9; Jud. vers 15;

Openb. 14:7a. [12]Lk. 14:14; 2 Thes. 1:3-10; 1 Joh. 4:17. [13]Openb. 15:4; Openb. 18:20. [14]Mt. 13:41-42; Mk. 9:48; Lk. 16:23-28; Openb. 21:8. [15]Openb. 20:10. [16]Openb. 3:5. [17]Jes. 25:8; Openb. 7:17. [18]Dan. 12:3; Mt. 5:12; Mt. 13:43; 1 Kor. 2:9; Openb. 21:9-22:5. [19]Openb. 19:7,9; Openb. 22:17,20-21.

# Die Heidelbergse Kategismus

# of

# Onderwysing in die Christelike Leer

# DIE HEIDELBERGSE KATEGISMUS OF ONDERWYSING IN DIE CHRISTELIKE LEER

***Opgestel deur die Heidelbergse hoogleraars in die godgeleerdheid, Lachorcas Ursinus en Caspar Olevianus, in 1563. Deur die Sinode van Dordrecht [1618 - 1619] hersien en goedgekeur as onderwysing in die Christelike Leer.***

## SONDAG 1

**1.** **Vr.** Wat is jou enigste troos in lewe en in sterwe?

**Antw.** Dat ek met liggaam en siel, in lewe en in sterwe[1], nie aan myself nie[2], maar aan my getroue Saligmaker, Jesus Christus, toebehoort[3], wat met sy dierbare bloed vir al my sondes ten volle betaal[4], en my uit alle heerskappy van die duiwel verlos het[5], en my so bewaar[6], dat sonder die wil van my hemelse Vader, geen haar van my hoof kan val nie[7], ja ook, dat alles vir my tot my saligheid moet dien[8]; daarom verseker Hy my ook deur sy Heilige Gees van die ewige lewe[9] en maak Hy my van harte gewillig en bereid om voortaan vir Hom te lewe[10].

[1]Rom. 14:8; 1 Thes. 5:9-10. [2]1 Kor. 6:19-20. [3]1 Kor. 3:23; Tit. 2:14. [4]Efés. 1:7; 1 Pet. 1:18-19; 1 Joh. 1:7; 1 Joh. 2:2,12. [5]Joh. 8:34-36; Hebr. 2:14-15; 1 Joh. 3:8. [6]Joh. 6:39; Joh. 10:27-30; 2 Thes. 3:3; 1 Petr. 1:5. [7]Mt. 10:29-30; Lk. 21:18. [8]Rom. 8:28. [9]Rom. 8:16; 2 Kor. 1:22; 2 Kor. 5:5; Efés. 1:13-14. [10]Rom. 8:14; 1 Joh. 3:3.

**2.** **Vr.** Hoeveel dinge is vir jou nodig om te weet sodat jy in hierdie troos, salig kan lewe en sterwe?

**Antw.** Drie dinge. Ten eerste: hoe groot my sonde en ellende is[1]. ➤

Ten tweede: hoe ek van al my sonde en ellende verlos kan word[2]. En ten derde: hoe ek God vir so 'n verlossing dankbaar moet wees[3].

[1]Mt. 9:12; Joh. 9:41; Rom. 3:10; 1 Joh. 1:9-10. [2]Lk. 24:46-47; Joh. 17:3; Hand. 4:12; Hand. 10:43; 1 Kor. 6:11; Tit. 3:3-7. [3]Ps. 50:14-15; Ps. 116:12-13; Mt. 5:16; Rom. 6:12-13; Efés. 5:10; 2 Tim. 2:15; 1 Petr. 2:9,12. Kyk ook Mt. 11:28-30; Efés. 5:8.

# MY EERSTE DEEL
# OOR DIE MENS SE ELLENDE

## SONDAG 2

**3.** **Vr.** Waaruit ken jy jou ellende?

**Antw.** Uit die wet van God[1].

[1]Rom. 3:20; Rom. 7:7.

**4.** **Vr.** Wat eis die wet van God van ons?

**Antw.** Dít leer Christus ons in die volgende samevatting (Mt. 22:37-40): **Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Aan hierdie twee gebooie hang die hele wet en die profete**[1].

[1]Lev. 19:18; Deut. 6:5; Mk. 12:30-31; Lk. 10:27.

**5.** **Vr.** Kan jy dit alles volkome onderhou?

**Antw.** Nee[1], want ek is van nature geneig om God en my naaste te haat[2].

[1]Rom. 3:10,20,23; 1 Joh. 1:8,10. [2]Gén. 6:5; Gén. 8:21; Jer. 17:9; Rom. 7:23; Rom. 8:7; Efés. 2:3; Tit. 3:3.

## SONDAG 3

**6.** **Vr.** Het God die mens dan so boos en verkeerd geskape?

**Antw.** Nee, maar God het die mens goed[1] en na sy ewebeeld[2] geskape, dit is, in ware regverdigheid en heiligheid, sodat hy God, sy Skepper, reg kan ken, Hom van harte kan liefhê en met Hom in die ewige saligheid kan lewe, om Hom te loof en te prys[3].

[1]Gén. 1:31. [2]Gén. 1:26-27. [3]2 Kor. 3:18; Efés. 4:24; Kol. 3:10.

**7.** **Vr.** Waar kom hierdie verdorwe aard van die mens dan vandaan?

**Antw.** Uit die val en ongehoorsaamheid van ons eerste voorouers, Adam en Eva, in die Paradys[1], waar ons natuur so verdorwe is, dat ons almal in sondes ontvang en gebore word[2].

[1]Gén. 3; Rom. 5:12,18-19. [2]Ps. 51:7; Joh. 3:6.

**8.** **Vr.** Maar is ons so verdorwe dat ons heeltemal onbekwaam is tot enige goed en geneig tot alle kwaad?

**Antw.** Ja[1], tensy ons deur die Gees van God wedergebore word[2].

[1]Gén. 6:5; Gén. 8:21; Job 14:4; Job 15:14,16,35; Jes. 53:6; Joh. 3:6; Tit. 3:3.
[2]Joh. 3:3,5; 1 Kor. 12:3; 2 Kor. 3:5.

## SONDAG 4

**9.** **Vr.** Doen God aan die mens dan geen onreg nie, dat Hy in sy wet van hom eis wat hy nie kan doen nie?

**Antw.** Nee[1], want God het die mens so geskape dat hy dit kon doen[2], maar die mens het homself en al sy nakomelinge deur ➤

die ingewing van die duiwel[3] en deur moedswillige ongehoorsaamheid van hierdie gawes beroof.

[1]Gén. 1:27; Efés. 4:24. [2]Gén. 3:13; Rom. 5:12; 1 Tim. 2:13-14. [3]Gén. 3:4-6; Rom. 5:12.

**10. Vr.** Wil God hierdie ongehoorsaamheid en afval ongestraf laat bly?

**Antw.** Nee, sekerlik nie, maar Hy vertoorn Hom verskriklik[1] oor die aangebore sowel as die werklike sondes en wil dit deur 'n regverdige oordeel tydelik en ewiglik straf[2], soos Hy gesê het: “Vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat geskrywe is in die boek van die wet om dit te doen nie[3].”

[1]Gén. 2:17; Rom. 5:12. [2]Ex. 20:5; Ex. 34:7; Ps. 5:6; Nah. 1:2; Rom. 1:18; Efés. 5:6; Hebr. 9:27. [3]Deut. 27:26; Gal. 3:10.

**11. Vr.** Is God dan nie ook barmhartig nie?

**Antw.** God is wel barmhartig[1], maar Hy is ook regverdig[2]. Daarom eis sy geregtigheid dat, die sonde wat teen die allerhoogste majesteit van God begaan is, ook met die hoogste, dit is, met die ewige straf aan liggaam en siel gestraf moet word[3].

[1]Ex. 20:6; Ex. 34:6-7. [2]Ex. 20:5; Ex. 23:7; Ex. 34:7; Ps. 5:5-6; Ps. 7:10. [3]Nah. 1:2-3; 2 Thes. 1:9.

# DIE TWEEDE DEEL
# OOR DIE VERLOSSING VAN DIE MENS

## SONDAG 5

**12. Vr.** Aangesien ons dan, na die regverdige oordeel van God, tydelike en ewige straf verdien het, is daar enige middel waardeur ons aan hierdie straf kan ontkom en weer met God versoen kan word?

➤

**Antw.** God wil dat aan sy geregtigheid voldoen word[1]; daarom moet ons daaraan óf deur onsself óf deur 'n ander volkome voldoen[2].

[1]Gén. 2:17; Ex. 20:5; Ex. 23:7; Eség. 18:4; 2 Thes. 1:6-7; Hebr. 10:30.
[2]Mt. 5:26; Rom. 8:3-4.

**13. Vr.** Maar kan ons deur onsself voldoen?

**Antw.** Nee, hoegenaamd nie, maar ons maak selfs die skuld nog daagliks meer[1].

[1]Job 4:18-19; Job 9:2-3; Job 15:15-16; Ps. 130:3; Mt. 6:12; Mt. 16:26; Mt. 18:25.

**14. Vr.** Kan daar ook êrens enige skepsel gevind word om vir ons te voldoen?

**Antw.** Nee, want ten eerste wil God die skuld wat die mens gemaak het, aan geen ander skepsel straf nie[1]; ten tweede kan ook geen enkele skepsel die las van die ewige toorn van God teen die sonde dra en ander skepsele daarvan verlos nie[2].

[1]Gén. 3:17; Eség. 18:4. [2]Ps. 130:3; Nah. 1:6.

**15. Vr.** Hoe 'n middelaar en verlosser moet ons dan soek?

**Antw.** So een wat 'n waaragtige[1] en regverdige[2] mens is, en nogtans ook sterker as alle skepsele, dit is, wat ook tegelyk waaragtig God is[3].

[1]1 Kor. 15:21. [2]Hebr. 7:26. [3]Jes. 7:14; Jes. 9:5; Jer. 23:6; Lk. 11:22; Rom. 8:3-4.

## SONDAG 6

**16. Vr.** Waarom moet hy 'n waaragtige en regverdige mens wees?

**Antw.** Omdat die regverdigheid van God eis dat die menslike natuur wat gesondig het, vir die sonde moet betaal[1], en omdat 'n mens wat self sondaar is, nie vir ander kan betaal nie[2].

[1]Jes. 53:3-5; Jer. 33:15-16; Eség. 18:4,20; Rom. 5:12-15; 1 Kor. 15:21; Hebr. 2:14-16. [2]Ps. 49:8; Hebr. 7:26-27; 1 Petr. 3:18.

**17. Vr.** Waarom moet hy tegelyk waaragtige God wees?

**Antw.** Sodat Hy uit krag van sy Godheid[1], die las van die toorn van God[2] aan sy mensheid kan dra[3] en vir ons die geregtigheid en die lewe kan verwerf en teruggee[4].

[1]Jes. 9:5; Rom. 1:4; Hebr. 1:3. [2]Deut. 4:24; Ps. 130:3; Nah. 1:6. [3]Jes. 53:4,11. [4]Jes. 53:5,11; Jes. 54:8; Joh. 3:16; Hand. 20:28; 1 Petr. 3:18.

**18. Vr.** Maar wie is hierdie middelaar wat tegelyk waaragtige God[1] en 'n waaragtige[2] regverdige mens is[3]?

**Antw.** Onse Here Jesus Christus[4] wat deur God aan ons geskenk is tot wysheid, regverdigheid, heiligmaking en verlossing[5].

[1]Jer. 23:6; Mal. 3:1; Rom. 8:3; Rom. 9:5; Gal. 4:4; 1 Joh. 5:20. [2]Lk. 1:42; Lk. 2:6-7; Rom. 1:3; Filip. 2:7; Hebr. 2:14,17; Hebr. 4:15. [3]Jes. 53:9,11; Jer. 23:5; Lk. 1:35; Joh. 8:46; 1 Petr. 1:19; 1 Petr. 2:22; 1 Petr. 3:18. [4]Mt. 1:23; Lk. 2:11; Joh. 1:1,14; Joh. 14:6; 1 Tim. 2:5; 1 Tim. 3:16; Hebr. 2:9. [5]1 Kor. 1:30; 2 Kor. 5:21.

**19. Vr.** Waaruit weet jy dit?

**Antw.** Uit die heilige Evangelie wat God self eers in die paradys geopenbaar het[1] en daarna deur die heilige aartsvaders[2] en profete[3] laat verkondig en deur die offerandes en ander seremonies van die Wet vooraf laat afbeeld het[4] en eindelik deur sy eniggebore Seun vervul het[5].

[1]Gén. 3:15. [2]Gén. 12:3; Gén. 22:18; Gén. 26:4; Gén. 49:10. [3]Jes. 42:1-4; Jes. 43:25; Jes. 49:6; Jes. 53; Jer. 23:5-6; Jer. 31:32-33; Mig. 7:18-20; Joh. 5:46; Hand. 3:22-24; Hand. 10:43; Rom. 1:2; Hebr. 1:1. [4]Kol. 2:17; Hebr. 10:1,7. [5]Rom. 10:4; Gal. 3:24; Gal. 4:4-5; Kol. 2:17.

## SONDAG 7

**20. Vr.** Word alle mense dan weer deur Christus salig soos hulle deur Adam verlore gegaan het?

**Antw.** Nee[1], maar alleen dié wat in Hom deur 'n ware geloof ingelyf word en al sy weldade aanneem[2].

[1]Mt. 7:14; Mt. 22:14. [2]Ps. 2:12; Mk. 16:16; Joh. 1:12-13; Joh. 3:16,18,36; Rom. 3:22; Rom. 11:20; Hebr. 4:2-3; Hebr. 5:9; Hebr. 10:39; Hebr. 11:6.

**21. Vr.** Wat is 'n ware geloof?

**Antw.** 'n Ware geloof is nie alleen 'n gewisse kennis waardeur ek alles vir waar hou wat God aan ons in sy Woord geopenbaar het nie[1], maar ook 'n vaste vertroue[2] wat die Heilige Gees[3] deur die Evangelie in my hart werk[4], dat nie alleen aan ander nie, maar ook aan my vergewing van sondes, ewige geregtigheid en saligheid[5] deur God geskenk is uit loutere genade, alleen ter wille van die verdienste van Christus[6].

[1]Rom. 4:20-21; Hebr. 11:1,3; Jak. 1:6. [2]Ps. 9:11; Rom. 4:16-21; Rom. 5:1; Rom. 10:10; Efés. 3:12; Hebr. 4:16. [3]Mt. 16:17; Joh. 3:5; Joh. 6:29; Hand. 16:14; 2 Kor. 4:13; Efés. 2:8; Filip. 1:19. [4]Mk. 16:15; Hand. 10:44; Hand. 16:14; Rom. 1:16; Rom. 10:17; Gal. 2:16; 1 Kor. 1:21. [5]Háb. 2:4; Hand. 10:43; Rom. 1:17; Gal. 3:11; Hebr. 10:10,38. [6]Lk. 1:77-78; Joh. 20:31; Rom. 3:24; Rom. 5:10; Efés. 2:8.

**22. Vr.** Wat is dan vir 'n Christen nodig om te glo?

**Antw.** Alles wat ons in die Evangelie beloof word[1], wat die artikels van ons algemene en ongetwyfelde Christelike geloof ons, kort saamgevat, leer.

[1]Mt. 28:19; Mk. 1:15; Joh. 20:31.

**23. Vr.** Hoe lui die artikels?

**Antw.** (1) Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van hemel en aarde. (2) En in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, onse Here; (3) wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore uit die maagd Maria; (4) wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig, gestorwe en begrawe is, en ter helle neergedaal het; (5) wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dode; (6) opgevaar het na die hemel, en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader; (7) vanwaar Hy sal kom om te oordeel die lewende en die dode. (8) Ek glo in die Heilige Gees. (9) Ek glo aan 'n heilige, algemene, Christelike Kerk, die gemeenskap van die heiliges; (10) die vergewing van sondes, (11) die wederopstanding van die vlees, (12) en 'n ewige lewe.

## SONDAG 8

**24. Vr.** Hoe word hierdie artikels verdeel?

**Antw.** In drie dele: die eerste handel oor God die Vader en ons skepping; die tweede oor God die Seun en ons verlossing; die derde oor God die Heilige Gees en ons heiligmaking.

**25. Vr.** Aangesien daar maar een, enige Goddelike Wese is[1], waarom noem jy die Vader, die Seun en die Heilige Gees?

**Antw.** Omdat God Hom só in sy Woord geopenbaar het dat dié drie onderskeie Persone die enige, waaragtige en ewige God is[2].

[1]Deut. 6:4; Jes. 44:6; Jes. 45:5; 1 Kor. 8:4,6; Efés. 4:5-6. [2]Gén. 1:2-3; Jes. 61:1; Mt. 3:16-17; Mt. 28:19; Lk. 1:35; Lk. 4:18; Joh. 14:26; Joh. 15:26; Hand. 2:32-33; 2 Kor. 13:13; Gal. 4:6; Efés. 2:18; Tit. 3:4-6.

# OOR GOD DIE VADER EN ONS SKEPPING

## SONDAG 9

**26. Vr.** Wat glo jy met hierdie woorde: *Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van hemel en aarde*?

**Antw.** Dat die ewige Vader van onse Here Jesus Christus, wat hemel en aarde, met alles wat daarin is, uit niks geskape het[1], wat ook deur sy ewige raad en voorsienigheid dit nog onderhou en regeer[2] ter wille van sy Seun, Christus, my God en my Vader is[3]; op wie ek so vertrou dat ek nie twyfel nie dat Hy my met alles wat nodig is vir liggaam en siel sal versorg[4] en ook al die kwaad wat Hy oor my in hierdie jammerdal beskik, vir my tot heil sal beskik[5], omdat Hy dit kan doen as 'n almagtige God[6] en ook wil doen as 'n getroue Vader[7].

[1]Gén. 1:1; Gén. 2:1; Ex. 20:11; Job 33:4; Job 38:4-11; Ps. 33:6; Jes. 40:26; Jes. 45:5-7; Hand. 4:24; Hand. 14:15. [2]Ps. 104:2-5,27-30; Ps. 115:3; Mt. 10:29-30; Rom. 11:36; Efés. 1:11. [3]Joh. 1:12; Joh. 20:17; Rom. 8:15; Gal. 4:5-7; Efés. 1:5. [4]Ps. 55:23; Mt. 6:25-26; Lk. 12:22-24. [5]Rom. 8:28; Hebr. 12:6-11. [6]Rom. 8:37-39; Rom. 10:12; Openb. 1:8. [7]Mt. 6:32-33; Mt. 7:9-11.

## SONDAG 10

**27. Vr.** Wat verstaan jy onder die voorsienigheid van God?

**Antw.** Die almagtige en alomteenwoordige krag van God[1], waardeur Hy hemel en aarde en al die skepsele asof met sy hand nog onderhou en so regeer[2] dat lower en gras, reën en droogte[3], vrugbare en onvrugbare jare, spys en drank, gesondheid en krankheid[4], rykdom en armoede[5] en alle dinge nie by toeval nie, maar uit sy vaderlike hand ons te beurt val[6].

[1]Ps. 94:9-10; Jes. 29:15-16; Jer. 23:23-24; Eség. 8:12; Mt. 17:27; Hand. 17:25-28. [2]Hebr. 1:3. [3]Jer. 5:24; Hand. 14:17. [4]Spr. 22:2; Joh. 9:3. [5]Spr. 16:33. [6]Mt. 10:29-30; Jak. 1:17.

**28. Vr.** Wat baat dit ons dat ons weet dat God alles geskape het en nog deur sy voorsienigheid onderhou?

**Antw.** Dat ons in alle teenspoed geduldig[1], in voorspoed dankbaar kan wees[2], en in alles wat nog oor ons kan kom, 'n vaste vertroue kan stel op ons getroue God en Vader[3], dat geen skepsel ons van sy liefde sal skei nie[4], aangesien alle skepsele so in sy hand is dat hulle, teen sy wil, hulle nie kan roer of beweeg nie[5].

[1]Job 1:21-22; Ps. 39:10; Rom. 5:3-4; Jak. 1:3. [2]Deut. 8:10; 1 Thes. 5:18. [3]Ps. 55:23; Rom. 5:4-5; Rom. 8:38-39. [4]Job 1:12; Job 2:6; Spr. 21:1. [5]Hand. 17:25-28.

# OOR GOD DIE SEUN EN ONS VERLOSSING

## SONDAG 11

**29. Vr.** Waarom word die Seun van God, *Jesus, dit is, Saligmaker*, genoem?

**Antw.** Omdat Hy ons salig maak en van al ons sondes verlos[1]; en verder dat by niemand anders enige saligheid te soek of te vinde is nie[2].

[1]Mt. 1:21; Hebr. 7:25. [2]Jes. 43:11; Joh. 15:4-5; Hand. 4:11-12; 1 Tim. 2:5; 1 Joh. 5:11-12.

**30. Vr.** Glo húlle dan ook in die enigste Saligmaker Jesus, wat hul saligheid en heil by die heiliges, by hulself of êrens anders soek?

**Antw.** Nee, maar hulle verloën met die daad die enigste Saligmaker en Heiland, Jesus, ofskoon hulle met die mond in Hom roem[1]; want één van die twee: óf Jesus is geen volkome Saligmaker nie, óf dié wat hierdie Saligmaker met 'n ware geloof aanneem, moet alles in Hom hê wat vir hul saligheid nodig is[2].

[1]1 Kor. 1:13,30-31; Gal. 5:4. [2]Jes. 9:6; Kol. 1:19-20; Kol. 2:10; Hebr. 12:2; 1 Joh. 1:7.

## SONDAG 12

**31. Vr.** Waarom word Hy *Christus, dit is Gesalfde*, genoem?

**Antw.** Omdat Hy deur God die Vader verordineer en met die Heilige Gees gesalf[1] is, tot ons hoogste Profeet en Leraar[2], wat ons die verborge raad en wil van God aangaande ons verlossing ten volle geopenbaar het[3]; en tot ons enigste Hoëpriester[4] wat ons met die enige offerande van sy liggaam verlos het[5] en vir ons met sy voorbidding gedurigdeur intree by die Vader[6]; en tot ons ewige Koning wat ons met sy Woord en Gees regeer en ons by die verworwe verlossing beskut en bewaar[7].

[1]Ps. 45:8; Jes. 61:1; Lk. 4:18; Hand. 10:38; Hebr. 1:9. [2]Deut. 18:15; Jes. 55:4; Hand. 3:22. [3]Mt. 11:27; Joh. 1:18; Joh. 15:15. [4]Ps. 110:4; Hebr. 7:21. [5]Hebr. 9:12,14,28; Hebr. 10:12,14. [6]Rom. 5:9-10; Rom. 8:34; Hebr. 9:24; 1 Joh. 2:1. [7]Ps. 2:6; Sag. 9:9; Mt. 21:5; Mt. 28:18; Lk. 1:33; Joh. 10:28; Openb. 12:10-11.

**32. Vr.** Maar waarom word jy 'n Christen genoem[1]?

**Antw.** Omdat ek deur die geloof 'n lid van Christus is, en daardeur deel het aan sy salwing[2], sodat ek sy Naam bely[3], myself as 'n lewende dankoffer aan Hom toewy[4], en met 'n vrye en goeie gewete in hierdie lewe teen die sonde en die duiwel stry[5], en hierna in ewigheid met Hom oor alle skepsele regeer[6].

[1]Hand. 11:26. [2]Jes. 59:21; Joël 2:28; Hand. 2:17; 1 Kor. 6:15; 1 Joh. 2:27. [3]Mt. 10:32-33; Rom. 10:10. [4]Ex. 19:6; Rom. 12:1; 1 Petr. 2:5; Openb. 1:6; Openb. 5:8,10. [5]Rom. 6:12-13; Gal. 5:16-17; Efés. 6:11; 1 Tim. 1:18-19; 1 Petr. 2:9,11. [6]Mt. 25:34; 2 Tim. 2:12; Openb. 22:5.

## SONDAG 13

**33. Vr.** Waarom word Hy die *eniggebore Seun van God* genoem as óns tog ook kinders van God is?

➤

**Antw.** Omdat Christus alleen die ewige, natuurlike Seun van God is[1], terwyl ons, om sy ontwil, uit genade tot kinders van God aangeneem is[2].

[1]Joh. 1:14,18; Joh. 3:16; Rom. 8:32; Hebr. 1:1-2; 1 Joh. 4:9. [2]Joh. 1:12; Rom. 8:15-17; Gal. 4:6; Efés. 1:5-6.

**34. Vr.** Waarom noem jy Hom *onse Here*?

**Antw.** Omdat Hy ons met liggaam en siel van al ons sondes, nie met goud of silwer nie, maar met sy dierbare bloed gekoop en van alle heerskappy van die duiwel verlos het en ons tot sy eiendom gemaak het[1].

[1]Joh. 20:28; 1 Kor. 6:20; 1 Kor. 7:23; Efés. 1:7; 1 Tim. 2:6; 1 Petr. 1:18-19; 1 Petr. 2:9.

## SONDAG 14

**35. Vr.** Wat beteken die woorde: *Wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore uit die maagd Maria?*

**Antw.** Dat die ewige Seun van God, wat waaragtige en ewige God is[1] en bly[2], 'n ware menslike natuur uit die vlees en bloed van die maagd Maria[3] deur die werking van die Heilige Gees, aangeneem het[4], sodat Hy ook die ware nakomeling van Dawid sou wees[5], aan sy broeders in alle opsigte gelyk[6], uitgesonderd die sonde[7].

[1]Mt. 1 :23; Mt. 3:17; Mt. 16:16; Mt. 17:5; Mk. 1:11; Joh. 1:1; Joh. 17:3,5; Joh. 20:28; Rom. 1:3-4; Rom. 9:5; Filip. 2:6; Kol. 1:15-16; Tit. 2:13; Hebr. 1; 1 Joh. 5:20. [2]Rom. 9:5. [3]Lk. 1:31,42-43; Joh. 1:14; Gal. 4:4; Filip. 2:8. [4]Mt 1:18,20; Lk. 1:35. [5]2 Sam. 7:12; Ps. 132:11; Mt. 1:1; Lk. 1:32; Hand. 2:30-31; Rom. 1:3. [6]Filip. 2:7. [7]Hebr. 4:15; Hebr. 7:26-27.

**36. Vr.** Watter nut verkry jy deur die heilige ontvangenis en geboorte van Christus?

**Antw.** Dat Hy ons Middelaar is[1] en met sy onskuld en volkome heiligheid my sonde waarin ek ontvang en gebore is, voor die aangesig van God bedek[2].

[1]Hebr. 2:16-18; Hebr. 7:26-27. [2]Ps. 32:1; Jes. 53:11; Rom. 8:3-4; 1 Kor. 1:30-31; 1 Petr. 1:18-19; 1 Petr. 3:18.

## SONDAG 15

**37. Vr.** Wat verstaan jy onder die woordjie *gely*?

**Antw.** Dat Hy aan liggaam en siel die ganse tyd van sy lewe op aarde, maar veral aan die end van sy lewe, die toorn van God teen die sonde van die ganse menslike geslag gedra het[1], sodat Hy met sy lyding as die enigste soenoffer[2] ons liggaam en ons siel van die ewige verdoemenis sou verlos[3], en vir ons die genade van God, geregtigheid en die ewige lewe sou verwerf[4].

[1]Jes. 53:4,12; 1 Tim. 2:6; 1 Petr. 2:24; 1 Petr. 3:18. [2]Jes. 53:10; Rom. 3:25; 1 Kor. 5:7; Efés. 5:2; Hebr. 9:28; Hebr. 10:14; 1 Joh. 2:2; 1 Joh. 4:10. [3]Gal. 3:13; Kol. 1:13; Hebr. 9:12; 1 Petr. 1:18-19. [4]Joh. 3:16; Joh. 6:51; 2 Kor. 5:21; Hebr. 9:15; Hebr. 10:19.

**38. Vr.** Waarom het Hy *onder die regter Pontius Pilatus* gely?

**Antw.** Sodat Hy wat onskuldig onder die wêreldlike regter veroordeel is[1], ons daarmee sou bevry van die strenge oordeel van God wat oor ons moes gaan[2].

[1]Mt. 27:24; Lk. 23:13-15; Joh. 18:38; Joh. 19:4; Joh. 19:11. [2]Jes. 53:4-5; 2 Kor. 5:21; Gal. 3:13.

**39. Vr.** Sit daar iets meer in dat Hy *gekruisig* is as dat Hy 'n ander dood sou gesterf het?

➤

**Antw.** Ja, want daardeur is ek seker dat Hy die vervloeking wat op my gerus het, op Hom geneem het[1], aangesien die kruisdood deur God vervloek was[2].

[1]Gal. 3:13. [2]Deut. 21:23.

## SONDAG 16

**40. Vr.** Waarom moes Christus Hom tot *in die dood* verneder?

**Antw.** Omdat weens die geregtigheid en waarheid van God[1], nie anders vir ons sondes betaal kon word, as deur die dood van die Seun van God nie[2].

[1]Gén. 2:17. [2]Rom. 8:3-4; Filip. 2:8; Hebr. 2:9,14-15.

**41. Vr.** Waarom is Hy *begrawe*?

**Antw.** Om daarmee te betuig dat Hy waarlik gesterf het[1].

[1]Mt. 27:59-60; Lk. 23:53; Joh. 19:38,40-42; Hand. 13:29; 1 Kor. 15:3-4.

**42. Vr.** As Christus dan vir ons gesterf het, hoe kom dit dat ons ook moet sterwe?

**Antw.** Ons dood is geen betaling vir ons sondes nie[1], maar alleen 'n afsterwing van die sondes en 'n deurgang tot die ewige lewe[2].

[1]Ps. 49:8; Mk. 8:37 . [2]Joh. 5:24; Rom. 7:24-25; Filip. 1:23.

**43. Vr.** Watter nut verkry ons nog meer uit die offerande en die dood van Christus aan die kruis?

**Antw.** Dat deur sy krag ons oue mens saam met Hom gekruisig, gedood en begrawe word[1], sodat die bose luste van die vlees in ➤

ons nie meer regeer nie[2], maar sodat ons onsself aan Hom as 'n offerande van dankbaarheid kan toewy[3].

[1]Rom. 6:6. [2]Rom. 6:8,11-12. [3]Rom. 12:1.

**44. Vr.** Waarom volg daar: *Wat ter helle neergedaal het?*

**Antw.** Dat ek in my swaarste aanvegtinge versekerd kan wees en myself volkome kan vertroos, dat my Here Jesus Christus deur sy onuitspreeklike benoudheid, smarte, verskrikking en helse kwelling waarin Hy in sy ganse lyding[1], maar veral aan die kruis, versink het, my van die helse benoudheid en pyn verlos het[2].

[1]Jes. 53:5. [2]Mt. 26:38; Mt. 27:46; Hebr. 5:7.

## SONDAG 17

**45. Vr.** Watter nut het die *opstanding* van Christus vir ons?

**Antw.** Ten eerste het Hy deur sy opstanding die dood oorwin, sodat Hy ons die geregtigheid deelagtig kon maak wat Hy deur sy dood vir ons verwerf het[1]. Ten tweede word ons ook deur sy krag opgewek tot 'n nuwe lewe[2]. Ten derde is die opstanding van Christus vir ons 'n gewisse pand van ons salige opstanding[3].

[1]Rom. 4:25; 1 Kor. 15:16-18; 1 Petr. 1:3. [2]Rom. 6:4; 2 Kor. 5:15,17; Kol. 3:1-3; Efés. 2:4-6. [3]Rom. 8:11; 1 Kor. 15:20-22.

## SONDAG 18

**46. Vr.** Wat verstaan jy onder: *Wat opgevaar het na die hemel?*

**Antw.** Dat Christus voor die oë van sy dissipels van die aarde in ➤

die hemel opgeneem is[1], en dat Hy ons ten goede dáár is[2], totdat Hy terugkom om te oordeel die lewende en die dode[3].

[1]Mk. 16:19; Lk. 24:51; Hand. 1:9. [2]Rom. 8:34; Efés. 4:10; Kol. 3:1; Hebr. 4:14; Hebr. 7:24-25; Hebr. 9:24. [3]Mt. 24:30; Hand. 1:11.

**47. Vr.** Is Christus dan nie by ons, tot aan die einde van die wêreld soos Hy ons beloof het nie[1]?

**Antw.** Christus is waaragtige mens en waaragtige God. Na sy menslike natuur is Hy nie meer op aarde nie[2], maar na sy Godheid, majesteit, genade en Gees wyk Hy nooit meer van ons nie[3].

[1]Mt. 28:20. [2]Mt. 26:11; Joh. 16:28; Joh. 17:11; Hand. 3:21; Hebr. 8:4. [3]Mt. 28:20; Joh. 4:16-18; Joh. 16:13.

**48. Vr.** Maar as die mensheid nie orals is waar die Godheid is nie, word die twee nature in Christus dan nie van mekaar geskei nie?

**Antw.** Geheel en al nie, want aangesien die Godheid deur niks ingesluit kan word nie en oral teenwoordig is[1], moet daaruit volg dat die Godheid wel buite sy aangenome mensheid is[2] en ewenwel tog ook daarin is en persoonlik daarmee verenig bly.

[1]Jes. 66:1; Jer. 23:23-24; Hand. 7:49; Hand. 17:27,28. [2]Mt. 28:6; Joh. 3:13; Joh. 11:15; Kol. 2:9.

**49. Vr.** Watter nut het die *hemelvaart* van Christus vir ons?

**Antw.** Ten eerste, dat Hy in die hemel voor die aangesig van sy Vader ons Voorspraak is[1]. Ten tweede, dat ons ons vlees in die hemel as 'n gewisse pand het, dat Hy as die Hoof ons, sy lede, ook tot Hom sal neem[2]. Ten derde, dat Hy ons sy Gees as 'n teenpand stuur[3], deur wie se krag ons soek wat daarbo is, waar ➤

Christus is en sit aan die regterhand van God, en nie wat op die aarde is nie[4].

[1]Rom. 8:34; 1 Joh. 2:1. [2]Joh. 14:2-3; Joh. 17:24; Joh. 20:17; Efés. 2:6. [3]Joh. 14:16; Joh. 16:7; Hand. 2:33; 2 Kor. 1:22; 2 Kor. 5:5. [4]Filip. 3:14,20; Kol. 3:1-2.

## SONDAG 19

**50. Vr.** Waarom word daarby gevoeg: *En sit aan die regterhand van God?*

**Antw.** Omdat Christus, daarom na die hemel opgevaar het, dat Hy Hom daar sou betoon as die Hoof van sy Christelike Kerk[1], deur wie die Vader alle dinge regeer[2].

[1]Efés. 1:20-23; Kol. 1:18. [2]Mt. 28:18; Joh. 5:22.

**51. Vr.** Watter nut bring hierdie heerlikheid van ons Hoof, Christus vir ons?

**Antw.** Eerstens, dat Hy deur sy Heilige Gees die hemelse gawes in ons, sy lede, uitgiet[1]. Daarna dat Hy ons met sy mag teen alle vyande beskut en bewaar[2].

[1]Hand. 2:33; Efés. 4:7-8,10-12. [2]Ps. 2:9; Ps. 110:1-2; Joh. 10:28; Efés. 4:8; Openb. 12:5.

**52. Vr.** Hoe word jy getroos deur die *wederkoms van Christus, om te oordeel die lewende en die dode?*

**Antw.** Dat ek in alle droefenis en vervolging met 'n opgerigte hoof, dieselfde Een, wat Hom tevore om my ontwil voor die strafgerig van God gestel en die ganse vloek van my weggeneem het, as 'n Regter uit die hemel verwag[1] wat al sy en my vyande in die ewige verdoemenis sal werp[2], maar my met al die uit- ➤

verkorenes tot Hom in die hemelse blydskap en heerlikheid sal neem[3].

[1]Lk. 21:28; Filip. 3:20; 1 Thes. 4:16; Tit. 2:13. [2]Mt. 25:41; 2 Thes. 1:6,8-9. [3]Mt. 25:34; 2 Thes. 1:7,10.

# OOR GOD, DIE HEILIGE GEES, EN ONS HEILIGMAKING

## SONDAG 20

**53. Vr.** Wat glo jy van *die Heilige Gees?*

**Antw.** Ten eerste, dat Hy saam met die Vader en die Seun ware en ewige God is[1]. Ten tweede, dat Hy ook aan my gegee is[2] om my deur 'n ware geloof, Christus en al sy weldade deelagtig te maak[3], my te troos[4] en ewig by my te bly[5].

[1]Gén. 1:2; Jes. 48:16; Hand. 5:3-4; 1 Kor. 2:10; 1 Kor. 3:16; 1 Kor. 6:19. [2]Mt. 28:19; Joh. 14:17; Rom. 8:11; 2 Kor. 1:21-22; Gal. 3:14; Gal. 4:6; Efés. 1:13. [3]Joh. 16:14; 1 Kor. 2:12; 1 Kor. 6:17; 1 Petr. 1:2. [4]Joh. 15:26; Hand. 9:31. [5]Joh. 14:16-17; 1 Petr. 4:14.

## SONDAG 21

**54. Vr.** Wat glo jy van *die heilige, algemene Christelike Kerk*?

**Antw.** Dat die Seun van God[1] uit die ganse menslike geslag[2] vir Hom 'n gemeente wat tot die ewige lewe uitverkies is[3] deur sy Gees en Woord[4], in die eenheid van die ware geloof[5], van die begin van die wêreld af tot aan die einde toe[6] vergader, beskerm en onderhou[7]; en dat ek daarvan 'n lewende lid is[8] en ewig sal bly[9].

[1]Joh. 10:11; Efés. 4:11-13; Efés. 5:25-26. [2]Gén. 26:4; Jes. 49:6; Rom. 10:12-13; Openb. 5:9. [3]Ps. 111:1; Hand. 20:28; Rom. 8:29-30;

Efés. 1:10; Hebr. 12:22-23; 1 Petr. 2:9. [4]Jes. 59:21; Rom. 1:16; Rom. 10:14-17; Efés. 5:26. [5]Joh. 17:21; Hand. 2:42; Efés. 4:3-6; 1 Tim. 3:16. [6]Ps. 71:17-18; Jes. 59:21; 1 Kor. 11:26. [7]Ps. 129:1-5; Mt. 16:18; Joh. 10:16,28-30. [8]Rom. 8:10; 1 Joh. 3:14,19-21. [9]Ps. 23:6; Joh. 10:28; Rom. 8:35-39; 1 Kor. 1:8-9; 1 Petr. 1:5; 1 Joh. 2:17-19.

**55. Vr.** Wat verstaan jy onder die *gemeenskap van die heiliges?*

**Antw.** Ten eerste, dat die gelowiges, almal saam en elkeen afsonderlik, as lede aan die Here Christus en al sy skatte en gawes gemeenskap het[1]. Ten tweede, dat elkeen moet weet dat hy skuldig is om sy gawes tot nut en saligheid van die ander lede gewillig en met vreugde aan te wend[2].

[1]Rom. 8:32; 1 Kor. 6:17; 1 Kor. 12:12-13; 1 Joh. 1:3. [2]1 Kor. 12:21; 1 Kor. 13:1-7; Filip. 2:2-5.

**56. Vr.** Wat glo jy van die *vergewing van die sondes?*

**Antw.** Dat God, op grond van die genoegdoening van Christus, aan al my sondes, ook my sondige aard waarteen ek my hele lewe lank moet stry[1], nooit meer wil gedenk nie, maar my uit genade die geregtigheid van Christus wil skenk[2], sodat ek nooit in die strafgerig van God sal kom nie[3].

[1]Rom. 7:19-23; 2 Kor. 5:9; 1 Joh. 1:7; 1 Joh. 2:1-2. [2]Ps. 103:3,10,12; Jer. 31:34; Miga 7:19; Rom. 7:23-25; 2 Kor. 5:21. [3]Joh. 3:18; Joh. 5:24.

## SONDAG 22

**57. Vr.** Watter troos gee die *opstanding van die vlees* aan jou?

**Antw.** Dat nie alleen my siel ná hierdie lewe dadelik tot Christus, sy Hoof, opgeneem sal word nie[1], maar dat ook hierdie vlees van my, deur die krag van Christus opgewek, weer met my siel verenig, en gelykvormig sal word aan die heerlike liggaam van Christus[2].

[1]Lk. 16:22; Lk. 20:37-38; Lk. 23:43; Filip. 1:21,23; Openb. 14:13.
[2]Job 19:25-27; 1 Kor. 15:53-54; Filip. 3:21; 1 Joh. 3:2.

**58. Vr.** Watter troos skep jy uit die artikel van die *ewige lewe*?

**Antw.** Dat, aangesien ek nou die beginsel van die ewige vreugde in my hart gevoel[1], ek ná hierdie lewe volkome saligheid sal besit, wat geen oog gesien, geen oor gehoor, en wat in die hart van geen mens opgekom het nie, en dit om God ewig daarin te prys[2].

[1]2 Kor. 5:2-3. [2]Joh. 17:24; 1 Kor. 2:9.

## SONDAG 23

**59. Vr.** Maar wat baat dit jou nou dat jy dit alles glo?

**Antw.** Dat ek in Christus, voor God regverdig en 'n erfgenaam van die ewige lewe[1] is.

[1]Háb. 2:4; Joh. 3:36; Rom. 1:17.

**60. Vr.** Hoe is jy regverdig voor God?

**Antw.** Alleen deur 'n ware geloof in Jesus Christus[1]; só, dat al klaag my gewete my ook aan, dat ek teen al die gebooie van God swaar gesondig en geeneen daarvan gehou het nie[2] en dat ek nog gedurigdeur tot alle boosheid geneig is[3], God my nogtans, sonder enige verdienste aan my kant[4], uit louter genade[5], die volkome genoegdoening[6], geregtigheid en heiligheid van Christus[7] skenk en toereken[8], asof ek nooit sonde gehad of gedoen het nie, ja, asof ek self alle gehoorsaamheid volbring het wat Christus vir my volbring het[9], as ek maar net so weldaad met 'n gelowige hart aanneem[10].

[1]Rom. 3:21-26; Rom. 5:1-2; Gal. 2:16; Efés. 2:8-9; Filip. 3:9. [2]Rom. 3:9.
[3]Rom. 7:19-23. [4]Deut. 9:6; Eség. 36:22; Rom. 7:23-25. [5]Rom. 3:24; Efés. 2:8;

Tit. 3:5. [6]1 Joh. 2:1-2. [7]1 Kor. 1:30. [8]Rom. 4:4-8; 2 Kor. 5:19. [9]2 Kor. 5:21. [10]Joh. 3:18; Rom. 3:22.

**61. Vr.** Waarom sê jy dat jy alleen deur die geloof geregverdig is?

**Antw.** Nie dat ek vanweë die waardigheid van my geloof God welgevallig is nie, maar daarom, dat alleen die genoegdoening, geregtigheid en heiligheid van Christus my geregtigheid voor God is[1], en dat ek dit nie anders as alleen deur die geloof kan aanneem en vir my kan toeëien nie[2].

[1]1 Kor. 1:30; 1 Kor. 2:2. [2]1 Joh. 5:

## SONDAG 24

**62. Vr.** Maar waarom kan ons goeie werke nie die geregtigheid voor God, of 'n deel daarvan, wees nie?

**Antw.** Omdat die geregtigheid wat voor die strafgerig van God kan bestaan, heeltemal volkome en in alle dele gelykvormig moet wees aan die wet van God[1], en dat ook ons beste werke in hierdie lewe almal onvolkome en met sondes bevlek is[2].

[1]Deut. 27:26; Gal. 3:10. [2]Jes. 64:6.

**63. Vr.** Verdien ons goeie werke dan niks nie, terwyl God hulle tog in hierdie en in die toekomende lewe wil beloon?

**Antw.** Hierdie beloning word nie uit verdienste gegee nie, maar uit genade[1].

[1]Lk. 17:10.

**64. Vr.** Maar maak hierdie leer nie sorgelose en goddelose mense nie?

**Antw.** Nee, want dit is onmoontlik dat iemand wat in Christus ➤

deur 'n ware geloof ingeplant is, geen vrugte van dankbaarheid sou voortbring nie[1].

[1]Mt. 7:18; Joh. 15:5.

# OOR DIE SAKRAMENTE

## SONDAG 25

**65. Vr.** Aangesien alleen die geloof ons laat deel in Christus en al sy weldade, waar kom so 'n geloof dan vandaan?

**Antw.** Van die Heilige Gees[1] wat die geloof in ons harte werk, deur die verkondiging van die heilige Evangelie en dit versterk deur die gebruik van die Sakramente[2].

[1]Joh. 3:5; 1 Kor. 2:12; 1 Kor. 12:3; Efés. 1:17-18; Efés. 2:8; Efés. 6:23; Filip. 1:29. [2]Mt. 28:19; Hand. 16:14; Rom. 10:17; 1 Petr. 1:22-23.

**66. Vr.** Wat is sakramente?

**Antw.** Die sakramente is heilige, sigbare waartekens en seëls deur God ingestel, om ons deur die gebruik daarvan, die belofte van die Evangelie des te beter te laat verstaan en te verseël; naamlik, dat Hy ons vanweë die enige offerande van Christus, wat aan die kruis volbring is, vergewing van sondes en die ewige lewe uit genade skenk[1].

[1]Gén. 17:11; Lev. 6:25; Deut. 30:6; Jes. 6:6-7; Jes. 54:9; Eség. 20:12; Rom. 4:11; Hebr. 9:7-24.

**67. Vr.** Is die Woord en die sakramente altwee dan daarvoor bedoel, of daartoe verorden, om ons geloof op die offerande van Jesus Christus aan die kruis, as op die enigste grond van ons saligheid te wys?

➤

**Antw.** Ja, seker, want die Heilige Gees leer ons in die Evangelie en verseker ons deur die sakramente dat ons volkome saligheid gegrond is op die enige offerande van Christus, wat vir ons aan die kruis geskied het[1].

[1]Rom. 6:3; Gal. 3:27.

**68. Vr.** Hoeveel sakramente het Christus in die Nuwe Verbond of Testament ingestel?

**Antw.** Twee, naamlik die heilige doop en die heilige nagmaal.

# OOR DIE HEILIGE DOOP

## SONDAG 26

**69. Vr.** Hoe word jy in die heilige doop daarop gewys en daarvan verseker dat die enige offerande van Christus, wat aan die kruis geskied het, jou ten goede kom?

**Antw.** Só, dat Christus hierdie uitwendige waterbad ingestel het[1], en daarby beloof het[2] dat ek net so seker met sy bloed en Gees gewas is van die onreinheid van my siel – dit is van al my sondes[3] – as wat ek uitwendig gewas is met die water wat die onsuiwerheid van die liggaam wegneem.

[1]Mt. 28:19. [2]Mt. 3:11; Mk. 1:4; Mk. 16:16; Joh. 1:33; Hand. 2:38; Rom. 6:3-4.
[3]Mk. 1:4; Lk. 3:3; 1 Petr. 3:21.

**70. Vr.** Wat beteken dit om met die bloed en die Gees van Christus gewas te wees?

**Antw.** Dit is om van God vergewing van sondes uit genade te ontvang, op grond van die bloed van Christus wat Hy in sy offerande aan die kruis vir ons vergiet het[1], en dan ook om deur die ➤

Heilige Gees vernuwe en tot lede van Christus geheilig te wees, sodat ons hoe langer hoe meer die sondes afsterwe en in 'n Godsalige, onberispelike lewe wandel[2].

[1]Eség. 36:25; Sag. 13:1; Hebr. 12:24; 1 Petr. 1:2; Openb. 1:5; Openb. 7:14.
[2]Eség. 36:26-27; Joh. 1:33; Joh. 3:5; Rom 6:4; 1 Kor. 6:11; 1 Kor. 12:13; Kol. 2:11-12.

**71. Vr.** Waar het Christus ons beloof dat Hy ons so seker met sy bloed en Gees wil was, as wat ons met die doopwater gewas word?

**Antw.** In die instelling van die doop wat aldus lui: *Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees* (Mt. 28:19); en: *Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word* (Mk. 16:16). Hierdie belofte word ook herhaal waar die Skrif die doop *die bad van die wedergeboorte en die afwassing van die sondes noem* (Tit. 3:5; Hand. 22:16).

## SONDAG 27

**72. Vr.** Is die uiterlike waterbad dan die afwassing van die sondes self?

**Antw.** Nee[1], want alleen die bloed van Jesus Christus en die Heilige Gees reinig ons van alle sondes[2].

[1]Mt. 3:11; Efés. 5:26; 1 Petr. 3:21. [2]1 Kor. 6:11; 1 Joh. 1:7.

**73. Vr.** Waarom noem die Heilige Gees, die doop dan die bad van die wedergeboorte en die afwassing van die sondes?

**Antw.** God spreek so nie sonder gewigtige redes nie; naamlik nie alleen om ons daardeur te leer dat net soos die onsuiwerheid van die liggaam, deur die water, so ook ons sondes deur ➤

die bloed en die Gees van Jesus Christus weggeneem word nie[1], maar veel meer, omdat Hy ons deur hierdie Goddelike pand en waarteken wil verseker dat ons net so seker van ons sondes geestelik gewas is, as wat ons uitwendig met die water gewas word[2].

[1]1 Kor. 6:11; Openb. 1:5; Openb. 7:14. [2]Mk. 16:16; Gal. 3:27.

**74. Vr.** Moet die jong kinders ook gedoop word?

**Antw.** Ja; want aangesien hulle, net so goed as die volwassenes, in die verbond van God en in sy gemeente ingesluit is[1], en aan hulle nie minder as aan die volwassenes nie, deur die bloed van Christus beloof word, die verlossing van die sondes[2] en die Heilige Gees wat die geloof werk[3], daarom moet hulle ook deur die doop, as deur die teken van die verbond, in die Christelike Kerk ingelyf en van die kinders van die ongelowiges onderskei word[4], soos dit gedoen is in die Ou Verbond of Testament deur die besnydenis[5], waarvoor in die Nuwe Verbond die doop ingestel is[6].

[1]Gén. 17:7. [2]Mt. 19:14. [3]Ps. 22:11; Jes. 44:1-3; Lk. 1:15; Hand. 2:39. [4]Hand. 10:47. [5]Gén. 17:14. [6]Kol. 2:11-12.

# OOR DIE HEILIGE NAGMAAL VAN ONSE HERE

## SONDAG 28

**75. Vr.** Hoe word jy in die Heilige Nagmaal daarop gewys en daarvan verseker dat jy gemeenskap het aan die enige offerande van Christus wat aan die kruis volbring is, en aan al sy goed?

**Antw.** Só, dat Christus my en alle gelowiges beveel het om tot sy gedagtenis van hierdie gebreekte brood te eet en van hierdie drinkbeker te drink, en daarby ook beloof het[1]: eerstens, dat sy liggaam so seker vir my aan die kruis geoffer en gebreek en sy ➤

bloed vir my vergiet is, as wat ek met die oë sien dat die brood van die Here vir my gebreek en die drinkbeker aan my meegedeel word; en ten tweede dat Hy self my siel, met sy gekruisigde liggaam en vergote bloed, so seker tot die ewige lewe voed en laaf, as wat ek die brood en die drinkbeker van die Here – as gewisse waartekens van die liggaam en bloed van Christus – uit die hand van die bedienaar ontvang en met die mond geniet.

[1]Mt. 26:26-28; Mk. 14:22-24; Lk. 22:19-20; 1 Kor. 10:16-17; 1 Kor. 11:23-25.

**76.** **Vr.** Wat beteken: die gekruisigde liggaam van Christus eet en sy vergote bloed drink?

**Antw.** Dit is nie alleen om met 'n gelowige hart die ganse lyding en sterwe van Christus aan te neem en daardeur vergewing van sondes en die ewige lewe te verkry nie[1], maar bowendien ook om deur die Heilige Gees wat tegelyk in Christus èn in ons woon, só met sy heilige liggaam, hoe langer hoe meer verenig te word[2] dat, al is dit dat Christus in die hemel is[3] en ons op die aarde, ons tog vlees van sy vlees en been van sy gebeente is[4], en dat ons deur een Gees – soos die lede van een liggaam deur een siel – ewig lewe en geregeer word[5].

[1]Joh. 6:35,40,47-54. [2]Joh. 6:55-56. [3]Hand. 1:9,11; Hand. 3:21; 1 Kor. 11:26; Kol. 3:1. [4]Joh. 14:23; 1 Kor. 5:15,17,19; Efés. 3:16-17; Efés. 5:29-30; 1 Joh. 3:24; 1 Joh. 4:13. [5]Joh. 6:57; Joh. 15:1-6; Efés. 4:15-16.

**77.** **Vr.** Waar het Christus beloof, dat Hy die gelowiges so seker met sy liggaam en bloed wil voed en laaf as wat hulle van hierdie gebreekte brood eet en van hierdie drinkbeker drink?

**Antw.** In die instelling van die nagmaal wat aldus lui[1]: *In die nag waarin Hy verraai is, het die Here Jesus die brood geneem, en nadat Hy gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: Neem, eet; dit is my liggaam wat vir julle gebreek word; doen dit tot my gedagtenis. Net so ook die beker ná die ete met die woorde: Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed; doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot my gedagtenis. Want so dikwels* ➤

*as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom* (1 Kor. 11:23-26). Hierdie toesegging word ook herhaal deur die heilige Paulus waar hy spreek: *Die beker van danksegging wat ons met danksegging seën, is dit nie die gemeenskap met die bloed van Christus nie? Die brood wat ons breek, is dit nie die gemeenskap met die liggaam van Christus nie? Omdat dit een brood is, is ons almal een liggaam, want ons het almal deel aan die een brood* (1 Kor. 10:16-17).

[1]Mt. 26:26-28; Mk. 14:22-24; Lk. 22:19-20.

## SONDAG 29

**78. Vr.** Word die brood en wyn dan die wesenlike liggaam en bloed van Christus?

**Antw.** Nee[1], maar net soos die water in die doop nie in die bloed van Christus verander nie en ook nie die afwassing self van die sondes is nie – waarvan dit alleen 'n Goddelike waarteken en versekering is[2] – so word ook die brood in die nagmaal nie die liggaam self van Christus nie[3], ofskoon dit na die aard en die eienskap van die sakramente[4], die liggaam van Christus Jesus genoem kan word.

[1]Mt. 26:29. [2]Efés. 5:26; Tit. 3:5. [3]1 Kor. 10:16; 1 Kor. 11:26. [4]Gén. 17:10-11; Ex. 12:11,13; Ex. 12:26-27; Ex. 13:9; Ex. 24:8; Hand. 22:16; 1 Kor. 10:1-4; 1 Petr. 3:21.

**79. Vr.** Waarom noem Christus dan die brood **sy liggaam en die drinkbeker sy bloed, of die nuwe testament in sy bloed, en Paulus die gemeenskap met die liggaam en bloed van Christus?**

**Antw.** Christus spreek so nie sonder gewigtige redes nie; naamlik omdat Hy ons daarmee wil leer dat, soos brood en wyn hierdie tydelike lewe onderhou, so ook sy gekruisigde liggaam en sy vergote bloed[1], die ware spys en drank is waardeur ons siele tot ➤

die ewige lewe gevoed word; en nog meer, omdat Hy ons deur hierdie sigbare tekens en pande wil verseker dat ons net so waarlik, sy ware liggaam en bloed deur die werking van die Heilige Gees deelagtig word, as wat ons hierdie heilige waartekens, met die liggaamlike mond, tot sy gedagtenis ontvang[2], en dat al sy lyding en gehoorsaamheid so sekerlik ons eie is asof ons self, in ons eie persoon, alles gely en aan God vir ons sondes voldoening gegee het.

[1]Joh. 6:51,53-58. [2]1 Kor. 10:16.

## SONDAG 30

**80.** **Vr.** Watter onderskeid is daar tussen die nagmaal van die Here en die Roomse mis?

**Antw.** Die **nagmaal** van die Here betuig aan ons dat ons volkome vergewing van al ons sondes het deur die enige offerande van Jesus Christus, wat Hy self een maal aan die kruis volbring het[1], en dat ons deur die Heilige Gees in Christus ingelyf word[2], wat nou na sy menslike natuur nie op die aarde is nie, maar in die hemel aan die regterhand van God, sy Vader[3], en daar deur ons aanbid wil wees[4]. Maar die **mis** leer dat die lewende en die dode nie deur die lyding van Christus vergewing van sondes het nie, tensy Christus nog daagliks vir hulle deur die mispriesters geoffer word, en dat Christus liggaamlik onder die gestalte van die brood en wyn is en daarom ook daarin aanbid moet word; en so is die mis in die grond niks anders nie as 'n verloëning van die enige offerande en lyding van Jesus Christus, en 'n vervloekte afgodery[5].

[1]Mt. 26:28; Lk. 22:19-20; Joh. 19:30; Hebr. 7:26-27; Hebr. 9:12,25-28; Hebr. 10:10,12,14. [2]1 Kor. 6:17; 1 Kor. 10:16-17. [3]Joh. 20:17; Kol. 3:1; Hebr. 1:3; Hebr. 8:1-2. [4]Hand. 7:55-56; Filip. 3:20; Kol. 3:1; 1 Thes. 1:10. [5]Hebr. 9:26; Hebr. 10:12,14.

**81. Vr.** Vir wie is die nagmaal van die Here ingestel?

**Antw.** Vir dié wat hulself vanweë hul sondes mishaag en tog vertrou dat dit hulle vergewe is om Christus wil, en dat ook die oorblywende swakheid, met sý lyding en sterwe bedek is; dié wat ook begeer om hoe langer hoe meer hul geloof te versterk en hul lewe te verbeter. Maar die huigelaars en dié wat hulle nie met 'n opregte hart tot God bekeer nie, dié eet en drink 'n oordeel oor hulself[1].

[1] 1 Kor. 10:19-22; 1 Kor. 11:28-29.

**82. Vr.** Moet ook diegene aan hierdie nagmaal toegelaat word, wat hulle met hul belydenis en hul lewe as ongelowige en goddelose mense gedra?

**Antw.** Nee, want so word die verbond van God ontheilig en sy toorn oor die ganse gemeente verwek[1]. Daarom is die Christelike Kerk verplig, volgens die voorskrif van Christus en van sy apostels, om sulke mense deur die sleutels van die hemelryk uit te sluit, totdat hulle verbetering van hul lewe bewys.

[1] Ps. 50:16; Jes. 1:11-15; Jes. 66:3; Jer. 7:21-23; Mal. 1:6-14; 1 Kor. 11:20,34.

## SONDAG 31

**83. Vr.** Wat is die sleutels van die hemelryk?

**Antw.** Die verkondiging van die heilige Evangelie en die Christelike ban of uitsluiting uit die Christelike gemeente; deur hierdie twee handelinge word die hemelryk vir die gelowiges geopen en vir die ongelowiges gesluit[1].

[1] Mt. 16:18-19; Mt. 18:15-18.

**84. Vr.** Hoe word die hemelryk deur die prediking van die heilige Evangelie oopgesluit en toegesluit?

➤

**Antw.** Só, dat volgens die bevel van Christus, aan die gelowiges, aan almal saam en elkeen afsonderlik, verkondig en openlik betuig word dat al hul sondes waaragtiglik ter wille van die verdienste van Christus, hulle deur God vergewe is, so dikwels as hulle die belofte van die Evangelie met 'n ware geloof aanneem; en daarteenoor aan al die ongelowiges en aan dié wat hulle nie van harte bekeer nie, verkondig en betuig word dat die toorn van God en die ewige verdoemenis op hulle rus, solank as hulle hul nie bekeer nie[1]. Volgens hierdie getuienis van die Evangelie sal God oordeel in hierdie lewe, sowel as in die toekomstige.

[1]Mt. 16:19; Joh. 20:21-23.

**85. Vr.** Hoe word die hemelryk toegesluit en oopgesluit deur die Christelike ban?

**Antw.** Só, dat volgens die bevel van Christus, dié wat onder die Christelike naam 'n onchristelike leer of lewe openbaar, as hulle, nadat hulle verskeie male broederlik vermaan is, van hul dwalinge of hul skandelike lewe geen afstand wil doen nie, by die gemeente of dié wat deur die gemeente daartoe verorden is, aangegee word; en, as hulle hul aan die vermaning nie steur nie, die sakramente hulle deur dié persone verbied word, en hulle uit die Christelike gemeente en deur God self uit die ryk van Christus uitgesluit word, terwyl hulle weer as lede van Christus en van sy gemeente aangeneem word, wanneer hulle waaragtige verbetering beloof en bewys[1].

[1]Mt. 18:15-18; 1 Kor. 5:3-5,11,13; 2 Kor. 2:6-8; 2 Thes. 2:14-15; 1 Tim. 5:17; 2 Joh. 10-11.

# DIE DERDE DEEL
# OOR DIE DANKBAARHEID

## SONDAG 32

**86. Vr.** Aangesien ons uit ons ellende, sonder enige verdienste van ons kant, alleen uit genade, deur Christus verlos is, waarom moet ons dan nog goeie werke doen?

**Antw.** Omdat Christus, nadat Hy ons met sy bloed gekoop en vrygemaak het, ons ook deur sy Heilige Gees tot sy ewebeeld vernuwe, sodat ons met ons hele lewe aan God dankbaarheid vir sy weldade sal bewys[1] en Hy deur ons geprys word[2]. Dan ook, dat elkeen by homself van sy geloof uit die vrugte verseker kan wees[3] en dat, deur ons Godsalige wandel ons naaste ook vir Christus gewin kan word[4].

[1]Rom. 6:13; Rom. 12:1-2; 1 Kor. 6:20; 1 Petr. 2:5,9. [2]Mt. 5:16; 1 Petr. 2:12. [3]Mt. 7:17-18; Gal. 5:6,22; 2 Petr. 1:10. [4]Mt. 5:16; Rom. 14:18-19; 1 Petr. 3:1-2.

**87. Vr.** Kan diegene dan nie salig word wat in hul goddelose ondankbare lewe volhard en hulle nie tot God bekeer nie?

**Antw.** Nee, hoegenaamd nie, want die Skrif sê dat geen onkuise, afgodedienaar, egbreker, dief, geldgierige, dronkaard, lasteraar, of rower, of dergelike, die koninkryk van God sal beërwe nie[1].

[1]1 Kor. 6:9-10; Efés. 5:5-6; 1 Joh. 3:14-15; Openb. 21:27.

**88. Vr.** Uit hoeveel dele bestaan die ware bekering van die mens?

**Antw.** Uit twee dele: die afsterwing van die oue mens en die opstanding van die nuwe[1].

[1]Rom. 6:4-6; 1 Kor. 5:7; 2 Kor. 7:10; Efés. 4:22-24; Kol. 3:5-10.

## SONDAG 33

**89. Vr.** Wat is die afsterwing van die ou mens?

**Antw.** Dit is 'n hartlike berou daaroor dat ons God deur ons sondes vertoorn het, sodat ons dit hoe langer hoe meer haat en ontvlug[1].

[1]Hos. 6:1; Joël 2:13; Rom. 8:13.

**90. Vr.** Wat is die opstanding van die nuwe mens?

**Antw.** Dit is 'n hartlike vreugde in God, deur Christus[1], en lus en liefde om na die wil van God, in alle goeie werke te lewe[2].

[1]Jes. 57:15; Rom. 5:1-2; Rom. 14:17. [2]Rom. 6:10-11; Gal. 2:19-20.

**91. Vr.** Maar wat is goeie werke?

**Antw.** Net dié wat uit 'n ware geloof[1], volgens die Wet van God[2], alleen tot sy eer gedoen word[3], en nie dié wat op ons goeddunke of op insettinge van mense gegrond is nie[4].

[1]Rom. 14:23. [2]Lev. 18:4; 1 Sam. 15:22; Efés. 2:10. [3]1 Kor. 10:31.
[4]Jes. 29:13-14; Eség. 20:18-19; Mt. 15:7-9.

# OOR DIE WET

## SONDAG 34

**92. Vr.** Hoe lui die Wet van die Here?

**Antw.** God het al hierdie woorde gespreek (Ex. 20:1-17; Deut. 5:6-21): *Ek is die Here jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het*.

### *Die eerste gebod*

Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie.

### *Die tweede gebod*

Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak van wat bo in die hemel is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie. Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie; want Ek, die HERE jou God, is 'n jaloerse God wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van dié wat My haat; en Ek bewys barmhartigheid aan duisende van dié wat My liefhet en my gebooie onderhou.

### *Die derde gebod*

Jy mag die Naam van die HERE jou God nie ydellik gebruik nie, want die HERE sal die een wat sy Naam ydellik gebruik, nie ongestraf laat bly nie.

### *Die vierde gebod*

Gedenk die sabbatdag, dat jy dit heilig. Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen; maar die sewende dag is die sabbat van die HERE jou God; dan mag jy géén werk doen nie – jy of jou seun of jou dogter, of jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou vee of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie. Want in ses dae het die HERE die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het die HERE die sabbatdag geseën en dit geheilig.

### *Die vyfde gebod*

Eer jou vader en jou moeder, dat jou dae verleng mag word in die land wat die HERE jou God aan jou gee.

### *Die sesde gebod*

Jy mag nie doodslaan nie.

➢

## *Die sewende gebod*

**Jy mag nie egbreek nie.**

## *Die agtste gebod*

**Jy mag nie steel nie.**

## *Die negende gebod*

**Jy mag geen valse getuienis teen jou naaste spreek nie.**

## *Die tiende gebod*

**Jy mag nie jou naaste se huis begeer nie; jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie, of sy dienskneg of sy diensmaagd, of sy os of sy esel of iets wat van jou naaste is nie.**

**93. Vr.** Hoe word hierdie tien gebooie verdeel?

**Antw.** In twee tafels[1] waarvan die eerste leer hoe ons ons teenoor God moet gedra; die ander, wat ons aan ons naaste verskuldig is[2].

[1]Ex. 31:18; Deut. 4:13; Deut. 10:3-4. [2]Mt. 22:37-40.

**94. Vr.** Wat gebied God in die eerste gebod?

**Antw.** Dat ek, so dierbaar as die saligheid van my siel vir my is, alle afgodery[1], towery, waarsêery, bygeloof[2], aanroeping van die heiliges of van ander skepsele[3], moet vermy en dit ontvlug, en die enige ware God reg moet leer ken[4], Hom alleen moet vertrou[5], in alle ootmoedigheid[6] en lydsaamheid my aan Hom alleen moet onderwerp[7], van Hom alleen alles wat goed is[8], moet verwag, Hom van ganser harte moet liefhê[9], vrees[10] en eer[11], so, dat ek eerder van alle skepsele sal afsien en dié laat vaar, as dat ek in die allerminste teen sy wil sal handel[12].

[1]1 Kor. 6:10; 1 Kor. 10:7,14; 1 Kor. I5:21. [2]Lev. 19:31; Deut. 18:9-12; 1 Joh. 5:26. [3]Mt. 4:10; Openb. 19:10; Openb. 22:8-9. [4]Joh. 17:3. [5]Jer. 17:5,7. [6]1 Petr. 5:5. [7]Rom. 5:3-5; 1 Kor. 10:10; Filip. 2:14; Kol. 1:11; Hebr. 10:36. [8]Ps. 104:27-30; Jes. 45:7; Jak. 1:17. [9]Deut. 6:5; Mt. 22:37-38. [10]Deut. 6:2; Ps. 111:10; Spr. 1:7; Spr. 9:10; Mt. 10:28. [11]Deut. 10:20; Mt. 4:10. [12]Mt. 5:29-30; Mt. 10:37-39; Hand. 5:29.

**95. Vr.** Wat is afgodery?

**Antw.** Afgodery is, om in die plek van die enige ware God wat Hom in sy Woord geopenbaar het, of naas Hom, iets anders te versin of te hê, waarop die mens sy vertroue stel[1].

[1]1 Kron. 16:26; Jes. 44:16-17; Joh. 5:23; Gal. 4:8; Efés. 2:12; Efés. 5:5; Filip. 3:19; 1 Joh. 2:23; 2 Joh. vers 9.

## SONDAG 35

**96. Vr.** Wat eis God in die tweede gebod?

**Antw.** Dat ons God op geen enkele manier mag afbeeld nie[1], en Hom op geen ander manier mag vereer as wat Hy in sy Woord beveel het nie[2].

[1]Deut. 4:15-16; Jes. 40:18-19,25; Hand. 17:29; Rom. 1:23-25.
[2]Deut. 12:30-32; 1 Sam. 15:23; Mt. 15:9.

**97. Vr.** Mag ons dan glad nie beelde maak nie?

**Antw.** God kan en mag op geen enkele manier afgebeeld word nie[1]. Maar al mag die skepsele wel afgebeeld word, verbied God tog dat ons hul beeltenis sal maak of hê om dit te vereer of God daardeur te dien[2].

[1]Jes. 40:25. [2]Ex. 23:24; Ex. 34:13-14,17; Deut. 12:3-4; Deut. 16:22; 2 Kon. 18:4.

**98. Vr.** Maar sou ons die beelde in die kerke, as boeke van die leke, nie mag toelaat nie?

**Antw.** Nee, want ons moet nie wyser wees as God nie, wat sy Christene nie deur stomme beelde nie[1], maar deur die lewende verkondiging van sy Woord wil laat onderrig[2].

[1]Jer. 10:5,8; Háb. 2:18-19. [2]Rom. 10:14-17; 2 Tim. 3:16-17; 2 Petr. 1:19.

## SONDAG 36

**99. Vr.** Wat eis die derde gebod?

**Antw.** Dat ons nie alleen deur te vloek[1] of deur 'n valse eed nie[2], maar ook deur onnodig te sweer[3] die Naam van God nie moet laster of misbruik nie; en dat ons ook deur te swyg of dit toe te laat, aan sodanige verskriklike sondes geen deel moet hê nie[4]; kortom, dat ons die heilige Naam van God nie anders as met vrees en eerbied moet gebruik nie[5], sodat Hy deur ons reg bely[6], aangeroep[7] en in al ons woorde en werke geprys mag word[8].

[1]Lev. 24:15-16. [2]Lev. 19:12. [3]Mt. 5:37; Jak. 5:12. [4]Lev. 5:1; Spr. 29:24.
[5]Jes. 45:23; Jer. 4:2. [6]Mt. 10:32; Rom. 10:9-10. [7]Ps. 50:15; 1 Tim. 2:8.
[8]Rom. 2:24; Kol. 3:17; 1 Tim. 6:1.

**100. Vr.** Is dit dan so 'n groot sonde om die Naam van God te laster, deur te sweer en te vloek, dat God Hom ook oor diegene vertoorn wat dit nie, soveel as dit in hul vermoë is, help weer en verbied nie?

**Antw.** Ja, seker[1], want daar is geen groter sonde of een wat God meer vertoorn nie, as die lastering van sy Naam; daarom het Hy ook beveel om dit met die dood te straf[2].

[1]Lev. 5:1; Spr. 29:24; Efés. 5:11; [2]Lev. 24:16.

## SONDAG 37

**101. Vr.** Maar mag ons ook Godsalig, by die Naam van God 'n eed sweer?

**Antw.** Ja, as die owerheid dit van sy onderdane eis, of anders die nood dit vorder, om trou en waarheid daardeur te bevestig, en dit tot eer van God en tot heil van die naaste is; want om so 'n eed te sweer, is in die Woord van God gegrond[1] en daarom ook deur die heiliges in die Ou en Nuwe Testement reg gebruik[2].

[1]Deut. 6:13; Deut. 10:20; Hebr. 6:16. [2]Gén. 21:24; Gén. 31:53; 1 Sam. 24:22-23; 2 Sam. 3:35; 1 Kon. 1:29-30; Rom. 1:9; Rom. 9:1; 2 Kor. 1:23.

**102. Vr.** Mag 'n mens ook by die heiliges of by enige ander skepsele 'n eed sweer?

**Antw.** Nee, want om 'n regte eed te sweer, beteken dat ons God aanroep om as die enigste Kenner van die hart, om vir die waarheid getuienis te gee, en my te straf as ek vals sweer[1] – 'n eer wat aan geen skepsel toekom nie[2].

[1]Rom. 9:1; 2 Kor. 1:23. [2]Mt. 5:34-36; Jak. 5:12.

## SONDAG 38

**103. Vr.** Wat gebied God in die vierde gebod?

**Antw.** Ten eerste, dat die kerkdiens of die predikamp en die skole onderhou moet word[1]; en dat ek, veral op die sabbat, dit is, op die rusdag, met die gemeente van God ywerig moet opkom[2] om die Woord van God te hoor[3], die sakramente te gebruik[4], God die Here openlik aan te roep[5] en aan die armes ➤

Christelike liefdegawes te bring[6]; ten tweede, dat ek al die dae van my lewe van my bose werke moet rus, die Here deur sy Gees in my moet laat werk, en so die ewige sabbat in hierdie lewe begin[7].

[1]1 Kor. 9:13-14; 1 Tim. 3:15; 2 Tim. 2:2; 2 Tim. 3:14-15; Tit. 1:5. [2]Lev. 23:3; Ps. 40:10-11; Ps. 122:1; Hand. 2:42,46. [3]1 Kor. 14:1,3; 1 Tim. 4:13; Openb. 1:3. [4]Hand. 20:7; 1 Kor. 11:33. [5]1 Kor. 14:16; 1 Tim. 2:1-4. [6]Deut. 15:11; 1 Kor. 16:1-2; 1 Tim 5:16. [7]Hebr. 4:9-10.

## SONDAG 39

**104. Vr.** Wat wil God in die vyfde gebod?

**Antw.** Dat ek my vader en my moeder en almal wat oor my gestel is, alle eer, liefde en trou moet bewys, en my aan hul goeie leer en straf, met gepaste gehoorsaamheid moet onderwerp[1] en dat ek ook met hul swakheid en gebreke geduld moet hê[2], aangesien dit God behaag, om ons deur hul hand te regeer[3].

[1]Ex. 21:17; Spr. 1:8; Spr. 4:1; Spr. 15:20; Spr. 20:20; Rom. 13:1; Efés. 5:22; Efés. 6:1-2,5; Kol. 3:18,20,22. [2]Spr. 23:22; 1 Petr. 2:18. [3]Mt. 22:21; Rom. 13:2,4; Efés. 6:4; Kol. 3:20.

## SONDAG 40

**105. Vr.** Wat eis God in die sesde gebod?

**Antw.** Dat ek my naaste nie met gedagtes, en ook nie met woorde of enige gebaar en nog minder met die daad, deur myself of deur ander mag onteer, haat, seermaak of doodmaak nie[1], maar, dat ek alle wraakgierigheid moet aflê[2]; ook myself nie mag wond of moedswillig in gevaar begewe nie[3]. Daarom dra die owerheid ook die swaard om die doodslag te weer[4].

[1]Gén. 9:6; Mt. 5:21-22; Mt. 26:52. [2]Mt. 5:25; Mt. 18:35; Rom. 12:19; Efés. 4:26. [3]Mt. 4:7; Kol. 2:23. [4]Gén. 9:6; Ex. 21:14; Rom. 13:4.

**106. Vr.** Maar dit lyk tog of hierdie gebod net van doodslaan spreek?

**Antw.** Deur doodslag te verbied, leer God ons dat Hy die wortel van die doodslag soos nyd[1], haat[2], toorn[3] en wraakgierigheid haat en dit alles vir 'n doodslag hou[4].

[1]Spr. 14:30; Rom. 1:29. [2]1 Joh. 2:9-11. [3]Ps. 37:8; Jak. 1:20; Gal. 5:19-21. [4]1 Joh. 3:15.

**107. Vr.** Maar is dit genoeg dat ons, soos tevore gesê is, ons naaste nie doodmaak nie?

**Antw.** Nee, want terwyl God nyd, haat en toorn verbied, gebied Hy dat ons ons naaste moet liefhê soos onsself[1], en jeens hom geduld, vrede, sagmoedigheid, barmhartigheid en alle vriendelikheid moet bewys[2], sy skade, soveel as wat in ons vermoë is, moet afkeer[3] en ook aan ons vyande moet goed doen[4].

[1]Mt. 7:12; Mt. 22:39; Rom. 12:10. [2]Mt. 5:5,7; Lk. 6:36; Rom. 12:18; Gal. 6:1-2; Efés. 4:1-3; Kol. 3:12; 1 Petr. 3:8. [3]Ex. 23:5. [4]Mt. 5:44-45; Rom. 12:20-21.

## SONDAG 41

**108. Vr.** Wat leer die sewende gebod ons?

**Antw.** Dat alle onkuisheid deur God vervloek is[1], en dat ons daarom van harte vyande daarvan moet wees, en kuis en ingetoë moet lewe[2], of dit in die heilige staat van die huwelik is of daarbuite[3].

[1]Lev. 18:20,27-29. [2]1 Thes. 4:3-6; Jud. 1:8-23; Openb. 3:4; Openb. 14:4. [3]Mal. 2:16; Mt. 19:9; 1 Kor. 7:10-11; Hebr. 13:4.

**109. Vr.** Verbied God in hierdie gebod nie méér as egbreuk en dergelike skandelikhede nie?

➤

**Antw.** Omdat ons liggaam en siel tempels is van die Heilige Gees, daarom wil Hy dat ons altwee rein en heilig moet bewaar, daarom verbied Hy alle onkuise dade, gebare, woorde[1], gedagtes, luste[2], en wat die mens daartoe kan verlei[3].

[1]1 Kor. 6:18-20; Efés. 5:3-4. [2]Deut. 22:20-29. [3]Mt. 5:27-28; 1 Kor. 15:33; Efés. 5:18.

## SONDAG 42

**110. Vr.** Wat verbied God in die agste gebod?

**Antw.** God verbied nie alleen dié diefstal[1] en roof[2] wat die owerheid straf nie; maar Hy noem ook diewery, alle bose dade en listige planne waarmee ons dink om die goed van ons naaste vir onsself toe te eien[3], met geweld of skyn van reg, soos met valse gewig, el, maat, ware[4], munt, woeker[5] of deur enige middel wat God verbied; daarby ook alle gierigheid[6], alle misbruik en verkwisting van sy gawes[7].

[1]1 Kor. 6:10. [2]Lev. 19:13. [3]Lk. 3:14; 1 Kor. 5:10; 1 Thes. 4:6. [4]Deut. 25:13-15; Spr. 11:1; Spr. 16:11; Eség. 45:9-12. [5]Ps. 15:5; Lk. 6:35. [6]1 Kor. 6:10. [7]Spr. 21:20; Spr. 23:20-21.

**111. Vr.** Maar wat gebied God jou in hierdie gebod?

**Antw.** Dat ek die belange van my naaste, waar ek kan en mag, moet bevorder; met hom so moet handel soos ek sou wens dat met my gehandel word[1]; daarby ook, dat ek getrou moet arbei, sodat ek die behoeftiges kan help[2].

[1]Mt. 7:12. [2]Efés. 4:28.

## SONDAG 43

**112. Vr.** Wat eis die negende gebod?

**Antw.** Dat ek teen niemand valse getuienis mag aflê nie[1], niemand se woorde mag verdraai nie[2], geen kwaadspreker of lasteraar mag wees nie[3], niemand ligvaardig of onverhoord mag oordeel of help veroordeel nie[4]; maar alle lieg en bedrieg as die eie werke van die duiwel[5] moet vermy, tensy ek die sware toorn van God op my wil laai[6]; so ook, dat ek in die gereg en alle ander handelinge die waarheid moet liefhê, opreg spreek en bely[7]; ook my naaste se eer en goeie naam na my vermoë moet verdedig en bevorder[8].

[1]Spr. 19:5,9; Spr. 21:28. [2]Ps. 50:19-20. [3]Ps. 15:3; Rom. 1:30. [4]Mt. 7:1-2; Lk. 6:37. [5]Joh. 8:44. [6]Spr. 12:22. [7]1 Kor. 13:6; Efés. 4:25. [8]1 Petr. 4:8.

## SONDAG 44

**113. Vr.** Wat eis die tiende gebod van ons?

**Antw.** Dat ook die geringste lus of gedagte teen enige gebod van God, nooit in ons hart mag opkom nie, maar dat ons van alle sondes altyd van ganser harte vyande moet wees en in alle geregtigheid behae moet hê[1].

[1]Rom. 7:7.

**114. Vr.** Maar kan diegene wat tot God bekeer is, hierdie gebooie volkome onderhou?

**Antw.** Nee, want ook die allerheiligstes het maar 'n klein beginsel van hierdie gehoorsaamheid, solank as hulle in hierdie lewe is[1] maar só, dat hulle met 'n ernstige voorneme nie alleen na sommige nie, maar na al die gebooie van God begin lewe[2].

[1]Pred. 7:20; Rom. 7:14-15; 1 Kor. 13:9; 1 Joh. 1:8,10. [2]Ps. 1:2; Rom. 7:22; 1 Joh. 2:3.

**115. Vr.** Waarom laat God die tien gebooie dan so skerp aan ons verkondig as tog niemand dit in hierdie lewe kan onderhou nie?

**Antw.** Ten eerste, sodat ons ons lewe lank ons sondige aard hoe langer hoe meer kan leer ken[1] en des te begeriger kan wees om die vergewing van die sondes en die geregtigheid in Christus te soek[2]. Dan ook, dat ons sonder ophou ons sal beywer en God sal bid om die genade van die Heilige Gees, sodat ons hoe langer hoe meer na die beeld van God vernuwe mag word, totdat ons hierdie volkomenheid wat ons voorgehou word, ná hierdie lewe bereik[3].

[1]Ps. 32:5; Rom. 3:20; 1 Joh. 1:9. [2]Mt. 5:6; Rom. 7:24-25. [3]1 Kor. 9:24; Filip. 3:12-14.

# OOR DIE GEBED

## SONDAG 45

**116. Vr.** Waarom is die gebed vir Christene nodig?

**Antw.** Omdat dit die vernaamste deel van die dankbaarheid, is wat God van ons vorder[1], en omdat God sy genade en die Heilige Gees alleen aan diegene wil gee, wat Hom met hartlike sugte, sonder ophou, daarom bid en daarvoor dank[2].

[1]Ps. 50:14-15. [2]Mt. 7:7-8; Lk. 11:9-13; 1 Thes. 5:17-18.

**117. Vr.** Wat behoort by so 'n gebed, wat God welgevallig is en deur Hom verhoor word?

**Antw.** Ten eerste, dat ons alleen die enige ware God, wat Hom in sy Woord aan ons geopenbaar het[1], van harte aanroep[2] vir alles ➤

wat Hy ons beveel het om voor te bid[3]. Ten tweede, dat ons ons nood en ellendigheid reg en grondig ken[4], sodat ons ons voor die aangesig van sy majesteit verootmoedig[5]. Ten derde, dat ons hierdie vaste grond het[6] dat Hy ons gebed, nieteenstaande ons dit onwaardig is, tog ter wille van die Here Jesus Christus sekerlik wil verhoor[7], soos Hy ons in sy Woord beloof het[8].

[1]Joh. 4:22-24; Openb. 19:10. [2]Ps. 145:18-20; Joh. 4:24; Jak. 4:3,8. [3]Rom. 8:26; Jak. 1:5; 1 Joh. 5:14. [4]2 Kron. 20:12; Ps. 143:2. [5]Ps. 2:11; Ps. 51:19; Jes. 66:2. [6]Rom. 8:15-16; Rom. 10:14; Jak. 1:6-8. [7]Dan. 9:17-19; Joh. 14:13-14; Joh. 15:16; Joh. 16:23. [8]Ps. 27:8; Ps. 143:1; Mt. 7:8.

**118. Vr.** Wat het God ons beveel om van Hom te bid?

**Antw.** Alle geestelike en liggaamlike behoeftes[1] wat die Here Jesus Christus saamgevat het in die gebed wat Hy ons self geleer het.

[1]Mt. 6:33; Jak. 1:17.

**119. Vr.** Hoe lui dié gebed?

**Antw.** [1]*Onse Vader wat in die hemele is,*

1. *laat u Naam geheilig word,*
2. *laat u koninkryk kom,*
3. *laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde.*
4. *Gee ons vandag ons daaglikse brood,*
5. *en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe;*
6. *en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.*

[1]Mt. 6:9-13; Lk. 11:2-4.

## SONDAG 46

**120. Vr.** Waarom het Christus ons beveel om God aan te spreek as *Onse Vader*?

**Antw.** Sodat Hy onmiddellik, by die begin van ons gebed, in ons kinderlike vrees en vertroue op God sal wek, wat tesame die grond van ons gebed is, naamlik, dat God ons Vader deur Christus geword het, en dat Hy ons veel minder sal weier, wat ons van Hom met 'n regte geloof bid, as wat ons vaders, aan ons aardse dinge ontsê[1].

[1]Mt. 7:9-11; Lk. 11:11-13.

**121. Vr.** Waarom word hier bygevoeg: *wat in die hemele is*?

**Antw.** Sodat ons van die hemelse majesteit van God, nie aards sal dink nie[1], en van sy almag alles wat nodig is, vir liggaam en siel sal verwag[2].

[1]Jer. 23:23-24; Hand. 17:24-25,27. [2]Rom. 10:12.

## SONDAG 47

**122. Vr.** Wat is die eerste bede?

**Antw.** *Laat u Naam geheilig word.* Dit is: Gee ons ten eerste, dat ons U reg ken[1] en U in al u werke waarin u almag, wysheid, goedheid, geregtigheid, barmhartigheid en waarheid helder skyn, mag heilig, roem en prys[2]; dan ook, dat ons ons hele lewe, ons gedagtes, woorde en werke só mag skik en rig dat u Naam om ons ontwil nie gelaster nie, maar geëer en geprys mag word[3].

[1]Ps. 119:105; Jer. 9:24; Jer. 31:33-34; Mt. 16:17; Joh. 17:3; Jak. 1:5.
[2]Ex. 34:6-7; Ps. 119:137-138; Ps. 145:8-9; Jer. 31:3; Jer. 32:18-19; Mt. 19:17; Lk. 1:46-55; Lk. 1:68-69; Rom. 3:3-4; Rom. 11:22-23,33. [3]2 Sam. 12:9-14; Ps. 71:8; Ps. 115:1; Mt. 5:16; Rom. 2:21-24.

## SONDAG 48

**123. Vr.** Wat is die tweede bede?

**Antw.** *Laat u koninkryk kom.* Dit is: Regeer ons so, deur u Woord en u Gees dat ons, hoe langer hoe meer, ons aan U onderwerp[1]; bewaar en vermeerder u kerk[2]; vernietig die werke van die duiwel en alle mag wat hom teen U verhef, en verder ook alle bose planne wat teen u heilige Woord bedink word[3], totdat die volkomenheid van u ryk kom[4], waarin U alles sal wees in almal[5].

[1]Ps. 119:5; Ps. 143:10; Mt. 6:33. [2]Ps. 51:20; Ps. 122:6-7 . [3]Rom. 16:20; 1 Joh. 3:8. [4]Rom. 8:22-23; Openb. 22:17,20. [5]1 Kor. 15:28.

## SONDAG 49

**124. Vr.** Wat is die derde bede?

**Antw.** *Laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde.* Dit is: Gee dat ons en alle mense, ons eie wil mag versaak[1], en aan u wil, wat alleen goed is, sonder enige teëspraak gehoorsaam mag wees[2]; sodat iedereen sy amp en beroep net so gewillig en getrou mag beoefen en uitvoer[3] as die engele in die hemel[4].

[1]Mt. 16:24; Tit. 2:11-12. [2]Lk. 22:42; Rom. 12:2; Efés. 5:10. [3]1 Kor. 7:22-24. [4]Ps. 103:20-21.

## SONDAG 50

**125. Vr.** Wat is die vierde bede?

**Antw.** *Gee ons vandag ons daaglikse brood.* Dit is: Wil ons versorg met alles wat nodig is vir die liggaam[1], sodat ons daardeur erken, dat U die enigste oorsprong is, van al wat goed is[2], en dat ➤

ons sorg en arbeid, sowel as u gawes, sonder u seën ons nie tot voordeel kan strek nie[3], en dat ons dus ons vertroue van alle skepsele moet aftrek en op U alleen stel[4].

[1]Ps. 104:27-28; Ps. 145:15-16; Mt. 6:25-26. [2]Hand. 14:17; Hand. 17:27-28; Jak. 1:17 . [3]Deut. 8:3; Ps. 37:3-7,16-17; Ps. 127:1-2; 1 Kor. 15:58. [4]Ps. 55:23; Ps. 62:11; Ps. 146:3; Jer. 17:5,7.

## SONDAG 51

**126. Vr.** Wat is die vyfde bede?

**Antw.** *Vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe*. Dit is: Wil ons, arme sondaars, al ons misdade, en ook die boosheid wat ons altyd aankleef, ter wille van die bloed van Christus nie toereken nie[1], soos ons ook hierdie getuienis van u genade in ons bevind, dat ons ganse voorneme is om ons naaste van harte te vergewe[2].

[1]Ps. 51:3; Ps. 143:2; Rom. 8:1; 1 Joh. 2:1. [2]Mt. 6:14-15.

## SONDAG 52

**127. Vr.** Wat is die sesde bede?

**Antw.** *Lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose*. Dit is: Omdat ons in onsself so swak is, dat ons nie een oomblik kan standhou nie[1], en daarby nog ons doodsvyande, die duiwel[2], die wêreld[3] en ons eie vlees[4], nie ophou om ons aan te val nie, wil ons tog staande hou en versterk, deur die krag van u Heilige Gees, sodat ons in hierdie geestelike stryd nie beswyk nie[5], maar altyd sterk teenstand kan bied, totdat ons eindelik vir goed die oorhand behou[6].

[1]Ps. 103:14-16; Joh. 15:5. [2]Efés. 6:12; 1 Petr. 5:8. [3]Joh. 15:19. [4]Rom. 7:23; Gal. 5:17. [5]Mt. 26:41; Mk. 13:33; 1 Kor. 10:12-13. [6]1 Thes. 3:13; 1 Thes. 5:23.

**128. Vr.** Hoe sluit jy jou gebed?

**Antw.** *Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid***.** Dit is: Dit alles bid ons van U omdat U as ons Koning, wat oor alle dinge magtig is, die wil en die vermoë besit om ons alles wat goed is te gee[1], en dít alles, sodat daardeur nie óns nie, maar u heilige Naam ewig geprys mag word[2].

[1] 1 Kron. 29:10-12; Rom. 10:11-13; 2 Petr. 2:9. [2] Ps. 115:1; Jer. 33:8-9; Joh. 14:13.

**129. Vr.** Wat beteken die woordjie *Amen*?

**Antw.** *Amen* wil sê: Dit sal waar en seker wees. Want my gebed is veel sekerder deur God verhoor as wat ek in my hart gevoel het, dat ek dit van Hom begeer[1].

[1] 2 Kor. 1:20; 2 Tim. 2:13.

# Die Dordtse Leerreëls

# DIE DORDTSE LEERREËLS ÓF DIE BESLISSING VAN DIE NASIONALE SINODE VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE VAN DIE VERENIGDE NEDERLANDE, WAT GEHOU IS TE DORDRECHT IN DIE JARE 1618 EN 1619 OOR DIE BEKENDE VYF LEERSTUKKE WAAROOR IN DIE GEREFORMEERDE KERKE VAN DIE VERENIGDE NEDERLANDE VERSKIL ONTSTAAN HET

Die Dordtse Leerreëls ontstaan as gevolg van die stryd van die Arminiane (volgelinge van Arminius) teen die leer van die uitverkiesing. Op die Sinode van Dordrecht (1618 - 1619) is die Leerreëls opgestel en aanvaar as weerlegging van die Arminiaanse dwalinge, en ter handhawing van die Skriftuurlike leer van die uitverkiesing en daarmee samehangende waarhede. Die volledige naam hiervan is: Die Dordtse Leerreëls, of die Beslissing van die Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerke van die Verenigde Nederlande, wat gehou is te Dordrecht in die jare 1618 en 1619, wat bygestaan is deur uitnemende godgeleerdes uit die Gereformeerde Kerke van Groot-Brittanje, die keurvorstelike Paltz, Hessen, Switserland, die Wedderawiese Korrespondensie, Genève, Bremen en Emden: Oor die bekende vyf leerstukke waaroor in die Gereformeerde Kerke van die Verenigde Nederlande verskil ontstaan het. Uitgespreek op 6 Mei 1619.

# EERSTE LEERSTUK

## OOR DIE GODDELIKE UITVERKIESING EN VERWERPING

1. *Aangesien alle mense in Adam gesondig*[1] en aan die vloek en die ewige dood skuldig geword het, sou God niemand onreg aangedoen het nie as dit sy wil was om die ganse menslike geslag in die sonde en vervloeking te laat bly en vanweë die sonde te veroordeel volgens hierdie uitsprake van die apostel: *Die hele wêreld is voor God doemwaardig ... Hulle het almal gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God* (Rom. 3:19,23). En: *Die loon van die sonde is die dood* (Rom. 6:23).

[1]Rom. 5:12; NGb. 10; HK vr. 10,20.

2. Maar hierin is die liefde van God geopenbaar, dat Hy sy eniggebore Seun in die wêreld gestuur het[1], sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê[2].

[1]1 Joh. 4:9. [2]Joh. 3:16.

3. Om dan die mense tot die geloof te bring, *stuur* God uit goedertierenheid *verkondigers* van hierdie baie *blye boodskap*[1] na wie Hy wil en wanneer Hy wil. Deur hul diens word die mense geroep tot bekering en die geloof in *Christus, die Gekruisigde*[2]. *Want hoe kan hulle in Hom glo van wie hulle nie gehoor het nie? En hoe kan hulle hoor sonder een wat preek? En hoe kan hulle preek as hulle nie gestuur word nie?* (Rom. 10:14-15).

[1]Jes. 52:7; Rom. 10:15; NGb. 31. [2]1 Kor. 1:23.

4. Op diegene wat hierdie evangelie *nie glo nie, bly die toorn van God*[1]; maar dié wat dit *aanneem* en die Saligmaker Jesus met 'n ware en lewende geloof omhels, word deur Hom van die toorn van God en van die *verderf verlos*[2] en met die ewige lewe begiftig.

[1]Joh. 3:36. [2]Mk. 16:16; Joh. 3:16; Rom. 10:9.

5. Die oorsaak of *skuld* van daardie *ongeloof*, net soos van alle ander sondes, lê stellig *nie by God* nie, *maar by die mens*[1]. Maar die *geloof in Jesus Christus* en die *saligheid*[2] deur Hom is 'n *genadegawe van God*[3], soos geskrywe is: *Uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God* (Efés. 2:8). En so ook: *Dit is aan julle genadiglik gegee om in Christus te glo* (Filip. 1:29).

[1]Rom. 5:12; Hebr. 4:6; 1 Petr. 2:8. [2]Hand. 16:31; Rom. 10:9. [3]Efés. 2:8.

6. Dat God *sommige* in die tyd met die *geloof begiftig*, ander nie begiftig nie, kom voort uit sy *ewige besluit*[1]. *Want al sy werke is Hom van ewigheid af bekend* (Hand. 15:18), en *Hy doen alles volgens die raad van sy wil* (Efés. 1:11). Volgens hierdie besluit *vermurf* Hy genadiglik die *harte* van die *uitverkorenes*[2], alhoewel dit hard is, en buig dit om te glo; maar dié wat nie uitverkies is nie, laat Hy volgens sy regverdige oordeel in hul boosheid en hardheid bly. En hierin vernaamlik kom die diepe, *barmhartige* en tegelyk *regverdige*[3] onderskeiding van die mense vir ons duidelik aan die lig, aangesien hulle in presies dieselfde staat van verderf verkeer. Dit is die besluit van Verkiesing en Verwerping wat in die Woord van God geopenbaar is, wat verkeerde, onreine en *onvaste mense* wel tot hul *eie verderf verdraai*[4] maar aan die heilige en Godvresende siele 'n onuitspreeklike troos verskaf.

[1]Hand. 13:48. [2]Eség. 36:26. [3]NGb. 16. [4]2 Petr. 3:16.

7. Hierdie uitverkiesing is 'n *onveranderlike voorneme van God*[1], waardeur Hy *voor die grondlegging van die wêreld*[2] 'n sekere menigte van mense uit die hele menslike geslag uitverkies het, alhoewel hulle nie beter of waardiger is as die ander nie, maar in die gemeenskaplike ellende saam met die ander lê. Hulle, wat deur hul eie skuld van die eerste regtheid verval het in die sonde en die verderf, het Hy na die *vrye welbehae van sy wil, uit louter genade*[3], tot die saligheid *uitverkies in Christus*[4], wat Hy ook van ewigheid af tot 'n Middelaar en Hoof van al die uitverkorenes en tot 'n fondament van die saligheid gestel het. En om hulle deur Hom salig te maak, het Hy ook besluit om hulle aan Hom te *gee*[5] en kragdadig tot *sy gemeenskap* deur sy Woord en Gees te *roep*[6]

en te *trek*[7], of, met die ware geloof in Hom begiftig, *te regverdig, te heilig* en deurdat hulle in die gemeenskap van sy Seun kragtiglik bewaar word, uiteindelik *te verheerlik*[8] as bewys van sy barmhartigheid, en tot roem van die *rykdomme van sy* heerlike *genade*[9]. Soos geskrywe is: *God het ons uitverkies in Christus voor die grondlegging van die wêreld, om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees, deurdat Hy ons voorbeskik het om ons as sy kinders vir Homself aan te neem deur Jesus Christus, na die welbehae van sy wil, tot lof van die heerlikheid van sy genade waarmee Hy ons begenadig het in die Geliefde* (Efés. 1:4-6). En elders: *Die wat Hy vantevore verordineer het, dié het Hy ook geroep; en die wat Hy geroep het, dié het Hy ook geregverdig; en die wat Hy geregverdig het, dié het Hy ook verheerlik* (Rom. 8:30).

[1]Efés. 1:11. [2]Efés. 1:4. [3]Lk. 12:32; Efés. 1:5-6,9. [4]Efés. 1:4. [5]Joh. 6:36; Joh. 17:2,12,24. [6]Rom. 8:30; 1 Kor. 1:9. [7]Joh. 6:44. [8]Rom. 8:30; 1 Kor. 6:11. [9]Efés. 1:7; Efés. 2:7.

8. Die voormelde uitverkiesing is nie veelsoortig nie, maar een en dieselfde vir almal wat salig word, in die Ou sowel as in die Nuwe Testament; aangesien die Skrif ons net een welbehae, voorneme en raad van die wil van God voorstel waardeur Hy ons van ewigheid af *uitverkies* het tot die genade sowel as tot die heerlikheid, *tot die saligheid*[1] sowel as *tot die weg van die saligheid*[2] wat Hy voorberei het, sodat ons daarin kan wandel.

[1]Hand. 13:48; HK vr. 54. [2]Efés. 1:4-5; Efés. 2:10.

9. Hierdie uitverkiesing is gedoen nie uit die vooruitgesiene geloof en die geloofsgehoorsaamheid, heiligheid of *enige ander goeie hoedanigheid of geskiktheid*[1], as oorsaak of voorwaarde wat vantevore vereis word in die mens wat uitverkies sal word nie; maar *tot*[2] die geloof en *geloofsgehoorsaamheid*[3], tot heiligheid ens.; daarom is die uitverkiesing die fontein van alle saligmakende goed waaruit die geloof, die heiligheid en ander saligmakende gawes, en uiteindelik die ewige lewe self, as vrugte voortvloei, volgens die getuienis van die apostel: *Hy het ons uitverkies om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees* (Efés. 1:4), nie ómdat ons dit alreeds was nie.

[1]Rom. 7:19; Efés. 2:8. [2]Rom. 8:30; Efes. 2:10. [3]Joh. 15:16.

10. Die oorsaak van hierdie genadige uitverkiesing is alleenlik die welbehae van God, wat nie daarin bestaan dat Hy *enige hoedanighede of werke van die mense*[1] uit alle moontlike voorwaardes, tot 'n voorwaarde van die saligheid uitgekies het nie; maar hierin dat Hy enige bepaalde persone uit die algemene menigte van sondaars vir Hom as sy eiendom aangeneem het. Soos geskrywe is: *Want toe die kinders nog nie gebore was en nog geen goed of kwaad gedoen het nie ... is vir haar* (nl. Rebekka) gesê: *Die oudste sal die jongste dien.* Soos geskrywe is: *Jakob het Ek liefgehad en Esau het Ek gehaat* (Rom. 9:11-13). En: *Daar het gelowig geword almal wat tot die ewige lewe verordineer was* (Hand. 13:48).

[1]Rom. 3:10-12; NGb. 16.

11. En soos God self alwys, *onveranderlik*[1], alwetend en almagtig is, net so kan die *uitverkiesing* wat sy daad is, nie *ongedaan gemaak* en oorgedoen of verander of herroep of afgebreek word nie, of ook die *uitverkorenes verwerp* of hul *getal verminder*[2] word nie.

[1]Jes. 41:4; Mal. 3:6; Rom. 11:29; Jak. 1:17; NGb. 1. [2]Jes. 49:16; Mt. 24:24; Joh. 6:37,39; Joh. 10:28-29; Rom. 8:30; NGb. 37.

12. Van hul ewige en onveranderlike uitverkiesing tot saligheid word die uitverkorenes op die regte tyd, ofskoon met verskillende trappe en in ongelyke mate, *verseker*[1]; nie as hulle die *verborgenhede*[2] en *dieptes van God*[3] nuuskierig deursoek nie, maar as hulle die onfeilbare vrugte van die uitverkiesing, soos in die Woord van God aangewys – bv. die *ware geloof in Christus*[4], kinderlike vrees van God, *droefheid* tot God *oor die sonde*[5], *honger en dors na die geregtigheid*[6], ens. – in hulself met 'n geestelike blydskap en heilige genot waarneem.

[1]2 Kor. 13:5. [2]Deut. 29:29. [3]Rom. 11:33; 1 Kor. 2:10-11. [4]Efés. 1:4; Efés. 2:8. [5]2 Kor. 7:10. [6]Ps. 42:3; Ps. 63:2; Jes. 55:1; Mt. 5:6.

13. Uit die gevoel en die versekerdheid van hierdie uitverkiesing vind die kinders van God daagliks meer rede om hulself *voor God te verootmoedig*[1], die diepte van sy barmhartighede te aanbid, *hulself te reinig*[2], en Hom wat hulle *eerste so uitnemend liefgehad*

*het*[3], van hul kant vuriglik te bemin; sover is dit daarvandaan dat hulle deur hierdie leer van die uitverkiesing en deur die oordenking daarvan *traer sou word in die onderhouding van die gebooie van God*[4] of dat hulle, deur na die vlees te lewe, *sorgeloos*[5] sou word. Deur die regverdige oordeel van God is dit wel die geval met diegene wat hulself die genade van die uitverkiesing ligtelik toeëien of ydellik en ligsinnig daaroor praat, sonder dat hulle begeer om in die weë van die uitverkorenes te wandel.

[1]Dan. 10:12. [2]1 Joh. 3:3. [3]1 Joh. 4:10,19. [4]Kol. 3:12; 1 Joh. 5:1-3. [5]HK vr. 64.

14. Verder is hierdie leer van die Goddelike uitverkiesing volgens die wyse raad van God, deur die profete, Christus self en die apostels, in die Ou sowel as die Nuwe Testament verkondig en daarna in die Heilige Skrifte voorgestel en bewaar. Daarom moet dit *vandag nog* op die regte tyd en plek *in die kerk van God* – waarvoor dit besonderlik bestemd is – versigtig en met godvrugtige eerbied en heiligheid *voorgestel word*[1], *sonder* enige *nuuskierige ondersoeking* van die weë van die Allerhoogste, *tot eer van die heilige Naam van God*[2] *en tot 'n lewende troos*[3] vir sy volk.

[1]Hand. 20:27. [2]Rom. 11:33-34; Rom. 12:3. [3]Hebr. 6:17-18.

15. Hierdie ewige en onverdiende genade van ons uitverkiesing word deur die Heilige Skrif ons daardeur allermees aangewys en aangeprys dat dit bowendien getuig dat *nie alle mense uitverkies*[1] is nie, maar sommige nie uitverkies is nie of in die ewige uitverkiesing van God verbygegaan is, naamlik diegene oor wie God besluit het om hulle na sy geheel vrye, regverdige, onberispelike en onveranderlike welbehae in die algemene *ellende te laat*[2] bly waarin hulle hulself deur hule eie skuld gestort het, en om hulle met die saligmakende geloof en die genade van die bekering nie te begiftig nie. Terwyl Hy hulle in *hul eie weë*[3] en onder sy regverdige oordeel laat bly, het Hy besluit om hulle eindelik nie alleen oor die ongeloof nie, maar ook oor al die ander sondes te *veroordeel*[4], en ewiglik te straf om sy geregtigheid te openbaar. En dit is die besluit van die verwerping wat God geensins maak tot *bewerker van die sonde nie*[5] – dit sou 'n godslasterlike gedagte wees – maar Hom

stel tot 'n verskriklike, onberispelike en regverdige regter en wreker daarvan.

[1]Mt. 22:14; Rom. 9:13,18,21. [2]Rom. 1:24-26. [3]Hand. 14:16. [4]Joh. 3:17-18. [5]NGb. 13.

16. Diegene wat die *lewende geloof*[1] in Christus of die *vaste vertroue*[2] van die hart, die *vrede*[3] van die gewete, die betragting van kinderlike gehoorsaamheid en die *roem in God deur Christus*[4] in hulle nog nie kragtig gevoel nie en nogtans die middele gebruik waardeur God beloof het om dit alles in ons te werk, hulle moet nie mismoedig word wanneer hulle van die verwerping hoor nie, nóg hulle onder die verworpenes reken; maar hulle moet vlytig voortgaan om die *middele te gebruik*[5], vurig verlang na die tyd van oorvloediger genade en dit met eerbied en ootmoed verwag. Nog minder behoort diegene vir hierdie leer van die verwerping te skrik wat ernstig begeer om hulle tot God te bekeer, Hom alleen te behaag en van die *liggaam van die dood verlos*[6] te word, alhoewel hulle op die weg van die godsaligheid en van die geloof nog nie sover kan kom as wat hulle graag sou wens nie; aangesien die barmhartige God beloof het dat Hy die *dowwe lamppit nie sal uitblus* en die *geknakte riet nie sal verbreek nie*[7]. Maar hierdie *leer* is met reg tot 'n *verskrikking* vir hulle wat God en *Christus,* die *Saligmaker, nie ag nie*[8] en hulself aan die *sorge van die wêreld*[9] en die welluste van die vlees geheel en al oorgegee het – solank as hulle hul nie met erns tot God bekeer nie.

[1]Jak. 2:26. [2]Hebr. 2:13; HK vr. 21. [3]Rom. 5:1. [4]Rom. 5:11; Filip. 3:3. [5]2 Tim. 1:6. [6]Rom. 6:6; Rom. 7:24; Rom. 8:23. [7]Jes. 42:3; Mt. 11:28; Mt. 12:20. [8]Mt. 11:20-24; Hebr. 12:29. [9]Mt. 13:22.

17. Aangesien ons oor die wil van God moet oordeel uit sy Woord wat getuig dat die *kinders van die gelowiges heilig*[1] is, nie van nature nie, maar kragtens die *genadeverbond*[2] waarin hulle saam met hul ouers opgeneem is, daarom moet godsalige ouers nie twyfel aan die uitverkiesing en saligheid van hul kinders wat God in hul kinderjare uit hierdie lewe wegneem nie.

[1]1 Kor. 7:14; HK vr. 74; NGb. 34, sin 8. [2]Gén. 17:7; Jes. 59:21; Hand. 2:39.

18. Teen diegene wat oor hierdie genade van die onverdiende uitverkiesing en strengheid van die regverdige verwerping murmureer, stel ons hierdie uitspraak van die apostel: *O mens, wie is jy wat teen God antwoord?* (Rom. 9:20), en ook die uitspraak van ons Saligmaker: *Staan dit my nie vry om met my eie goed te maak wat ek wil nie?* (Mt. 20:15). Ons daarenteen wat hierdie *verborgenhede*[1] met godvrugtige eerbied aanbid, roep met die apostel uit: *O, diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele en onnaspeurlik sy weë! Want wie het die gedagte van die Here geken, of wie was sy raadsman gewees? Of wie het eers iets aan Hom gegee, dat dit hom vergeld moet word? Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in ewigheid. Amen* (Rom. 11:33-36).

[1] Mt. 13:11; Rom. 11:25.

## VERWERPING VAN DIE DWALINGE WAARDEUR DIE NEDERLANDSE KERKE 'N TYD LANK IN BEROERING GEBRING IS

Aangesien hierdie regsinnige leer van die uitverkiesing en verwerping verklaar is, verwerp die Sinode die dwalinge van diegene

1. wat leer: *Dat die wil van God om salig te maak die wat sou glo en in die geloof en geloofsgehoorsaamheid sou volhard, die ganse en volle besluit van die uitverkiesing tot saligheid is, en dat daar niks anders oor hierdie besluit in die Woord van God geopenbaar is nie*.

   Want hulle bedrieg die eenvoudiges en weerspreek duidelik die Heilige Skrif wat getuig dat God nie alleen diegene wat sal glo, wil salig maak nie, maar dat Hy ook enige bepaalde mense van ewigheid af uitverkies het wat Hy in die tyd, bo ander, met die geloof in Christus en met volharding sou begiftig, soos geskrywe is: *Ek het u Naam geopenbaar aan die mense wat U My uit die wêreld gegee het* (Joh. 17:6). En: *Daar het gelowig geword almal wat tot die*

*ewige lewe verordineer was* (Hand. 13:48). En: *Hy het ons uitverkies voor die grondlegging van die wêreld, om heilig te wees ...* (Efés. 1:4);

2. wat leer: *Dat die uitverkiesing van God tot die ewige lewe veelsoortig is: die een algemeen en onbepaald, die ander besonder en bepaald; en dat laasgenoemde weer óf onvolkome, herroepbaar, nie-beslissend en voorwaardelik is, óf volkome, onherroeplik, beslissend en volstrek is*. En ook: *Dat daar een uitverkiesing is tot die geloof en 'n ander tot die saligheid, en wel so dat daar 'n uitverkiesing tot die regverdigmakende geloof kan wees sonder die beslissende uitverkiesing tot saligheid*.

   Want dit is 'n versinsel van die mens se brein, buite die Skrif uitgedink, waardeur die leer van die uitverkiesing vernietig en hierdie goue ketting van ons saligheid verbreek word: *Die wat Hy vantevore verordineer het, dié het Hy ook geroep; en die wat Hy geroep het, dié het Hy ook geregverdig; en die wat Hy geregverdig het, dié het Hy ook verheerlik* (Rom. 8:30);

3. wat leer: *Dat die welbehae en voorneme van God waarvan die Heilige Skrif in die leer van die uitverkiesing gewag maak, nie daarin bestaan dat God enige bepaalde mense bo ander uitverkies het nie, maar daarin, dat God uit alle moontlike voorwaardes – waaronder ook die werke van die Wet val – of uit die hele orde van alle dinge, die uit sy aard onverdienstelike daad van die geloof, en die onvolmaakte gehoorsaamheid daarvan tot 'n voorwaarde van die saligheid uitgekies het, wat Hy as 'n volkome gehoorsaamheid genadiglik wou reken, en wou waardig ag om met die ewige lewe te beloon*.

   Want met hierdie skadelike dwaling word die welbehae van God en die verdienste van Christus kragteloos gemaak, en word die mense deur nuttelose vrae afgetrek van die waarheid van die genadige regverdigmaking en van die eenvoudigheid van die Skrif. Tewens word hierdie uitspraak van die apostel van onwaarheid beskuldig: *God het ons geroep met 'n heilige roeping, nie volgens ons werke nie, maar volgens sy eie voorneme en genade wat ons van ewigheid af in Christus Jesus geskenk is* (2 Tim. 1:9);

4. wat leer: *Dat in die uitverkiesing tot die geloof hierdie voorwaarde vantevore vereis word dat die mens die lig van die natuur reg moet gebruik, vroom moet wees, klein, nederig en geskik vir die ewige lewe* – net asof die uitverkiesing enigsins van hierdie dinge sou afhang.

   Want dit smaak na die gevoele van Pelagius en stry teen die leer van die apostel waar hy skrywe: *Ons het vroeër gewandel in die begeerlikhede van ons vlees toe ons die wil van die vlees en van die sinne gedoen het; en ons was van nature kinders van die toorn net soos ook die ander; maar God, wat ryk is in barmhartigheid, het ons deur sy grote liefde waarmee Hy ons liefgehad het, ook toe ons dood was deur die misdade, lewend gemaak saam met Christus – uit genade is julle gered – en saam opgewek en saam laat sit in die hemele in Christus Jesus, sodat Hy in die eeue wat kom, kan betoon die uitnemende rykdom van sy genade in goedertierenheid oor ons in Christus Jesus. Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie – dit is die gawe van God; nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie* (Efés. 2:3-9);

5. wat leer: *Dat die onvolkome en nie-beslissende uitverkiesing van bepaalde persone tot saligheid tot stand gekom het uit die vooruitgesiene geloof, bekering, heiligheid en godsaligheid, wat óf net begin het óf ook al 'n tyd geduur het; maar dat die volkome en beslissende uitverkiesing tot stand gekom het uit die vooruitgesiene volharding tot die einde toe in die geloof, bekering, heiligheid en godsaligheid; en dat dit die genadige en evangeliese waardigheid is, ter wille waarvan hy wat uitverkies word, waardiger is as hy wat nie uitverkies word nie; en dat derhalwe die geloof, die geloofsgehoorsaamheid, heiligheid, godsaligheid en volharding nie vrugte is van die onveranderlike uitverkiesing tot heerlikheid nie, maar dat dit voorwaardes is wat vantevore vereis word en vooruitgesien is as alreeds volbring, in diegene wat ten volle uitverkies sal word, en oorsake is waarsonder die onveranderlike uitverkiesing tot heerlikheid nie tot stand kom nie*.

Dit stry teen die hele Skrif wat hierdie en dergelike uitsprake in ons ore en harte telkens weer inskerp: *Die uitverkiesing is nie uit die werke nie, maar uit Hom wat roep* (Rom. 9:11). *Almal het gelowig geword wat tot die ewige lewe verordineer was* (Hand. 13:48). *Julle het My nie uitverkies nie, maar Ek het julle uitverkies* (Joh. 15:16). *As dit deur genade is, dan is dit nie meer uit die werke nie* (Rom. 11:6). *Hierin is die liefde: nie dat ons God liefgehad het nie, maar dat Hy ons liefgehad het en sy Seun gestuur het* (1 Joh. 4:10);

6. wat leer: *Dat nie elke uitverkiesing tot saligheid onveranderlik is nie, maar dat sommige uitverkorenes, nieteenstaande enige besluit van God, verlore kan gaan, en ook vir ewig verlore gaan*.

   Met hierdie growwe dwaling word God veranderlik gemaak en die troos van die godsaliges, wat hulle skep uit die vastigheid van hul uitverkiesing, omvergewerp. Ook word die Heilige Skrif weerspreek wat leer: *Dat die uitverkorenes nie verlei kan word nie* (Mt. 24:24); *dat Christus diegene wat Hom deur die Vader gegee is, nie sal verloor nie* (Joh. 6:39); *en dat God die wat Hy vantevore verordineer, geroep en geregverdig het, dié ook verheerlik het* (Rom. 8:30);

7. wat leer: *Dat daar in hierdie lewe geen vrug en geen gevoel is van die onveranderlike uitverkiesing tot heerlikheid nie; ook geen sekerheid nie, behalwe die wat afhanklik is van 'n veranderlike en onseker voorwaarde*.

   Want behalwe dat dit ongerymd is om 'n onsekere sekerheid te stel, stry dit ook teen die bevinding van die heiliges wat, kragtens die gevoel van hul uitverkiesing, hulle met die apostel verheug en hierdie weldaad van God roem (Efés. 1), wat volgens die vermaning van Christus hulle verbly met die dissipels dat hul name in die hemel geskrywe is (Lk. 10:20); wat ook die gevoel van hul uitverkiesing stel teen die vurige pyle van die aanvegtinge van die duiwel, terwyl hulle vra: *Wie sal beskuldiging inbring teen die uitverkorenes van God?* (Rom. 8:33);

8. wat leer: *Dat God oor niemand net kragtens sy regverdige wil besluit het om hom in die val van Adam en in die gemeenskaplike staat van sonde en verdoemenis te laat bly nie, of in die mededeling van die genade wat tot die geloof en die bekering nodig is, verby te gaan nie*.

Want dit staan vas: *Hy is barmhartig oor wie Hy wil, en Hy verhard wie Hy wil* (Rom. 9:18). En dit ook: *Dit is aan julle gegee om die verborgenhede van die koninkryk van die hemel te ken, maar aan hulle is dit nie gegee nie* (Mt. 13:11). En ook: *Ek loof U, Vader, Here van die hemel en die aarde, dat U hierdie dinge verberg het vir wyse en verstandige mense en dit aan kindertjies geopenbaar het. Ja, Vader, want so was dit u welbehae* (Mt. 11:25-26);

9. wat leer: *Dat die oorsaak waarom God die Evangelie liewer na die een volk stuur as na die ander, nie enkel en alleen die welbehae van God is nie, maar omdat die een volk beter en waardiger is as die ander waaraan die Evangelie nie meegedeel word nie*.

Want Moses ontken dit as hy die Israelitiese volk aldus aanspreek: *Kyk, aan die HERE jou God behoort die hemel, ook die hoogste hemel, die aarde en alles wat daarin is. Maar net aan jou vaders het die HERE 'n welgevalle gehad om hulle lief te hê, en Hy het hulle nageslag na hulle, vir julle, uit al die volke uitverkies, soos dit vandag is* (Deut. 10:14-15). En Christus: *Wee jou, Górasin, wee jou, Betsáida! want as in Tirus en Sidon die kragtige dade plaasgevind het wat in julle plaasgevind het, sou hulle hul lankal in sak en as bekeer het* (Mt. 11:21).

# TWEEDE LEERSTUK

## OOR DIE DOOD VAN CHRISTUS EN DIE VERLOSSING VAN DIE MENSE DEUR SY DOOD

1. God is nie alleen ten hoogste *barmhartig* nie, maar ook ten hoogste *regverdig*[1]. En sy geregtigheid – soos Hy Hom in sy Woord geopenbaar het – eis, dat ons sondes, teen sy oneindige majesteit begaan, nie alleen met *tydelike*, maar ook met *ewige strawwe*[2] aan *siel en liggaam gestraf*[3] moet word; en aan dié strawwe kan ons nie *ontkom*[4] nie, tensy aan die geregtigheid van God voldoen word.

[1]Ex. 34:6-7; NGb. 16; HK vr. 11. [2]Ps. 50:21; Nah. 1:2; Mt. 25:46; 2 Thes. 1:9; HK vr. 10. [3]Mt. 13:40-42,49-50; Mt. 16:26; Jak. 5:20; HK vr. 11. [4]Mt. 3:7; Mt. 23:33; Lk. 21:36.

2. Maar omdat ons *self geen voldoening*[1] kan gee en ons van die *toorn van God kan bevry nie*[2], het God uit oneindige barmhartigheid sy *eniggebore Seun*[3] as *borg*[4] aan ons gegee, wat *vir ons* of *in ons plek*[5] *sonde* en *vervloeking aan die kruis*[6] geword het om vir ons te voldoen.

[1]Rom. 3:20; Rom. 7:19; Efés. 2:8; HK vr. 13. [2]Joh. 3:36; Rom. 1:18; Efés. 5:6; 1 Thes. 1:10; Openb. 6:16. [3]Joh. 3:16; Rom. 5:8; Filip. 2:7; 1 Joh. 4:9. [4]Hebr. 7:22. [5]Jes. 53:4-5,11; Mt. 20:28; Joh. 1:29; Rom. 5:8; 2 Kor. 5:15; Efés. 5:2; Hebr. 9:28; NGb. 20. [6]2 Kor. 5:21; Gal. 3:13; Kol. 2:14.

3. Hierdie dood van die Seun van God is die *enigste en volmaakte offer*[1] en *genoegdoening vir die sondes*[2]; van oneindige krag en waarde, oorvloedig genoeg om die *sondes van die hele wêreld*[3] te versoen.

[1]Mt. 1:21; Hand. 4:12; Hebr. 10:14. [2]Rom. 5:8-9; 1 Tim. 1:15; Hebr. 2:17; Hebr. 9:14,25-26. [3]Joh. 1:29; Joh. 11:51-52; 1 Joh. 2:2.

4. En hierdie dood het daarom so 'n grote krag en waarde, omdat die persoon wat dit ondergaan het, nie alleen 'n *ware en volkome heilige mens*[1] is nie, maar ook die *eniggebore Seun van God*[2], van *eenselfde ewige en oneindige wese met die Vader en die Heilige Gees*[3], soos ons Saligmaker dan ook moes gewees het. Bowendien, omdat sy dood verbonde was met die *gewaarwording van die toorn van God*[4] en van die *vloek*[5] wat ons deur ons sondes verdien het.

[1]Hebr. 4:15; Hebr. 7:26; HK vr. 16-19. [2]Joh. 3:16; 1 Joh. 4:9. [3]Gal. 4:6; NGb. 8-10. [4]Mt. 27:46. [5]Gal. 3:13.

5. Verder is die belofte van die Evangelie dat elkeen wat in die *gekruisigde Christus*[1] glo, *nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê*[2]; en hierdie belofte moet aan *alle volke*[3] en mense tot wie God na sy welbehae sy Evangelie stuur, voor die voet en *sonder enige onderskeid*[4] verkondig en voorgestel word, met die *bevel van bekering en geloof*[5].

[1]1 Kor. 1:23. [2]Joh. 3:16. [3]Mt. 28:19. [4]Rom. 3:22; Rom. 10:12. [5]Hand. 2:38; Hand. 16:31; 2 Kor. 5:20.

6. Dat egter *baie* wat deur die Evangelie *geroep*[1] is, *nie tot bekering kom* of in *Christus glo* nie, maar in ongeloof sterwe, dit kom nie deur die gebrekkigheid of ongenoegsaamheid van die offer wat Christus aan die kruis gebring het nie, maar deur *hul eie skuld*[2].

[1]Mt. 22:14. [2]Mt. 7:21-23; Mt. 11:20-24; 1 Kor. 6:10; Hebr. 4:6; Jak. 1:13-15; HK vr. 87.

7. Maar almal wat waaragtiglik glo en deur die dood van Christus van die sondes en die verderf gered en behou word, geniet hierdie weldaad *alleen uit die genade van God*[1], wat aan hulle van *ewigheid af in Christus gegee*[2] is sonder dat Hy dié genade aan iemand verskuldig is.

[1]Joh. 3:27; Joh. 6:44; Rom. 3:24; 2 Kor. 5:18; Efés. 2:8. [2]Efés. 1:4.

8. Want dit was die geheel vrye raad, die allergenadigste wil en voorneme van God die Vader, dat die *lewendmakende en saligma-*

*kende krag* van die kosbare dood van sy Seun *sigself sou uitstrek* tot al die uitverkorenes om *alleen hulle* met die *regverdigmakende geloof te begiftig* en *daardeur* hulle *onfeilbaar* tot die *saligheid te bring*[1]; dit wil sê: Dit was die wil van God dat Christus deur die *bloed van sy kruis*[2] – waarmee Hy die *nuwe verbond*[3] bevestig het – *uit alle volke, stamme, geslagte en tale*[4] dié almal en dié alleen, kragdadig sou verlos wat van ewigheid af tot saligheid uitverkies en deur die Vader aan Hom gegee is; dat Hy hulle sou begiftig met die geloof sowel as die ander saligmakende gawes van die Heilige Gees, wat Hy deur sy dood vir hulle verwerf het; en dat Hy hulle van al hul sondes, die aangeborene sowel as die werklike, ná sowel as voor die geloof begaan, *deur sy bloed sou reinig*[5], tot die einde toe *getrou sou bewaar*[6] en uiteindelik sonder *enige vlek of rimpel*[7] heerlik voor Hom sou stel.

[1]Joh. 15:16; Joh. 17:2,9,15. [2]Kol. 1:20. [3]Lk. 22:20; Hebr. 8:6-13; Hebr. 9:15. [4]Openb. 5:9; Openb. 7:9. [5]1 Joh. 1:7. [6]Joh. 10:28-29; Joh. 17:12,15. [7]Efés. 5:27.

9. Hierdie raad wat voortkom uit die ewige liefde van God tot die uitverkorenes, is van die begin van die wêreld af tot op die *teenswoordige tyd*[1] kragdadig vervul, al versit die *poorte van die doderyk*[2] hulle tevergeefs daarteen. Hierdie raad sal ook voortaan vervul word, sodat die uitverkorenes op die regte tyd byeen vergader sal word en daar *altyd 'n Kerk van gelowiges*[3] sal wees, gegrondves op die bloed van Christus – so 'n Kerk wat Hom as sy Saligmaker wat, soos 'n bruidegom vir sy bruid, *sy lewe aan die kruis vir haar gegee*[4] het, standvastig bemin, met volharding dien en hier en in alle ewigheid *verheerlik*[5].

[1]Hand. 2:47. [2]Mt. 16:18. [3]1 Kon. 19:18; Joh. 11:52; NGb. 27. [4]Efés. 5:25. [5]Rom. 11:33-36.

## VERWERPING VAN DIE DWALINGE

Aangesien hiermee die regsinnige leer verklaar is, verwerp die Sinode die dwalinge van diegene

1. wat leer: *Dat God die Vader, sy Seun tot die kruisdood verordineer het sonder 'n seker en bepaalde raadsbesluit om iemand persoonlik salig te maak, sodat die noodsaaklikheid, nuttigheid en waardigheid van die verdienste van die dood van Christus wel sou kon bestaan en in alle dele volmaak, volkome en as een geheel sou kon gebly het, selfs al sou geen enkele mens hom ooit die verlossing wat Christus verwerf het, inderdaad toegeëien het nie*.

   Want hierdie leer strek tot versmading van die wysheid van die Vader en van die verdienste van Jesus Christus en is in stryd met die Heilige Skrif. Want aldus spreek ons Saligmaker: *Ek lê my lewe af vir die skape, en Ek ken hulle* (Joh. 10:15,27). En die profeet Jesaja sê van die Saligmaker: *As sy siel 'n skuldoffer aangebied het, sal Hy 'n nakroos sien; Hy sal die dae verleng en die welbehae van die Here sal deur sy hand voorspoedig wees* (Jes. 53:10). Eindelik werp dit die geloofsartikel omver waarmee ons ons geloof bely aan *'n algemene Christelike Kerk*;

2. wat leer: *Dat dit nie die doel van die dood van Christus was om die nuwe verbond van die genade metterdaad deur sy bloed te bevestig nie, maar alleen dat Hy vir die Vader die blote reg sou verwerwe om met die mense weer 'n verbond van die genade of van die werke, welke verbond ook al, te kan oprig*.

   Want dit is in stryd met die Skrif wat leer dat Christus Borg en Middelaar geword het van 'n beter, dit wil sê, van die nuwe verbond (Hebr. 7:22), en dat 'n testament eers by 'n sterfgeval geldig is (Hebr. 9:15,17);

3. wat leer: *Dat Christus deur sy voldoening vir niemand sekerlik die saligheid self en die geloof verdien het, waardeur hierdie voldoening van Christus tot saligheid effektief toegeëien word nie, maar dat Hy alleen vir die Vader die mag of die volkome wil verwerf het om opnuut met die mense te handel en nuwe voorwaardes, soos Hy wil, voor te skrywe; en dat die volbrenging daarvan sou afhang van die vrye wil van die mens, sodat dit dus sou kon gebeur dat óf niemand óf alle mense dit sou vervul*.

Want hierdie mense dink alte veragtelik oor die dood van Christus, erken geensins die vernaamste vrug of weldaad wat daardeur verkry is nie en roep weer uit die hel die Pelagiaanse dwaling te voorskyn;

4. wat leer: *Dat die nuwe verbond van die genade wat God die Vader, deur tussenkoms van die dood van Christus, met die mense gemaak het, nie daarin bestaan dat ons deur die geloof vir sover dit die verdienste van Christus aanneem, voor God regverdig en salig gemaak word nie; maar daarin dat God, nadat Hy die eis van die volmaakte gehoorsaamheid van die Wet afgeskaf het, die geloof self en die geloofsgehoorsaamheid – alhoewel dit onvolmaak is – vir volmaakte gehoorsaamheid van die Wet reken en uit genade waardig ag om dit met die ewige lewe te beloon*.

   Want hierdie mense weerspreek die Skrif: *Hulle word deur sy genade verniet geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is wat God voorgestel het as 'n versoening deur die geloof in sy bloed* (Rom. 3:24-25). En met die goddelose Socinus voer hulle 'n nuwe en vreemde regverdigmaking van die mens voor God in, teen die ooreenstemming van die hele kerk;

5. wat leer: *Dat alle mense in die staat van versoening en in die genade van die verbond aangeneem is; sodat niemand vanweë die erfsonde aan die verdoemenis skuldig is of verdoem moet word nie, maar dat alle mense van die skuld van hierdie sonde vry is*.

   Want hierdie gevoele stry teen die Skrif wat sê *dat ons van nature kinders van die toorn is* (Efés. 2:3);

6. *wat die onderskeid tussen die verwerwing en die toeëiening gebruik om die onversigtiges en onervarenes hierdie gevoele te kan inprent dat God, vir sover dit Hom betref, aan alle mense die weldade wat deur die dood van Christus verkry word, in gelyke mate wou meedeel. Maar dat sommige die vergifnis van sondes en die ewige lewe deelagtig word en ander nie – daardie onderskeid hang van hul vrye wil af wat hom aanpas by die genade wat sonder onderskeid aangebied word, en dat dit nie van die besondere gawe*

*van die barmhartigheid, wat effektief in hulle werk, afhang dat hulle in onderskeiding van ander die genade hulle sou toeëien nie*.

Want dié mense wat voorgee dat hulle hierdie onderskeiding in 'n goeie sin voorstel, probeer om die volk die verderflike gif van die Pelagiaanse dwalinge in te gee;

7. wat leer: *Dat Christus vir diegene wat ten hoogste deur God bemin word en wat Hy tot die ewige lewe uitverkies het, nie kon en nie moes sterwe nie en ook nie gesterf het nie, omdat hulle die dood van Christus nie nodig het nie*.

Want hulle weerspreek die apostel wat sê: *Christus het my liefgehad en het Homself vir my oorgegee* (Gal. 2:20). Desgelyks: *Wie sal beskuldiging inbring teen die uitverkorenes van God? God is dit wat regverdig maak. Wie is dit wat veroordeel? Christus is dit wat gesterf het* (Rom. 8:33,34) naamlik vir hulle: en die Saligmaker wat sê: *Ek lê my lewe af vir die skape* (Joh. 10:15); en: *Dit is my gebod dat julle mekaar moet liefhê net soos Ek julle liefgehad het. Groter liefde het niemand as dit nie, dat iemand sy lewe vir sy vriende gee* (Joh. 15:12-13).

# DERDE EN VIERDE LEERSTUK

## OOR DIE MENS SE VERDORWENHEID EN BEKERING TOT GOD

1. Die mens is van die begin af na die *beeld van God geskape*[1], versierd in sy verstand met ware en salige *kennis*[2] van sy Skepper en van geestelike sake; en in sy wil en sy hart met geregtigheid en in al sy geneenthede met suiwerheid; sodat hy dus heeltemal *heilig*[3] was. Maar toe hy deur die *ingewing van die duiwel* en deur sy *eie vrye wil van God afgewyk*[4] het, het hy homself van hierdie uitnemende gawes beroof; en hy het daarenteen in die plek daarvan oor homself gebring blindheid, verskriklike duisternis, ydelheid en verkeerdheid van oordeel in sy verstand, boosheid, wederspannigheid en hardheid in sy wil en sy hart, en laastens onsuiwerheid in al sy geneenthede[5].

[1]Gén. 1:26,27; Efés. 4:24; HK vr. 6. [2]Kol. 3:10. [3]Gén. 1:31. [4]Gén. 3:1-7. [5]Rom. 1:18-32; Efés. 4:17-19; 2 Tim. 3:1-5; NGb. 14; HK vr. 9.

2. Net soos die mens ná die val gewees het, was ook die kinders wat hy voortgebring het: *hy het as verdorwene verdorwe kinders voortgebring*; sodat die *verdorwenheid*, volgens die regverdige oordeel van God, *van Adam op al sy nakomelinge*[1] – *Christus alleen uitgesonderd*[2] – *oorgegaan het*, nie deur navolging soos die Pelagiane eertyds beweer het nie, maar deur voortplanting van die verdorwe natuur.

[1]Gén. 8:21; Job 14:4; Job 15:14; Ps. 51:7; Rom. 3:9-12; Rom. 5:12; Efés. 2:1-3; NGb. 15. [2]2 Kor. 5:21; Hebr. 4:15; Hebr. 7:26.

Daarom word *alle mense in sonde ontvang*[1] en as *kinders van die toorn*[2] gebore, *onbekwaam tot enige saligmakende goed, geneig tot kwaad*[3], *dood in sondes*[4] en *slawe van die sonde*[5]; hulle *wil en kan ook nie tot God terugkeer*[6] of hul verdorwe natuur verbeter of hulself daartoe bring om dit te verbeter nie, *sonder die genade van die Heilige Gees wat die wedergeboorte skenk*[7].

[1]Ps. 51:7; HK vr. 7. [2]Efés. 2:3. [3]Rom. 3:10-18,23; Rom. 7:19; HK vr. 8. [4]Efés. 2:1. [5]Joh. 8:34; Rom. 6:17. [6]Joh 6:44; 1 Kor. 2:14. [7]Joh. 3:3,5; Tit. 3:5; 1 Petr. 1:23; HK vr. 8.

4. Daar het wel ná die val in die mens nog 'n *bietjie lig van die natuur oorgebly*[1] waardeur hy enige kennis behou van God, van die natuurlike dinge, van die onderskeid tussen wat betaamlik en onbetaamlik is, terwyl hy ook enigsins 'n strewe openbaar na deug en uiterlike tug. Maar so onmoontlik is dit vir die mens om deur hierdie lig van die natuur tot die saligmakende kennis van God te kom en hom tot God te bekeer, dat hy selfs in natuurlike en burgerlike sake hierdie lig nie reg gebruik nie; ja dit veel liewer – hoedanig dit ook al mag wees – op verskillende maniere geheel en al besoedel en in *ongeregtigheid onderdruk*[2]. En omdat hy dit doen, is daar vir hom *geen verontskuldiging voor God nie*[3].

[1]Rom. 2:14-15; HK vr. 114; NGb. 14, sin 5. [2]Rom. 1:18; Rom. 8:7. [3]Rom. 1:19-20; Rom. 2:14-15; NGb. 2; NGb. 14, sin 5.

5. Wat dit betref, staan dit met die *Wet* van die *Tien Gebooie*[1] wat God deur Moses besonderlik aan die Jode gegee het, net soos met die lig van die natuur. Want aangesien die *Wet die grootheid van die sonde wel ontdek*[2] en die mens al meer van sy skuld oortuig, maar die herstellingsmiddel daarteen nie aanwys of enige kragte bybring om uit hierdie ellende uit te kom nie, en omdat die Wet dus, nadat dit *deur die vlees kragteloos*[3] geword het, die oortreder onder die *vloek*[4] laat bly, daarom kan die mens *daardeur die saligmakende genade nie verkry nie*[5].

[1]Ex. 20:1-17. [2]Rom. 3:20; Rom. 7:7,10,13. [3]Rom. 8:3. [4]Rom. 6:23; Gal. 3:10. [5]Rom. 3:28; Gal. 2:16,21; Gal. 3:11.

6. Wat dus die lig van die natuur en ook die Wet nie kan doen nie, dit doen God deur die *krag van die Heilige Gees*[1] en deur die Woord of die *bediening van die versoening*[2]. Dit is die *Evangelie van die Messias*[3] waardeur dit *God behaag het om die gelowige mense* in die Ou sowel as in die Nuwe Testament *salig te maak*[4].

[1]Jer. 31:33; Eség. 36:26-27; Joh. 3:5. [2]2 Kor. 5:18. [3]1 Kor. 9:12; 2 Kor. 2:12; 2 Kor. 10:14. [4]1 Kor. 1:21.

7. Hierdie *verborgenheid van sy wil*[1] het God in die Ou Testament aan betreklik min bekend gemaak, maar in die Nuwe Testament, waar die *onderskeid tussen die volke weggeneem*[2] is, het Hy dit aan meer mense geopenbaar. Dat hierdie toebedeling so verskillend is, daarvan moet die oorsaak nie toegeskryf word aan die *waardigheid van die een volk bo die ander*[3] nie, of ook aan die feit dat 'n beter gebruik van die lig van die natuur gemaak is nie, maar aan die geheel *vrye welbehae*[4] en onverdiende liefde van God. Daarom moet diegene aan wie buite, ja, teen enige verdienste, so 'n groot genade te beurt val, dit met 'n nederige en dankbare hart erken; maar ten opsigte van die ander wat hierdie genade nie deelagtig word nie, moet hulle met die apostel die strengheid en *regverdigheid van die oordele van God*[5] aanbid sonder om dit uit nuuskierigheid te wil ondersoek.

[1]Efés. 1:9. [2]Kol. 3:11; Efés. 2:14. [3]Rom. 2:11; Rom. 3:22. [4]Lk. 12:32; Efés. 1:5,9,11; Filip. 2:13. [5]Rom. 11:22,33; Openb. 16:7; Openb. 19:2.

8. Maar almal wat *deur die Evangelie geroep*[1] word, word in alle erns geroep. Want God betuig met erns en alle waaragtigheid in sy Woord wát Hom welgevallig is, naamlik dat diegene wat geroep is, *na Hom toe moet kom*[2]. Hy beloof ook in alle erns aan almal wat na Hom toe kom en glo, die *rus vir hul siele*[3] en die *ewige lewe*[4].

[1]Rom. 8:30; Rom. 9:24; 1 Kor. 1:9,24; 1 Thes. 2:12; 2 Thes. 2:14. [2]Jes. 55:1,6-13; Eség. 33:11; Mt. 11:28; Joh. 6:37; 2 Kor. 5:20; Openb. 22:17. [3]Jer. 6:16; Mt. 11:28-29. [4]Joh. 3:15-16; 1 Tim. 1:16; Tit. 1:2.

9. Dat *baie* wat deur die bediening van die Evangelie *geroep is, nie kom*[1] en nie bekeer word nie, *daarvan lê die skuld* nie in die Evangelie of in Christus wat deur die Evangelie aangebied is nie, ook nie in God wat deur die Evangelie roep en selfs ook aan hulle wat Hy roep, verskillende gawes meedeel nie, *maar in die geroepenes self*[2] van wie sommige deur sorgeloosheid die woord van die lewe nie aanneem nie; ander neem dit wel aan, maar nie in die binneste van hul harte nie; daarom is dit dat hulle, ná 'n kortstondige vreugde van die tydelike geloof, weer terugval; ander laat die saad van die Woord deur die dorings van die sorge en deur die welluste

van die wêreld verstik en bring geen vrugte voort nie, soos ons Saligmaker in die *gelykenis van die saad*[3] dit leer (Mt. 13).

[1]Mt. 22:14. [2]Ps. 95:8; Eség. 18; Amos 4:6-13; Mt. 11:20-26; Mt. 23:37; Mk. 6:52; 1 Petr. 2:7-8. [3]Mt. 13:13-23; Lk. 8:4-15.

10. Maar *dat ander wat* deur die bediening van die *Evangelie geroep is, kom en bekeer word*, dit moet *nie aan die mens toegeskryf*[1] word nie asof hy deur sy vrye wil hom onderskei van ander wat met net so 'n grote of genoegsame genade tot geloof en bekering voorsien is – soos die hooghartige kettery van Pelagius dit stel – maar dit moet aan God toegeskrywe word wat ál diegene, deur Hom as sy eiendom *van ewigheid af in Christus uitverkore*[2], ook almal in die tyd met goeie gevolg roep, met die geloof en die bekering begiftig en, nadat hulle *verlos is uit die mag van die duisternis, oorbring in die ryk van sy Seun*[3], sodat hulle die *deugde sou verkondig van Hom wat hulle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig*[4] en *nie in hulself sou roem nie, maar in die Here*[5], soos die apostoliese geskrifte orals getuig.

[1]Joh. 3:27; Joh. 6:44; Joh. 15:16; Hand. 16:14; Rom. 9:16; HK vr. 65. [2]Efés. 1:4-5; Efés. 2:10; 2 Thes. 2:13. [3]Gal. 1:4; Kol. 1:13. [4]1 Petr. 2:9. [5]Jer. 9:24; Rom. 5:11; 1 Kor. 1:31; 1 Kor. 4:7; 2 Kor. 10:17; Efés. 2:8-9.

11. Verder, wanneer God hierdie welbehae in die uitverkorenes uitvoer en die ware *bekering in hulle werk*[1], dan laat Hy aan hulle nie alleen uiterlik die Evangelie verkondig en verlig Hy nie alleen hul verstand kragtig deur die Heilige Gees, sodat hulle *reg kan verstaan en onderskei die dinge van die Gees van God*[2] nie; maar Hy *dring* ook *in tot in die binneste dele van die mens met die kragtige werking van dieselfde wederbarende Gees*[3]; Hy *open die hart wat gesluit is*[4]; Hy vermurf wat hard is; Hy *besny wat onbesnede is*[5]. *In die wil stort Hy nuwe hoedanighede in*[6] en maak dat die wil wat *dood was, lewend word*[7]; wat *boos was, goed word*[8]; wat nie wou nie, nou inderdaad wil; wat wederspannig was, gehoorsaam word; Hy beweeg en versterk die wil só dat dit soos 'n *goeie boom vrugte van goeie werke kan voortbring*[9].

[1]Jer. 31:18; Hand. 5:31. [2]Joh. 14:26; 1 Kor. 2:10,14-15. [3]Eség. 36:26-27;

Eség. 37:14; Joël 2:28; Rom. 8:16; Efés. 3:16; Tit. 3:5. [4]Hand. 16:14. [5]Deut. 10:16; Deut. 30:6; Jer. 4:4. [6]Kol. 3:10. [7]Efés. 2:1; Kol. 2:13. [8]Filip. 1:6. [9]Mt. 7:18; Lk. 6:43-45.

12. Dít is die *wedergeboorte, nuwe skepping, opwekking uit die dode en lewendmaking*[1] waarvan so baie in die Skrifte gespreek word, wat God *sonder ons in ons werk*[2]. En dit word in ons *volstrek nie teweeggebring deur* middel van die uiterlike prediking alleen of deur sedelike aanprysing, of deur enige werking van sodanige aard dat dit, nadat God (vir sover dit Hom betref) sy werk volbring het, dan nog in *die mens se mag* sou lê *om wedergebore* of nie wedergebore *te word nie*[3], bekeer te word of nie bekeer te word nie. Maar dit is 'n geheel bonatuurlike, baie kragtige en tegelyk baie soete, wonderbare, verborge en onuitspreeklike werking wat – volgens die getuienis van die Skrif wat deur Hom, die oorsaak van hierdie werking ingegee is – in sy krag nie minder of geringer is as die *skepping*[4] of die *opwekking van die dode nie*[5]; sodat hulle almal in wie se harte God op hierdie wonderbaarlike wyse werk, sekerlik, onfeilbaar en effektief wedergebore word en daadwerklik glo. En dan word die wil wat nou vernuut is, nie alleen deur God gedrywe en beweeg nie, maar omdat dit deur God beweeg word, *werk dit ook self*[6]. Daarom word ook tereg gesê dat die mens, soos hy is, deur die genade wat hy ontvang het, glo en hom bekeer.

[1]Eség. 36:26; Joh. 1:13; Joh. 3:3; 2 Kor. 5:17; Efés. 2:5; Efés. 5:14; 1 Petr. 1:3; 1 Joh. 2:29; 1 Joh. 4:7. [2]Filip. 2:13. [3]1 Petr. 1:23. [4]2 Kor. 4:6; 2 Kor. 5:17. [5]Rom. 8:11; Efés. 2:1,5; Kol. 2:13. [6]Filip. 2:13.

13. Die wyse van *hierdie werking* kan die gelowiges in hierdie lewe *nie volkome begryp nie*[1]. Ondertussen is dit vir hulle 'n gerusstelling dat hulle weet en voel dat hulle deur hierdie genade van God *met die hart glo*[2] en hul Saligmaker liefhet.

[1]Deut. 29:29; Joh. 3:8; Rom. 11:33-36. [2]Rom. 10:9.

14. So is die *geloof* dan 'n *gawe van God*[1]; nie omdat dit aan die vrye wil van die mens deur God aangebied word nie, maar omdat dit die mens metterdaad meegedeel, ingegee en ingestort word. Ook

nie daarom dat God net die mag om te glo, sou gee en daarna die toestemming of die daadwerklike geloof van die vrye wil van die mens sou verwag nie; maar omdat Hy wat *werk om te wil sowel as om te werk*[2], ja alles in almal werk, in die mens teweegbring die wil om te glo en die geloof self.

[1]Lk. 17:5; Hand. 3:16; Efés. 2:8; Filip. 1:29; 2 Petr. 1:3. [2]Filip. 2:13.

15. Hierdie genade is God *aan niemand verskuldig nie*[1], want *wat sou Hy skuldig wees aan die een wat Hom nie éérs iets kan gee, sodat dit hom vergeld moet word nie?*[2] Ja, wat sou God aan hóm verskuldig wees wat van homself niks het nie as net sonde en leuens? Die een dan wat hierdie genade ontvang, hy is aan God *alleen daarvoor ewige dankbaarheid verskuldig*[3], en hy dank God ook daarvoor; die een wat hierdie genade nie ontvang nie, hy ag ook hierdie geestelike dinge geheel en al nie en behaag homself in wat sy eie is; of deur *sorgeloosheid*[4] roem hy tevergeefs daarin dat hy het, wat hy nie het nie. Verder, oor diegene wat hul geloof uiterlik bely en hul lewe verbeter, moet 'n mens volgens die voorbeeld van die apostels die beste oordeel en spreek; want die binneste van die harte is aan ons onbekend. En wat die ander betref wat nog nie geroep is nie, vir hulle moet ons *God* bid *wat die dinge wat nie is nie, roep asof hulle was*[5]; en ons moet *ons* volstrek nie *teenoor hulle verhef, asof ons onsself onderskei*[6] het nie.

[1]Rom. 9:15. [2]Job 41:2; Rom. 11:35. [3]Rom. 7:24-25; 1 Kor. 15:57; Kol. 1:12; HK vr. 2, 64, 86. [4]Jer. 7:4; Amos 6:1; 1 Thes. 5:3. [5]Rom. 4:17. [6]1 Kor. 4:7.

16. Maar die mens het deur die val nie opgehou om mens te wees nie, begaaf met verstand en wil, en die sonde wat die *hele menslike geslag deurdring*[1] het, het die natuur van die mens nie weggeneem nie, maar bederwe en geestelik *gedood*[2]. So ook werk hierdie Goddelike genade van die *wedergeboorte*[3] in die mens nie asof hulle stompe en stamme is nie; dit *vernietig die wil en sy eienskappe* nie en *dwing dit nie met geweld teen sy sin nie*[4], maar maak dit *geestelik lewend*[5], genees dit, verbeter dit en buig dit tegelykertyd sagkens en kragtig, sodat waar wederspannigheid en teenstand van die *vlees tevore volkome die oorhand gehad* het,

daar nou 'n gewillige en opregte gehoorsaamheid aan *die Gees die oorhand begin te kry*[6]. Daarin is die ware en geestelike weder-oprigting en vryheid van ons wil geleë. En as dit nie was dat die wonderbaarlike Werkmeester van al wat goed is op so 'n wyse met ons gehandel het nie, dan sou die mens glad geen hoop hê om uit die val te kan opstaan deur sy vrye wil nie, waardeur hy homself, toe hy nog gestaan het, in die verderf gestort het.

[1]Rom. 5:12. [2]Kol. 2:13; Efés. 2:1. [3]Ps. 51:12; Joh. 3:3,5; Tit. 3:5; 1 Petr. 1:3,23. [4]Filip. 2:13; 2 Tim. 2:19. [5]Efés. 2:1-5. [6]Rom. 8:1 e.v.; Kol. 1:21.

17. Die almagtige werking van God waardeur Hy hierdie *natuurlike lewe* van ons *voortbring en onderhou*, sluit nie uit nie, maar vereis *die gebruik van die middele*[1] waardeur God na sy oneindige wysheid en goedheid hierdie krag van Hom wou uitoefen. Net so sluit ook die voormelde *bonatuurlike werking* van God, *waardeur Hy ons wederbaar*, volstrek nie uit, en dit stoot volstrek nie omver die *gebruik van die Evangelie*[2] wat die alwyse God as 'n saad van die wedergeboorte en 'n spys vir die siel verordineer het nie. Die apostels en die leraars wat hulle opgevolg het, het dan ook die mense aangaande hierdie genade van God godsaliglik onderrig tot sy eer en om alle hoogmoed van die mens te onderdruk terwyl hulle intussen ook nie nagelaat het om hulle deur heilige *vermaninge uit die Evangelie* onder die *bearbeiding van die Woord*[3], van die sakramente en die kerklike tug te hou nie. So moet dan ook nou diegene wat in die gemeente onderrig gee of diegene wat onderrig ontvang, geensins so vermetel wees om God te versoek deur dié dinge te skei wat God na sy welbehae saamgevoeg wou laat bly nie. Want deur middel van die vermaninge word die genade meegedeel en hoe vaardiger ons ons amp uitoefen, des te heerliker word gewoonlik die weldaad openbaar wat God in ons werk, en sy werk vorder dan op die allerbeste manier. Aan dié God alleen kom toe, vanweë die middele sowel as vanweë die saligmakende vrug en krag daarvan, *alle heerlikheid tot in ewigheid*[4]. Amen.

[1]Jes. 55:10-11; 1 Kor. 3:6. [2]1 Kor. 4:21; 1 Petr. 1:23,25. [3]Deut. 6:5-7; Hand. 2:42; Rom. 10:8 e.v.; 1 Thes. 2:11,13; 2 Tim. 3:15-17; 2 Tim. 4:1; Hebr. 4:12 e.v. [4]Rom. 11:36; Rom. 16:27; Jud. vers 25.

# VERWERPING VAN DIE DWALINGE OMTRENT DIE LEER VAN DIE VERDORWENHEID VAN DIE MENS EN SY BEKERING TOT GOD

Aangesien hiermee die regsinnige leer verklaar is, verwerp die Sinode die dwalinge van diegene

1. wat leer: *Dat 'n mens nie eintlik kan sê dat die erfsonde op sigself genoegsaam is om die hele menslike geslag te veroordeel of om tydelike en ewige strawwe te verdien nie*.

   Want hulle weerspreek die apostel wat sê: *Deur een mens het die sonde in die wêreld ingekom, en deur die sonde die dood, en so het die dood tot alle mense deurgedring, omdat almal gesondig het* (Rom. 5:12) en: *Die oordeel was uit één tot veroordeling* (Rom. 5:16); en: *Die loon van die sonde is die dood* (Rom. 6:23);

2. wat leer: *Dat die geestelike gawes of die goeie hoedanighede en deugde soos: goedheid, heiligheid, regverdigheid, in die wil van die mens nie kon gewees het toe hy in die begin geskape is nie, en dus in die val ook nie daarvan kon geskei word nie*.

   Want dit stry teen die beskrywing van die beeld van God, wat die apostel ons voorhou (Efés. 4:24), waar hy getuig dat dit bestaan het in geregtigheid en heiligheid, wat altwee ongetwyfeld in die wil hul setel het;

3. wat leer: *Dat in die geestelike dood die geestelike gawes nie geskei is van die mens se wil nie, aangesien die wil opsigself nooit verdorwe was nie, maar net deur die duisternis van die verstand en die ongereeldheid van die geneenthede gehinder was; en dat, wanneer hierdie hindernisse weggeneem is, die wil dan weer sy vrye aangebore krag kan uitoefen, dit wil sê, allerhande goeie dinge wat hom voorgestel word, uit homself kan wil en kies, of nie wil en nie kies nie*.

Dit is 'n nuwigheid en 'n dwaling, en dit strek daartoe dat die kragte van die vrye wil verhef word, teen die uitspraak van die profeet: *Bedrieglik is die hart bo alle dinge, ja, verdorwe is dit* (Jer. 17:9), en van die apostel: *onder wie – kinders van die ongehoorsaamheid – ons almal ook vroeër gewandel het in die begeerlikhede van ons vlees toe ons die wil van die vlees en van die gedagtes gedoen het* (Efés. 2:3);

4. wat leer: *Dat die onwedergebore mens nie eintlik of heeltemal dood is in die sonde of ontbloot is van alle kragte met betrekking tot wat geestelik goed is nie; maar dat hy nog kan honger en dors na die geregtigheid en die lewe en die offer van 'n verslae en gebroke gees kan bring wat God welgevallig is*.

   Want hierdie dinge stry teen die duidelike getuienisse van die Skrif: *Julle was dood deur die misdade en die sondes* (Efés. 2:1, 5); en: *Al die versinsels wat hy bedink in sy hart is altyddeur net sleg* (Gén. 6:5; Gén. 8:21). Bowendien, honger en dors na die verlossing uit die ellende en na die lewe en die offer aan God van 'n gebroke gees, geld net van die wedergeborenes en van diegene wat salig genoem word (Ps. 51:9; Mt. 5:6);

5. wat leer: *Dat die verdorwe en natuurlike mens die algemene genade – daaronder verstaan hulle die lig van die natuur – of die gawes wat ná die val nog in die mens oorgebly het, so goed kan gebruik dat hy deur die goeie gebruik daarvan 'n meerdere, naamlik die evangeliese of saligmakende genade en die saligheid self langsamerhand en trapgewyse kan verkry. En dat God op dié wyse van sy kant Hom bereid betoon om Christus aan alle mense te openbaar, aangesien Hy die middele wat tot bekering nodig is aan almal genoegsaam en kragdadig toedien*.

   Want behalwe die ervaring van alle tye, betuig die Skrif ook dat dit vals is: *Hy maak aan Jakob sy woorde bekend, aan Israel sy insettinge en sy verordeninge. So het Hy aan geen enkele nasie gedoen nie; en sy verordeninge, dié ken hulle nie* (Ps. 147:19-20). *God het in die tye wat verby is, toegelaat dat al die nasies in hulle eie weë sou wandel* (Hand. 14:16). En: *Hulle* (naamlik Paulus en

sy reisgenote) *is deur die Heilige Gees verhinder om die woord in Asië te verkondig. En toe hulle by Mísië kom, het hulle probeer om na Bithínië te gaan, maar die Gees het hulle dit nie toegelaat nie* (Hand. 16:6-7);

6. wat leer: *Dat in die ware bekering van die mens geen nuwe hoedanighede, kragte of gawes in die wil deur God ingestort kan word nie, en dat daarom die geloof waardeur ons die eerste keer bekeer word en waarom ons gelowiges genoem word, nie is 'n hoedanigheid of gawe deur God ingestort nie, maar net 'n daad van die mens; en dat dit alleen maar 'n gawe genoem kan word ten opsigte van die mag om daartoe te kom*.

   Want daarmee weerspreek hulle die Heilige Skrif wat getuig dat God nuwe hoedanighede van die geloof, van die gehoorsaamheid en van die gevoel van sy liefde in ons harte uitstort: *Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart* (Jer. 31:33). En: *Ek sal water giet op die dorsland en strome op die droë grond; Ek sal my Gees op jou nageslag giet* (Jes. 44:3). En: *Die liefde van God is in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is* (Rom. 5:5). Dit is ook in stryd met die voortdurende gebruik van die Kerk van God wat by die profeet aldus bid: *Bekeer my, dan sal ek my bekeer* (Jer. 31:18);

7. wat leer: *Dat die genade waardeur ons tot God bekeer word, niks anders is as 'n sagte aanrading* (aanraai/aanbeveel) *nie, of – soos ander dit verklaar – dat dit die alleredelste werkwyse is in die bekering van die mens en die beste ooreenkom met die natuur van die mens, wat deur aanrading plaasvind; en dat daar niks is wat kan verhinder dat dié aanradende genade alleen nie genoegsaam sou wees om die natuurlike mens geestelik te maak nie; ja, dat God die toestemming van die wil nie anders voortbring nie as deur sodanige aanrading; en dat die krag van die Goddelike werking waardeur dit die werking van die Satan oortref, hierin bestaan, dat God ewige, maar Satan tydelike goedere belowe*.

   Want dit is suiwer Pelagiaans en in stryd met die hele Heilige Skrif, wat behalwe dít nog 'n ander en baie kragtiger en Goddeliker

manier van werking van die Heilige Gees in die bekering van die mens erken; soos by Eségiël: *Ek sal julle 'n nuwe hart gee en 'n nuwe gees in jul binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit julle vlees wegneem en julle 'n hart van vlees gee* (Eség. 36:26);

8. wat leer: *Dat God sulke kragte van sy almag in die wedergeboorte van die mens nie gebruik waardeur Hy die mens se wil kragtig en onfeilbaar sou buig tot geloof en bekering nie, maar dat as al die werkinge van die genade volbring is wat God gebruik om die mens te bekeer, die mens nogtans God en die Heilige Gees, wanneer dit die voorneme en die wil van God is om hom te wederbaar, so kan weerstaan en inderdaad ook dikwels weerstaan, dat hy sy eie wedergeboorte geheel en al verhinder; en dat dit dus in sy eie mag bly om wedergebore te word of nie*.

Want dit is niks anders nie as dat al die werksaamheid van die genade van God in ons bekering weggeneem en die werking van die almagtige God aan die wil van die mens onderwerp word. Dit gaan in teen die leer van die apostels: *Dat ons glo na die werking van die krag van sy sterkte* (Efés. 1:19). En: *Dat God alle welgevalle aan wat goed is en alle werk van die geloof in ons met krag volkome maak* (2 Thes. 1:11). En: *Dat sy goddelike krag ons alles wat tot die lewe en godsvrug dien, geskenk het* (2 Petr. 1:3);

9. wat leer: *Dat die genade en die vrye wil gedeeltelike oorsake is wat altwee saam die begin van die bekering bewerk, en dat die genade in die orde van werking nie aan die werking van die wil voorafgaan nie; dit wil sê, dat God die wil van die mens nie kragtig help tot bekering voordat die wil van die mens homself beweeg en daartoe bepaal nie*.

Want die ou kerk het hierdie leer al lankal in die Pelagiane veroordeel kragtens die woorde van die apostel: *So hang dit dan nie af van die een wat wil of van die een wat loop nie, maar van God wat barmhartig is* (Rom. 9:16). Desgelyks: *Wie trek jou voor? En wat het jy wat jy nie ontvang het nie?* (1 Kor. 4:7). En: *Dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae* (Filip. 2:13).

# VYFDE LEERSTUK

## OOR DIE VOLHARDING VAN DIE HEILIGES

1. Diegene wat God *na sy voorneme roep*[1] tot die *gemeenskap van sy Seun, onse Here Jesus Christus*[2], en *deur die Heilige Gees wederbaar*[3], hulle *verlos* Hy wel *van die heerskappy en slawerny van die sonde*[4] maar Hy verlos hulle in *hierdie lewe nie geheel en al* van die *vlees* en die *liggaam* van die *sonde*[5] nie.

[1]Rom. 8:28-30. [2]1 Kor. 1:9. [3]Joh. 3:5-6. [4]Joh. 8:34; Rom. 6:17; HK vr. 29. [5]Ps. 143:2; Rom. 7:19-26; Filip. 3:12-14; HK vr. 62,114.

2. Hieruit spruit voort die *daaglikse sonde*[1] van swakheid, en selfs aan die *allerbeste werke van die heiliges kleef daar ook vlekke*[2]. Dit gee hulle gedurigdeur rede om hulle voor God te verootmoedig, hul *toevlug tot die gekruisigde Christus te neem*[3], die *vlees* hoe langer hoe meer deur die gees van die gebed en deur heilige oefeninge van godsvrug *dood te maak*[4], en na die *eindpaal* van die *volmaaktheid*[5] onophoudelik te smag totdat hulle, ontbonde van hierdie *liggaam van die sonde*[6], met die Lam van God in die hemele *sal regeer*[7].

[1]Rom. 7:19,21; 1 Joh. 1:8,10. [2]Jes. 64:6; HK vr. 62,114. [3]Hebr. 6:18; NGb. 29, sin 6. [4]Mk. 13:3; Rom. 8:13; Efés. 6:10-18; Kol. 3:5; HK vr. 115. [5]1 Kor. 9:24-25; 2 Kor. 5:1,2; Filip. 3:12-14; Hebr. 11:15-16. [6]Rom. 6:6; Rom. 7:24; Kol. 2:11. [7]Openb. 5:6,10; Openb. 22:5.

3. Vanweë hierdie oorblyfsels van die *inwonende sonde*[1] en ook vanweë die *aanvegtinge*[2] van die wêreld en van Satan, sou die bekeerdes in dié genade *nie standvastig kan bly as hulle aan hul eie kragte oorgelaat was nie*[3]. Maar *God is getrou, wat hulle* in die genade wat aan hulle eenmaal gegee is, barmhartiglik bevestig en hulle *tot die einde toe kragtig bewaar*[4].

[1]Rom. 7:20. [2]Mt. 26:41; 1 Thes. 3:5; Jak. 1:12 e.v.; 1 Petr. 5:8; Openb. 2:10. [3]1 Kor. 10:13. [4]Jes. 43:1-8; Joh. 6:37; Joh. 10:27-28; Joh. 17:15; 1 Kor. 1:8-9; 1 Kor. 10:13; Filip. 1:6; 1 Thes. 5:23-24; 2 Thes. 3:3; 2 Tim. 2:13; 1 Petr. 1:5; 2 Petr. 2:9; HK vr. 127.

4. En alhoewel die mag van God waardeur Hy die ware gelowiges in die genade bevestig en bewaar, te groot is om deur die vlees oorwin te word, word die *bekeerdes* nogtans *nie altyd deur God so gelei en beweeg dat hulle* in sommige besondere dade, deur hul eie skuld van die leiding van die genade *nie sou kan afwyk en deur die begeerlikhede van die vlees verlei sou word en dit volg nie*[1]. Daarom moet hulle *gedurigdeur waak en bid*[2] dat hulle nie in versoeking gelei word nie. En as hulle dit nie doen nie, kan hulle nie alleen deur die *vlees, die wêreld en Satan*[3] tot sware en ook gruwelike sondes weggeruk word nie, maar word hulle ook inderdaad, deur die regverdige toelating van God, daartoe somtyds weggeruk. Soos die droewige val van *Dawid, Petrus en ander heiliges*[4] wat in die Skrif beskrywe is, bewys.

[1]1 Kor. 10:12-13; Jak. 1:12; 1 Petr. 1:6. [2]Mt. 26:41; 1 Kor. 16:13; 1 Thes. 5:6,17; 1 Petr. 5:8. [3]HK vr. 127. [4]2 Sam. 11-12; Mk. 14:30; Lk. 15:11-32; Lk. 22:54-62.

5. Met sulke growwe sondes *vertoorn hulle God*[1] ten seerste, verval hulle in doodskuld, *bedroef hulle die Heilige Gees*[2], verbreek hulle die beoefening van die geloof, kwets hulle hulle gewete uiters swaar en verloor hulle somtyds vir 'n tyd lank die gevoel van die genade; totdat, wanneer hulle deur *ernstige boetvaardigheid op die weg terugkeer*[3], die *vaderlike aangesig van God*[4] hulle opnuut toestraal.

[1]Rom. 1:18; Rom. 2:5; Efés. 2:3; Efés. 5:6. [2]Efés. 4:30. [3]Ps. 32:5; Lk. 15:11-32. [4]Núm. 6:25.

6. Want God wat *ryk is in barmhartigheid*[1], *neem* volgens die onveranderlike voorneme van die uitverkiesing *die Heilige Gees* van sy eiendom, ook selfs in hul droewige val, *nie heeltemal weg nie*[2], en Hy laat hulle *nie* só ver verval dat hulle *uit die genade* van die aanneming en uit die staat van die regverdigmaking *uitval nie*[3], of dat hulle die *sonde tot die dood of teen die Heilige Gees*[4] bedrywe en, geheel en al deur Hom verlate, hulself in die ewige verderf stort nie.

[1]Ps. 103:8; Efés. 2:4. [2]Ps. 51:13. [3]Jes. 42:3; Lk. 22:32; Joh. 10:28-29;

Joh. 17:15; 1 Joh. 5:18; 2 Petr. 2:9; Openb. 2:10. [4]Mt. 12:31-32; Hebr. 6:4-6; Hebr. 10:26; 1 Joh. 5:16.

7. Want, ten eerste, bewaar Hy nog in hulle, by so 'n val, sy *onverderflike saad waaruit hulle wedergebore is*[1], sodat dit nie vergaan of weggewerp word nie. Ten tweede, vernuwe Hy hulle sekerlik en effektief deur sy Woord en Gees tot berou, sodat hulle oor die bedrewe sondes *van harte en tot God bedroef is*[2], *vergifnis in die bloed van die Middelaar*[3] deur die geloof met 'n *gebroke hart begeer*[4] en verkry, die genade van God, wat nou met hulle *versoen*[5] is, weer gevoel, sy ontferminge weens sy trou aanbid en voortaan *hul saligheid met vrees en bewing* des te yweriger *uitwerk*[6].

[1]1 Petr. 1:23; 1 Joh. 3:9. [2]Job 42:6; 2 Kor. 7:10. [3]Rom. 5:8-9; Rom. 8:32-35; Hebr. 9:14-15. [4]Ps. 32:5; Ps. 51:19. [5]Rom. 5:10; 2 Kor. 5:19. [6]Filip. 2:12.

8. So verkry hulle dit dan nie deur hul verdienste of kragte nie, maar uit die genadige barmhartigheid van God dat hulle nie geheel en al uit die geloof en die genade uitval of ook tot die einde toe in die val bly en verlore gaan nie. Dit kon sover dit hulle aanbetref, nie alleen maklik gebeur nie, maar sou ook ongetwyfeld gebeur. Maar wat God aanbetref, kan dit glad nie gebeur nie omdat sy *raad* nie verander[1], sy *belofte* nie gebreek[2], die *roeping na sy voorneme* nie herroep[3], die *verdienste*[4], *voorbidding*[5] en *bewaring*[6] van Christus nie kragteloos gemaak en ook die *verseëling van die Heilige Gees*[7] nie verydel of vernietig kan word nie.

[1]Ps. 33:11; Hebr. 6:17. [2]Ps. 105:8; Jes. 54:10; Rom. 4:20; 2 Kor. 1:20; Hebr. 6:17. [3]Rom. 8:28,30; Rom. 11:29. [4]Rom. 8:34; Hebr. 9:12. [5]Lk. 22:32; Joh. 17:11,15,20; Rom. 8:34. [6]Joh. 10:28-29; Joh. 17:12; Rom. 5:8-9; Kol. 3:3. [7]Efés. 1:13; Efés. 4:30; NGb. 27, sin 1.

9. Van hierdie bewaring van die uitverkorenes tot die saligheid en van die volharding van die ware gelowiges in die geloof, kan die gelowiges self *verseker*[1] wees, en hulle is dit ook volgens die maat van die geloof waarmee hulle sekerlik glo dat hulle *ware en lewende lede van die Kerk is en altyd sal bly*[2], dat hulle vergifnis van die sondes en die ewige lewe het.

[1]Job 19:25; Ps. 56:5,11-12; Rom. 8:38-39; 2 Tim. 4:8,18; Hebr. 6:11-12; 2 Petr. 1:10. [2]1 Kor. 12:12 e.v.; HK vr. 54; NGb. 27.

10. Hierdie sekerheid spruit eweso nie voort uit enige besondere openbaring wat sonder of buite die Woord plaasgevind het nie, maar *uit die geloof aan die beloftes van God*[1], wat Hy in sy Woord baie oorvloedig tot ons troos geopenbaar het; uit die getuienis van *die Heilige Gees wat saam met ons gees getuig dat ons kinders en erfgename van God is*[2] (Rom. 8:16-17), en eindelik uit die *ernstige en heilige strewe na 'n goeie gewete en goeie werke*[3]. En as die uitverkorenes van God in hierdie wêreld hierdie vaste *troos dat hulle die oorwinning sal behou* en hierdie *onfeilbare pand* van die *ewige heerlikheid*[4] nie sou besit nie, dan sou hulle *van al die mense die ellendigste*[5] wees.

[1]Rom. 4:20; 2 Kor. 1:20. [2]Gal. 3:22,29; Efés. 1:13; 1 Joh. 3:1-2. [3]Rom. 2:6-7; 1 Kor. 15:58; 2 Kor. 7:1; 2 Tim. 6:18-19; Jak. 2:14,17-18,26. [4]Jes. 54:10; 1 Kor. 15; Kol. 1:4-5; 1 Tim. 4:8; Hebr. 11:13; Openb. 3:5,12,21; HK vr. 58-59. [5]1 Kor. 15:19.

11. Intussen getuig die Skrif dat die *gelowiges* in hierdie lewe *teen verskillende twyfelinge van die vlees stry* en, as hulle *in sware aanvegtinge kom*[1], nie altyd hierdie *volle sekerheid van die geloof*[2] en van die volharding gevoel nie. Maar God, die *Vader van alle vertroosting*[3], *laat nie toe dat hulle bo hul kragte versoek word nie, maar Hy sal saam met die versoeking ook die uitkoms gee* (1 Kor. 10:13), en Hy wek in hulle die *versekerdheid van die volharding*[4] deur die Heilige Gees weer op.

[1]Ps. 42:1-6; 1 Kor. 10:13; Jak. 1:2,3,12-15; 1 Petr. 1:6-7; 2 Petr. 2:9. [2]Hebr. 10:22. [3]2 Kor. 1:3. [4]Rom. 2:6-7; Rom. 8:31-39; 1 Tim. 4:16; 2 Tim. 4:17-18; Hebr. 2:18; HK vr. 86.

12. Verre daarvandaan dat hierdie versekerdheid van die volharding die ware gelowiges *hoogmoedig*[1] en vleeslik *sorgeloos*[2] sou maak, is dit inteendeel 'n ware *wortel van nederigheid, kinderlike vrees*, ware *godsaligheid, lydsaamheid* in alle stryd, *vurige gebede, standvastigheid*[3] onder die kruis en in die belydenis van die waarheid en van 'n bestendige blydskap in God. Ook is die oordenking

van hierdie weldaad vir hulle 'n prikkel tot ernstige en gedurige beoefening van dankbaarheid en goeie werke, soos uit die *getuienisse van die Skrif*[4] en die voorbeelde van die heiliges blyk.

[1]Lk. 17:10; Jak. 4:6; 1 Petr. 5:5. [2]Amos 6:1; Mt. 7:18; Joh. 15:5; Rom. 6:2; HK vr. 64. [3]Hand. 20:18-19; Rom. 6:1 e.v.; Rom. 12:1; 1 Kor. 13:1-6; 1 Kor. 15:58; Gal. 5:22; Efés. 6:18; Filip. 2:1-8; Filip. 4:4-9; Kol. 3:12; Kol. 4:2; 1 Tim. 4:7-8; 1 Tim. 6:11; Jak. 1:3-4; Jak. 5:16. [4]Ps. 116:12,17; Tit. 2:11-14; 1 Joh. 3:3.

13. En wanneer die vertroue van die volharding weer lewend word in diegene wat uit die val weer opgerig word, bring dit in hulle *geen ligsinnigheid* of *veronagsaming van die godsaligheid*[1] voort nie, maar 'n baie groter sorg om die *weë van die Here vlytig in ag te neem*[2] wat *vantevore berei is,* sodat hulle, *deur daarin te wandel*[3], die versekerdheid van hul volharding behou en die *aangesig van die versoende God* – waarvan die aanskouing vir die godvrugtige *soeter is as die lewe*[4] en waarvan die *verberging bitterder is as die dood*[5] – vanweë die misbruik van sy vaderlike goedertierenheid nie weer van hulle afgewend word en hulle so in swaarder kwellinge van die gemoed verval nie.

[1]2 Kor. 7:9-11. [2]Ps. 19:14,27,30,33,37; Ps. 139:23-24; Spr. 10:29; Efés. 4:22-24; Efés. 5:1; Hebr. 10:19-20; Jak. 4:7; 1 Petr. 2:1-2. [3]Efés. 2:10; 1 Tim. 6:12. [4]Núm. 6:25-26; Ps. 4:7; Ps. 17:15; Ps. 22:25. [5]Job 13:24; Ps. 27:9; Ps. 30:8; Ps. 44:25; Ps. 69:18; Jes. 54:7-8; Jes. 64:7; Klaagl. 3:44.

14. Soos dit God dan behaag het om hierdie Goddelike *genadewerk deur middel van die Evangelieverkondiging in ons te begin*[1], so bewaar, agtervolg en volbring Hy dit deur die *aanhoor*, die *lees* en die *oordenking* daarvan, asook deur *vermaninge, bedreiginge, beloftes*[2] en deur die *gebruik van die sakramente*[3].

[1]Hand. 2:39-42; Hand. 10:34-48; Hand. 16:14; Hand. 17:11-12; Rom. 10:14; 1 Kor. 15:11; 2 Thes. 2:14. [2]1 Tim. 4:13; 2 Tim. 3:14,16; 2 Tim. 4:2; Hebr. 4:12; Openb. 22:18. [3]Hand. 2:41-42; Hand. 8:36-38; Hand. 10:47-48; 1 Kor. 11:20,23-29; HK vr. 65-82.

15. Hierdie leer van die *volharding van die ware gelowiges* en heiliges, en van die versekerdheid van dié volharding wat God tot eer van sy

Naam en tot *troos van godvrugtige siele*[1] in sy Woord oorvloedig geopenbaar het en in die harte van die gelowiges inprent, word wel deur die vlees *nie begryp*[2] nie, en *deur Satan gehaat*[3], deur die *wêreld bespot*[4], deur die *onervarenes en huigelaars misbruik*[5] en deur die *dwaalgeeste bestry*[6]; maar die *Bruid van Christus*[7] het dit altyd as 'n *skat van onwaardeerbare prys baie teer bemin*[8] en standvastig verdedig. En dat sy dit ook voortaan kan doen, daarvoor sal God sorg, *teen Wie geen raad enige krag kan besit of enige geweld iets kan vermag nie*[9]. Aan dié enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, kom toe eer en heerlikheid in ewigheid. Amen.

[1]Openb. 13:8. [2]Deut. 29:29; Rom. 11:33-36. [3]Openb. 13:11-14. [4]Hand. 17:32. [5]Mt. 22:29. [6]2 Tim. 2:18; 1 Joh. 4:1,6. [7]2 Kor. 11:2; Efés. 5:32; Openb. 19:7; Openb. 22:17. [8]Ps. 19:10-14; Joh. 15:15; Rom. 15:4. [9]Ps. 33:10-11.

## VERWERPING VAN DIE DWALINGE OMTRENT DIE LEER VAN DIE VOLHARDING VAN DIE HEILIGES

Aangesien hiermee die regsinnige leer verklaar is, verwerp die Sinode die dwalinge van diegene

1. wat leer: *Dat die volharding van die ware gelowiges nie 'n vrug van die uitverkiesing of 'n gawe van God is wat deur die dood van Christus verwerf is nie, maar 'n voorwaarde van die nuwe verbond wat die mens, voor sy beslissende* – soos hulle sê – *uitverkiesing en regverdigmaking deur sy vrye wil moet volbring*.

   Want die Heilige Skrif getuig dat die volharding uit die uitverkiesing volg en deur die krag van die dood, die opstanding en die voorbidding van Christus aan die uitverkorenes gegee word: *Die uitverkorenes het dit verkry en die ander is verhard* (Rom. 11:7). Desgelyks ook: *Wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het, hoe sal Hy ons nie saam met Hom alles genadiglik skenk nie? Wie sal beskuldiging inbring teen die uitverkorenes van God? God is dit wat regverdig maak. Wie is dit wat veroordeel? Christus is dit wat gesterf het, ja, meer nog,*

*wat ook opgewek is, wat ook aan die regterhand van God is, wat ook vir ons intree. Wie sal ons skei van die liefde van Christus?* (Rom. 8:32-35);

2. wat leer: *Dat God die gelowige mens wel voorsien van genoegsame kragte om te volhard en bereid is om dit in hom te bewaar as hy sy plig doen. Maar al is ook al die dinge in die werk gestel, wat nodig is om in die geloof te volhard en wat God wil gebruik om die geloof te bewaar, dat dit dan nog altyd van die goedvinde van die wil afhang of hy sal volhard of nie sal volhard nie*.

   Want hierdie gevoele bevat duidelik 'n Pelagianisme; en terwyl dit die mense vry wil maak, maak dit van hulle rowers van die eer van God; teen die voortdurende ooreenstemming van die evangeliese leer wat die mens alle stof tot roem ontneem en die lof van hierdie weldaad aan die genade van God alleen toeskrywe; en teen die apostel wat getuig: *Dat dit God is wat ons ook sal bevestig tot die einde toe om in die dag van onse Here Jesus Christus onberispelik te wees* (1 Kor. 1:8);

3. wat leer: *Dat die ware gelowiges en wedergeborenes nie alleen uit die regverdigmakende geloof, en ook uit die genade en die saligheid geheel en al en tot die end toe kan uitval nie, maar ook dikwels inderdaad daar uitval en vir ewig verlore gaan*.

   Want hierdie mening maak juis die genade van die regverdigmaking en wedergeboorte, en voortdurende bewaring van Christus kragteloos; teen die uitdruklike woorde van die apostel Paulus: *... dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was. Veel meer dan sal ons, nou dat ons geregverdig is in sy bloed, deur Hom gered word van die toorn* (Rom. 5:8-9). En teen die apostel Johannes: *Elkeen wat uit God gebore is, doen geen sonde nie, omdat sy saad in hom bly; en hy kan nie sondig nie, want hy is uit God gebore* (1 Joh. 3:9). En ook teen die woorde van Jesus Christus: *Ek gee my skape die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie. My Vader wat hulle aan My gegee het, is groter as almal; en niemand kan hulle uit die hand van my Vader ruk nie* (Joh. 10:28-29);

4. wat leer: *Dat die ware gelowiges en wedergeborenes die sonde tot die dood of teen die Heilige Gees kan begaan*.

Omdat dieselfde apostel Johannes nadat hy in die vyfde hoofstuk van sy eerste sendbrief vers 16 en 17, gespreek het oor diegene wat tot die dood sondig, en verbied het om vir hulle te bid, dadelik in vers 18 daarby voeg: *Ons weet dat elkeen wat uit God gebore is, nie sondig* (naamlik met daardie soort sonde) *nie; maar hy wat uit God gebore is, bewaar homself, en die Bose het geen vat op hom nie* (1 Joh. 5:18);

5. wat leer: *Dat 'n mens geen sekerheid van die toekomstige volharding in hierdie lewe kan hê sonder 'n besondere openbaring nie*.

Want deur hierdie leer word die vaste troos van die ware gelowiges in hierdie lewe weggeneem en die twyfel van die pousgesindes in die kerk weer ingevoer; terwyl die Heilige Skrif hierdie sekerheid orals aflei nie uit 'n besondere en buitengewone openbaring nie, maar uit die eiendomlike kentekens van die kinders van God en uit die altyd standhoudende beloftes van God. Veral kom dit voor by die apostel Paulus: *Geen skepsel sal ons kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus onse Here is nie* (Rom. 8:39). En by Johannes: *Hy wat sy gebooie bewaar, bly in Hom, en Hy in hom; en hieraan weet ons dat Hy in ons bly; aan die Gees wat Hy ons gegee het* (1 Joh. 3:24);

6. wat leer: *Dat die leer van die versekerdheid van die volharding en van die saligheid uit sy eie aard en natuur 'n oorkussing van die vlees is en vir die godsvrug, goeie sedes, gebede en ander heilige oefeninge skadelik is; maar dat dit daarenteen prysenswaardig is om daaraan te twyfel*.

Want diegene toon dat hulle die krag van die Goddelike genade en die werking van die inwonende Heilige Gees nie ken nie. En hulle weerspreek die apostel Johannes wat die teendeel met uitdruklike woorde in sy eerste sendbrief leer: *Geliefdes, nou is ons kinders van God, en dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie; maar ons weet dat ons, as Hy verskyn, aan Hom gelyk sal wees, omdat*

*ons Hom sal sien soos Hy is. En elkeen wat hierdie hoop op Hom het, reinig homself soos Hy rein is* (1 Joh. 3:2-3). Bowendien word hulle weerlê deur die voorbeelde van die heiliges van die Ou sowel as van die Nuwe Testament, wat, alhoewel hulle van hul volharding en saligheid seker was, nogtans in die gebede en ander oefeninge van die godsaligheid volhard het;

7. wat leer: *Dat die geloof van diegene wat maar vir 'n tyd glo, van die regverdigmakende en saligmakende geloof net verskil in duursaamheid*.

   Want Christus stel in Matthéüs 13:20 en Lukas 8:13 en volgende verse klaarblyklik daarnaas nog 'n drieledige onderskeid vas tussen diegene wat maar vir 'n tyd glo en die ware gelowiges, as Hy sê dat eersgenoemdes die saad ontvang op die rotsagtige grond, maar die ware gelowiges in goeie grond of goeie harte; dat eersgenoemdes sonder wortel is, maar die ware gelowiges 'n vaste wortel het; dat eersgenoemdes sonder vrugte is, maar die ware gelowiges hul vrug in verskillende mate met standvastigheid of volharding voortbring;

8. wat leer: *Dat dit nie ongerymd is nie dat die mens, as hy sy eerste wedergeboorte verloor het, weer opnuut, ja, baie maal wedergebore word*.

   Want hulle loën deur hierdie leer die onverderflikheid van die saad van God waardeur ons wedergebore word, teen die getuienis van die apostel Petrus: *Julle wat wedergebore is nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike* (1 Petr. 1:23);

9. wat leer: *Dat Christus nêrens gebid het dat die gelowiges in die geloof onfeilbaar sal volhard nie*.

   Want hulle weerspreek Christus self wat vir Petrus sê: *Ek het vir jou gebid, dat jou geloof nie ophou nie* (Lk. 22:32), en die evangelis Johannes wat getuig dat Christus nie alleen vir die apostels nie, maar ook vir almal wat deur hul woord sou glo, gebid het: *Heilige Vader, bewaar hulle in u Naam;* en: *Ek bid nie dat U hulle uit die wêreld moet wegneem nie, maar dat U hulle van die Bose bewaar* (Joh. 17:11,15,20).

# BESLUIT

**Nadat die Sinode van Dordrecht (1618-1619) hierdie belydenisskrif aanvaar het, is daarby soos volg besluit:**

Die voorgaande is dan die duidelike, eenvoudige en openhartige verklaring van die regsinnige leer aangaande die Vyf Artikels waaroor in Nederland verskil van mening is. Tegelykertyd is dit die verwerping van die dwalings waardeur die Nederlandse kerke 'n tyd lank in beroering was. Die Sinode oordeel dat hierdie uiteensetting en verwerping uit die Woord van God geneem is en met die belydenisse van die Gereformeerde kerke ooreenstem. Hieruit blyk dit duidelik dat mense vir wie dit allermins betaamlik was, in stryd met alle waarheid, eerlikheid en liefde die volk die volgende wou wysmaak:

- dat hierdie leer 'n oorkussing van die duiwel en die sondige natuur en 'n vesting van die Satan is, waaruit hy vir alle mense hinderlae opstel, die meeste verwond en baie met pyle óf van wanhoop óf van sorgeloosheid dodelik tref;

- dat hierdie leer God tot outeur van die sonde, 'n onregverdige, 'n tiran en 'n huigelaar maak en dat dit niks as die herleefde leer van die Stoïsyne, Manicheërs, Libertyne en Moslems is nie;

- dat hierdie leer die mense sorgeloos maak en dat hulle hul daardeur verbeel dat, op watter wyse hulle ook al leef, dit nie die saligheid van die uitverkorenes verhinder nie en dat hulle gevolglik sonder kommer allerhande afskuwelike sondes kan doen;

- dat dit die verworpenes nie tot saligheid strek nie, selfs al sou hulle inderdaad ook al die werke van die gelowiges verrig;

- dat volgens hierdie leer God enkel en alleen deur sy wilsbesluit en sonder oorweging of inagneming van enige sonde van enigiemand die grootste deel van die wêreld vir die ewige verderf voorbeskik en geskep het;

- dat net soos die verkiesing die fontein en oorsaak van die geloof en van die goeie werke is, die verwerping ook so die oorsaak van die ongeloof en goddeloosheid is;

- dat baie onskuldige kinders van gelowiges van die moederbors weggeruk en op wreedaardige wyse in die hel gegooi word, sonder dat die bloed van Christus of hulle doop of die gebede van die kerk by hulle doop, vir hulle tot voordeel kan wees.

En watter baie ander soortgelyke bewerings is daar nie wat die Gereformeerde kerke nie alleen nie aanvaar nie, maar ook van ganser harte verfoei!

Daarom doen hierdie Sinode van Dordrecht in die Naam van die Here 'n beroep op almal wat die Naam van ons Verlosser Jesus Christus gelowig aanroep, om die geloof van die Gereformeerde kerke nie te beoordeel op grond van hier en daar saamgeroepte lasteringe of op grond van persoonlike uitsprake van verskeie ouer of jonger leraars nie. Hierdie uitsprake word dikwels slegs met kwade bedoelings aangehaal of vermink en tot 'n verkeerde betekenis verdraai. Hulle moet eerder op grond van die openbare belydenisse van genoemde Gereformeerde kerke oordeel en op grond van hierdie uiteensetting van die regsinnige leer wat met algemene instemming van almal saam en van elke lid van die hele Sinode afsonderlik vasgestel word.

Vervolgens vermaan die Sinode hierdie lasteraars ernstig dat hulle moet besef watter swaar oordeel van God hulle oor hulleself bring as hulle teen soveel kerke en teen die belydenisse van soveel kerke valse getuienis gee, die gewetens van die swakkeres in beroering bring en naarstiglik streef om by baie mense die gemeenskap van die ware gelowiges verdag te maak.

Ten slotte doen die Sinode 'n beroep op alle mededienaars in die Evangelie van Christus om hulle in die behandeling van hierdie leer in die skole en in die kerke vroom en gelowig te gedra. Hulle moet hierdie leer sowel mondeling as skriftelik tot eer van die Naam van God, tot heiligmaking van die lewe en tot troos van die verslae harte uitlê. Hulle moet in ooreenstemming met die Skrif nie alleen na die reël van die geloof

dink nie, maar ook praat. Eindelik moet hulle hulle weerhou van alle uitsprake wat die voorgeskrewe perke van die ware strekking van die Heilige Skrif oorskry. Sulke uitsprake kan aan die skaamtelose dwaalleraars 'n gegronde rede gee om die leer van die Gereformeerde kerke sleg te maak of te belaster.

Mag die Seun van God, Jesus Christus, wat aan die regterhand van die Vader sit en aan die mense gawes gee, ons in die waarheid heilig. Mag Hy hulle wat dwaal, tot die waarheid lei en die lasteraars van die gesonde leer die mond snoer. Mag Hy die getroue dienaars van sy Woord die Gees van wysheid en onderskeiding gee, sodat al hulle uitsprake tot eer van God en tot opbouing van die hoorders mag strek.